

**DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE MOLESTERING EN DIE
INTIMITEITSVERHOUDING BINNE DIE HUWELIK**

deur

SANMARIE LOTTER

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER ARTIUM IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE

in die vak

MAATSKAPLIKE WERK

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIE LEIER: DR G M SPIES

MAART 2004

OPGEDRA AAN

MY OUERS,

JOHAN LOTTER(1938-1990)

EN

JOHANNA LOTTER(1946-1986)

EN

MY "TWEEDE MA"

MARY VAN DER WALT (1940-1998)

BEDANKINGS:

- Ek wil graag my Hemelse Vader bedank vir geduld en begrip wat Hy aan my gegee het om met hierdie sensitiewe onderwerp te kan werk.

Ek wil ook graag die volgende persone bedank:

- My studieleier, mentor en vriendin, Dr. Vollie Spies, vir haar kennis en geleenthede wat sy deur die jare met my gedeel het en dat sy my kon leer om sonder vooroordele na mense te kyk.
- Will van der Merwe vir sy tyd en hulp met die uitleg van hierdie studie, selfs in tye wat hy sy eie studies opsy moes skuif daarvoor. Ook vir Marco du Plooy wat vir lang tye sy kantoor beskikbaar gestel het.
- Vicki van der Westhuizen vir die taalkundige versorging.
- My respondentie vir hulle openheid om met my te praat oor baie sensitiewe aspekte van hulle lewens. Ek wil ook hulle huweliksmaats bedank wat hulle toegelaat het om met my te praat oor intieme aangeleenthede in hulle huwelike. Ek is dankbaar vir alles wat ek by hulle kon leer.
- Aan al my vriende wat my deurlopend bygestaan en ondersteun het, veral wanneer ek moedeloos geraak het, dankie vir al julle liefde.

SUMMARY

THE RELATION BEWEEEN SEXUAL ABUSE AND INTIMACY IN MARRIAGE

BY: S. LOTTER
STUDY LEADER: DR. G.M. SPIES
DEPARTMENT: SOCIAL WORK
DEGREE: MASTER OF ARTS (SOCIAL WORK)

Statistics for sexually abused children are high. When children do not receive therapy, they may develop marital problems later in life.

Survivors of sexual abuse have difficulty letting other people come close to them. Because emotional and sexual intimacy is important components of a marital relationship, survivors of sexual abuse experience conflict within their marriages. Intimacy in the marital relationship reminds them of the abuse situation and they would try to escape from it. If couples do not go through therapeutic intervention, they would have difficulty understanding the changes in their relationship after the marriage. Within a therapeutic environment partners are able to recognise the effects of abuse and are able to learn how to handle it in order to achieve a successful marriage.

The changes in intimacy levels after marriage will be investigated in this study. The study will make recommendations towards professional principles for social workers in practice.

KEY PHRASES: sexual abuse, marriage, intimacy, therapeutical intervention, couple, communication, conflict, relationship, sexuality, divorce.

OPSOMMING

DIE VERBAND TUSSEN SEKSUELE MOLESTERING EN DIE INTIMITEITSVERHOUDING BINNE DIE HUWELIK

DEUR: S. LOTTER

STUDIELEIER: DR. G.M. SPIES

DEPARTEMENT: MAATSKAPLIKE WERK

GRAAD: MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK)

Die voorkoms van seksuele kindermolestering in Suid-Afrika is skrikwekkend hoog. Hierdie molestering word dikwels nie op 'n jong ouerdom aangespreek nie en daarom ontwikkel huwelikskonflik dikwels later in die lewens van slagoffers van hierdie molestering.

Persone wat as kinders seksueel gemolesteer is, ervaar probleme om ander persone naby hulle toe te laat. Aangesien emosionele en seksuele intimiteit 'n noodsaklike komponent binne 'n huwelik is, ervaar volwassenes wat as kinders seksueel gemolesteer is, dikwels konflik binne die huweliksverhouding. Die intimiteit binne 'n huwelik herinner 'n persoon aan die molesteringsproses en hulle sal poog om daaruit te ontsnap. Huweliksmaats sal waarskynlik nie die verandering in die verhouding na huweliksluiting verstaan nie, tensy die egpaar by 'n terapeutiese proses betrokke raak. Binne 'n terapeutiese situasie kan egliede ontdek wat die skade van die seksuele kindermolestering is en hoe hulle kan leer om dit te hanteer om sodoende 'n meer effektiewe huweliksverhouding te ontwikkel.

Die verandering in egpare se intimiteitsverhouding na huweliksluiting word in hierie studie ondersoek. Die studie beoog om aanbevelings te maak met betrekking tot professionele en praktykbeginsels vir die maatskaplike werker wat as terapeut betrokke is by egpare waar een of albei van hulle as kinders seksueel gemolesteer is.

SLEUTELTERME: seksuele kindermolestering, huwelik, intimiteit, terapeutiese hulpverlening, egpaar, kommunikasie, konflik, verhouding, seksualiteit, egskeiding.

INHOUDSOPGawe

HOOFSTUK 1: INLEIDEND TOT DIE NAVORSINGSPROSES 1

<u>1.1</u>	<u>INLEIDING</u>	1
<u>1.2</u>	<u>MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN ONDERWERP</u>	1
<u>1.3</u>	<u>PROBLEEMSTELLING</u>	2
<u>1.4</u>	<u>DOELSTELLING EN DOELWITTE</u>	4
<u>1.5</u>	<u>NAVORSINGSVRAAG VAN STUDIE</u>	5
<u>1.6</u>	<u>NAVORSINGSBENADERING</u>	5
<u>1.7</u>	<u>TIPE NAVORSING</u>	5
<u>1.8</u>	<u>NAVORSINGSONTWERP</u>	6
<u>1.9</u>	<u>NAVORSINGSPROSEDURE EN STRATEGIE</u>	7
<u>1.9.1</u>	<u>DATAVERSAMELING</u>	7
<u>1.9.2</u>	<u>DATA-ANALISE</u>	9
<u>1.10</u>	<u>OORSIG EN UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE</u>	10
<u>1.11</u>	<u>OMSKRYWING VAN NAVORSINGSPOPULASIE</u>	10
<u>1.12</u>	<u>ETIESE ASPEKTE</u>	10
<u>1.13</u>	<u>DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE</u>	11
<u>1.14</u>	<u>AANBIEDING VAN INHOUD</u>	16

HOOFSTUK 2: DIE HUWELIK EN INTIMITEIT AS KOMPONENT VAN DIE

HUWELIK 17

<u>2.1</u>	<u>INLEIDING</u>	17
<u>2.2</u>	<u>DIE HUWELIK</u>	17
<u>2.2.1</u>	<u>DEFINIëRING VAN DIE HUWELIK AS SISTEEM</u>	18
<u>2.2.2</u>	<u>PERSEPSIES VAN DIE HUWELIK IN DIE HEDENDAAGSE KONTEKS</u>	19
<u>2.2.3</u>	<u>DIE VERSKILLEnde ALTERNATIEWE VIR VERHOUDINGSMAATS</u>	21
<u>2.2.3.1</u>	<u>SAAMLEEFVERHOUDING</u>	22
<u>2.2.3.2</u>	<u>DIE HUWELIK</u>	24
<u>2.2.4</u>	<u>KOMPONENTE BINNE DIE HUWELIK</u>	26
<u>2.2.4.1</u>	<u>KOMMUNIKASIE</u>	26
<u>2.2.4.2</u>	<u>KONFLIK</u>	34

<u>2.2.4.3 INTIMITEIT</u>	39
<u>2.3 SAMEVATTING</u>	57
HOOFSTUK 3: SEKSUELE MOLESTERING	58
<u>3.1 INLEIDING</u>	58
<u>3.2 AGTERGROND TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE MOLESTERING</u>	58
<u>3.2.1 DEFINIËRING VAN SEKSUELE MOLESTERING</u>	58
<u>3.2.2 VERSKILLENDÉ VORME VAN MOLESTERING</u>	60
<u>3.2.2.1 VERKRAGTING</u>	61
<u>3.2.2.2 SODOMIE</u>	62
<u>3.2.2.3 ONSEDELIKE AANRANDING</u>	63
<u>3.2.2.4 BLOEDSKANDE</u>	66
<u>3.2.2.5 KINDERPROSTITUSIE</u>	67
<u>3.2.2.6 PORNOGRAFIE</u>	69
<u>3.2.3 STATISTIEK TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE MOLESTERING</u>	71
<u>3.3 DIE EFFEKT VAN SEKSUELE MOLESTERING OP DIE LEWE VAN DIE VOLWASSE PERSOON</u>	73
<u>3.3.1 GEBREK AAN SELFAANVAARDING</u>	73
<u>3.3.1.1 DIE KIND HET GEEN WAARDE NIE</u>	74
<u>3.3.1.2 DIE SLAGOFFER DIE MOLESTERING GENIET HET</u>	75
<u>3.3.1.3 DIE SLAGOFFER VERANTWOORDELIJK WAS VIR DIE MOLESTERING</u>	75
<u>3.3.1.4 GEVOELENS RONDOM DIE SEKSUELE SELF</u>	76
<u>3.3.2 WOEDE</u>	76
<u>3.3.3 SELFBESERINGS</u>	78
<u>3.3.4 DEPRESSIE</u>	79
<u>3.3.5 EETVERSTEURINGS</u>	80
<u>3.3.6 SLAAPVERSTEURINGS</u>	84
<u>3.3.7 ALKOHOL- EN DWELMAFHANKLIKHEID</u>	84
<u>3.3.8 DISSOSIASIE</u>	85
<u>3.3.9 GEESTESONGESTELDHEID</u>	87
<u>3.3.10 WANTROUWE</u>	87
<u>3.3.11 ANGSAANVALLE</u>	88
<u>3.3.12 TERUGFLITSE ("FLASHBACKS")</u>	90

<u>3.3.13 SELFMOORDPOGINGS</u>	90
<u>3.3.14 SEKSUALITEIT</u>	91
<u>3.3.15 INTIMITEIT</u>	94
<u>3.3.16 GRENSE</u>	96
<u>3.4 SAMEVATTING</u>	97
<u>HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK</u>	98
<u>4.1 INLEIDING</u>	98
<u>4.2 PROSEDURES TYDENS EMPIRIESE ONDERSOEK</u>	98
<u>4.2.1 WERWING EN SELEKTERING VAN RESPONDENTE</u>	98
<u>4.2.2 ONDERHOUDE</u>	99
<u>4.3 BESPREKING VAN EMPIRIESE GEGEWENS</u>	100
<u>4.4 INTERPRETASIE VAN EMPIRIESE DATA</u>	110
<u>4.4.1 HUIDIGE OMSTANDIGHEDE VAN RESPONDENTE</u>	111
<u>4.4.2 DIE MOLESTERINGSPROSES</u>	112
<u>4.4.3 AARD VAN INTIMITEIT VOOR HUWELIKSLUITING</u>	112
<u>4.4.4 AARD VAN INTIMITEIT NA HUWELIKSLUITING</u>	114
<u>4.4.5 DIE EFFEK VAN DIE MOLESTERINGSPROSSES OP DIE INTIMITETSVERHOUDING TUSSEN HUWELIKSMAATS</u>	115
<u>4.4.6 TERAPEUTIESE HULPVERLENING</u>	118
<u>4.5 SAMEVATTING</u>	119
<u>HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</u>	121
<u>5.1 INLEIDING</u>	121
<u>5.2 GEVOLGTREKKINGS</u>	122
<u>5.2.1 LITERATUROORSIG</u>	122
<u>5.2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK</u>	123
<u>5.3 AANBEVELINGS</u>	125
<u>5.3.1 VERDERE NAVORSING</u>	125
<u>5.3.2 TERAPEUTIESE BEHANDELING</u>	126
<u>5.3.3 OPLEIDING</u>	127
<u>BRONNELYS</u>	128

LYS VAN TABELLE

<u>TABEL 1</u>	101
<u>TABEL 2</u>	102
<u>TABEL 3</u>	103
<u>TABEL 4</u>	104
<u>TABEL 5</u>	105
<u>TABEL 6</u>	106
<u>TABEL 7</u>	107
<u>TABEL 8</u>	108
<u>TABEL 9</u>	109
<u>TABEL 10</u>	110
 APPENDIX 1.....	134

HOOFSTUK 1: INLEIDEND TOT DIE NAVORSINGSPROSES

1.1 INLEIDING

Die gemeenskap raak daagliks meer bewus van seksuele kindermolestering as verskynsel. Navorser is van mening dat die verskynsel reeds jare lank bestaan en dat die media deur middel van die verslaggewing van sake, 'n groot bydra lewer tot die bewusmaking van die trauma wat dit vir die gemeenskap skep. Hulpbronne vir slagoffers en oortreders het meer toeganklik geword en kinders word meer aangemoedig om seksuele molestering aan te meld.

Alhoewel die gemeenskap tans meer bewus is van die voorkoms van seksuele molestering, word die effek wat dit op 'n persoon se totale lewe het, steeds onderskat. Die leke persoon in die gemeenskap sal byvoorbeeld nie weet wat die traumatiese effek van seksuele molestering gedurende 'n persoon se kinderjare op 'n slagoffer se huwelikslewe kan uitoefen nie. Mense aanvaar dat indien molestering in die kinderjare plaasgevind het, die kind met sy of haar lewe kan aangaan deur net daarvan te vergeet. Die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika is vermoedelik ook die gevolg van probleme wat egliese as gevolg van seksuele molestering in een of albei van hulle kinderjare, ervaar het. Indien dit so is, kan 'n groot persentasie egskeidings voorkom word indien hierdie probleme vroegtydig aangespreek word.

Hierdie studie sal veral fokus op die moontlike effek wat seksuele kindermolestering het op die intimiteitsverhouding van egliese binne die houweliksverhouding.

1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN ONDERWERP

Gedurende navorser se maatskaplikewerkloopbaan, het sy met veral gesinne gewerk waarbinne probleme soos onder andere huwelikskonflik, kinderverwaarloosig, -mishandeling en -molestering voorgekom het. 'n Groot hoeveelheid van hierdie gesinne se kinders was ook uit die ouers se sorg verwyder

en in substituutsorg geplaas. Van hierdie kinders is nooit in ouerlike sorg herstel nie, weens ouers wat belangstelling verloor het of ouers wat blyk nie oor die vermoëns beskik om suksesvol as ouers op te tree nie. As gevolg van hoë gevallenladings en 'n tekort aan personeel, het hierdie gesinne dikwels nie effektiewe leiding of ondersteuning gekry om die werklike oorsprong van hulle onvermoë te ontdek, deur te werk en hulle volle potensiaal as ouers te bereik nie.

Navorser het self in die praktyk frustrasie ervaar rondom die hoë hoeveelhede van statutêre werk en die relatief lae hoeveelhede van terugplasings van kinders in die gesin. Wanneer kinders in substituutsorg geplaas is, is slegs die krisis meestal hanteer en dikwels is daar nie verder intensieve terapie met die ouers gedoen nie. Nadat navorser bewus geraak het van die leemte om terapeuties intensief met hierdie gesinne te werk en kortkursusse begin bywoon het rondom die verskynsel van seksuele molestering, het sy meer sensitief na kliënte begin luister en waarneem. Dit het duidelik geword dat groot hoeveelhede van ouers wie se kinders in substituutsorg geplaas is, self as kinders seksueel gemolesteer is. Hierdie ouers ondervind probleme om suksesvol in hulle huwelike te funksioneer en om ouerskapsvaardighede suksesvol toe te pas. Die verwydering van kinders uit hul sorg, skep soms selfs vir die ouers verligting, aangesien hulle nie die verantwoordelikhede van ouerskap kan hanteer nie. Die noodsaaklikheid van intensieve terapie met hierdie ouers ten einde hulle eie trauma te verwerk, het vir die navorser al hoe duideliker geword. Aangesien navorser bewus was van haar eie onvermoë, het dit vir haar belangrik geword om verdere navorsing te doen in 'n poging om die kliënte so suksesvol as moontlik te kan help. Navorser wou nie slegs kinders teen ontoereikende ouers beskerm nie, maar eerder die hele gesin help om saam hullelyn te verwerk en meer effektief te funksioneer.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Seksuele molestering is 'n al hoe meer bekende verskynsel waarmee die maatskaplike werkprofessie gekonfronteer word. Die wyse waarop seksuele molestering die volwasse persoon se lewe beïnvloed, is nie altyd duidelik identifiseerbaar nie. Terapeute is dus wel bewus van die feit dat seksuele

molestering 'n invloed op 'n persoon se lewe het, maar is nie altyd in staat om tydens die terapeutiese proses die effek wat dit op die slagoffer se lewe mag hê, te identifiseer en die persoon daarvolgens te behandel nie.

Die eerste studie in Suid-Afrika rakende die volwasse slagoffer van seksuele molestering, is in 1996 deur Spies (deur middel van 'n doktorale studie) voltooi. Die studie het 'n breeë oorsig oor die probleem gebied en verskeie aspekte is uitgelig. Dit het onder andere aangedui dat seksuele molestering as kind die intimiteitsverhouding van die volwasse persoon nadelig kan beïnvloed. Die vraag is egter steeds tot watter mate die lewe van beide egliese tydens die hofmaakperiode en die onmiddelike tydperk na die huweliksluiting beïnvloed word deur die feit dat een of beide van die egliese as kind seksueel gemolesteer is. Die spesifieke effek wat die molestering op die intimiteitsverhouding binne die verhouding kan hê, is dus nog nie duidelik genoeg nagevors en beskryf nie. Dit is dus noodsaaklik om verder die wyse waarop die slagoffer daarin slaag om binne die intimiteitsverhouding met die trauma van die molestering te oorleef, te eksplorieer.

In hierdie navorsingsproses gaan spesifiek gefokus word op:

- die kwaliteit van intimiteit tydens die hofmaakproses wat die huweliksluiting voorafgaan
- die aanpassing van beide egliese binne die intimiteitsverhouding direk na huweliksluiting
- die wyse waarop seksuele kindermolestering die intimiteitsverhouding van huweliksmaats kan beïnvloed
- die effek wat terapeutiese behandeling op die intimiteitsverhouding binne die huwelik van die volwasse slagoffer van molestering kan hê.

Navorser ervaar dat sekere persone binne die helpende professie onsekerheid ervaar met betrekking tot seksuele molestering en meer spesifiek die behandeling van die volwasse persoon wat as kind gemolesteer is. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die feit dat die maatskaplike werker op voorgraadsevlak nie

opleiding in hierdie verskynsel ontvang nie en dit dus moeilik sal vind om ‘n hipotese tydens terapeutiese behandeling te formuleer wat daarop dui dat ‘n verhoudingsmaat moontlik as kind gemolesteer is. Dit impliseer verder dat die effek van die seksuele molestering in praktyk geïgnoreer kan word en die kliënt dus nie gehelp word om saam met die terapeut die mate waartoe die trauma sy of haar lewe beïnvloed het, te ontdek nie. Die doel van hierdie studie is dus om die nadelige effek wat seksuele kindermolestering op die intimiteitsverhouding van verhoudingsmaats kan hê, te eksplorieer, asook om te kyk of die kwaliteit daarvan deur terapeutiese behandeling verhoog kan word.

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

- **Doelstelling**

In hierdie studie kan die doelstelling as volg geformuleer word:

- om die effek wat seksuele kindermolestering op die intimiteitsverhouding van egliese binne die huwelik kan uitoefen, te eksplorieer.

- **Doelwitte**

De Vos (1998:7) kom tot die gevolgtrekking dat navorsingsdoelwitte geformuleer kan word as “...the steps one has to take, one by one, realistically at grass-roots level, within a certain time-span, in order to attain the dream”. Die volgende doelwitte word in hierdie studie beskryf:

- om deur middel van ‘n literatuurstudie die verskynsel seksuele kindermolestering, die huwelik as sisteem en spesifieker die intimiteitsverhouding as komponent van die huwelik te eksplorieer
- om ‘n empiriese ondersoek te doen na die wyse waarop seksuele kindermolestering intimiteit binne die huweliksverhouding kan beïnvloed

- om gevolgtrekkings en aanbevelings te konstrueer wat gebasbeer is op die uitkomste van die literatuur sowel as empiriese studie.

1.5 NAVORSINGSVRAAG VAN STUDIE

Hipoteses word nie in hierdie studie gebruik nie. Volgens De Vos (1998:115-116) word 'n navorsingsvraag meestal gebruik wanneer daar na die aard van werklike situasies gekyk word. Wanneer die vraag op slegs een aspek fokus, is dit meestal beter om 'n vraag te stel, eerder as om 'n hipotese te vorm. Die navorsingsvraag vir hierdie studie kan as volg gekonstrueer word:

- Op watter wyse beïnvloed seksuele kindermolestering die volwasse persoon se intimiteitsverhouding binne die huweliksisteem?

1.6 NAVORSINGSBENADERING

In hierdie studie sal die navorser gebruik maak van die kwalitatiewe navorsingsontwerp. Denzin en Lincoln (1994:2) word deur Schurink (1998:240) aangehaal as hy kwalitatiewe navorsing beskryf as "... a multiperspective approach (utilising different qualitative techniques and data collection methods) to social interaction, aimed at describing, making sense of, interpreting or reconstructing this interaction in terms of the meanings that the subjects attach to it". De Vos (1998:243) meen dat die kwalitatiewe navorser gemoeid is met:

- verstaan eerder as verduidelik
- natuurlike waarneming eerder as gekontroleerde meting
- die subjektiewe ondersoek na realiteit deur die perspektief van iemand in die binnekring in teenstelling met 'n buitestaander se perspektief wat grotendeels in die kwantitatiewe paradigma lê.

1.7 TIPE NAVORSING

Volgens De Vos (1998:8) kan daar onderskei word tussen suiwer (teoretiese resultate) en toegepaste (praktiese resultate) navorsing. Die funksie van hierdie

studie lê in die graad van direkte praktiese toepassing van die resultate wat verkry word. De Vos (1998:8) verwys na die doel van toegepaste navorsing as: "The goal of the applied studies is to develop solutions for problems and applications in practice". In hierdie studie gaan daar deur middel van toegepaste navorsing gekyk word na die effek wat seksuele kindermolestering het op die intimiteitsverhouding van huweliksmaats.

1.8 NAVORSINGSONTWERP

Thyer in De Vos (1998:77) verwys na die navorsingsontwerp as "...a blueprint or detailed plan for how a research study is to be conducted – operationalizing variables so they can be measured, selecting a sample of interest to study; collecting data to be used as a basis for testing hypotheses, and analysing the results". Huysamen (1993:10) meld dat die navorsingsontwerp die plan is waarvolgens data versamel word om die navorsingshipotese of vraag op die mees ekonomiese wyse te ondersoek. Die eksploratiewe navorsingsontwerp sal in hierdie studie gebruik word om moontlike antwoorde te kry op die navorsingsvraag, wat spesifiek fokus op die wyse waarop seksuele kindermolestering die intimiteitsverhouding van egpare kan beïnvloed. De Vos (1998:78) verwys verder na die eksploratiewe navorsingsontwerp as kwalitatief van natuur en dat data versamel word deur observasie en/of ongestruktureerde of semi-gestruktureerde onderhoude. Hierdie studie sal gebruik maak van semi-gestruktureerde onderhoude wat volgens 'n bepaalde onderhoudskedule gevoer sal word. Die eksploratiewe navorsingsontwerp skep dus vir die navorser in hierdie studie die geleentheid om in 'n relatief nuwe of onbekende navorsingsgebied die volgende te bereik:

- om nuwe insigte in die verskynsel, naamlik die effek van seksuele kindermolestering op die intimiteitsverhouding van egpare, te verkry
- die kernkonsepte en konstruksies van bogenoemde verskynsel duideliker te definieer en te verklaar
- verdere navorsing op hierdie gebied te identifiseer
- nuwe hipoteses ten opsigte van die verskynsel te konstrueer

1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN STRATEGIE

Kwalitatiewe navorsing is 'n multiperspektiewelike benadering wat verskeie tegnieke en metodes van dataversameling gebruik om te beskryf, interpreteer of interaksie rekonstrueer in terme van die betekenis wat die respondent daaraan heg (De Vos, 1998:240-243). Kwalitatiewe navorsing poog om die realiteit te verstaan deur verskillende persone se interpretasies daarvan na te vors.

1.9.1 DATAVERSAMELING

Die volgende metodes van dataversameling sal aangewend word om die navorsingsproses te faciliteer:

- Literatuurstudie

Die literatuurstudie speel 'n belangrike rol in die formulering van die navorsingsontwerp en die wyse waarop die ondersoek onderneem is. Internasionale, sowel as plaaslike literatuur, sal gebruik word om die literatuurstudie te voltooi. Literatuur wat betrekking het op die huwelik en seksuele molestering, met spesifieke fokus op die wyse waarop die volwasse persoon se intimiteitslewe beïnvloed word, sal bestudeer word.

Die literatuurstudie is belangrik in die sin dat alle inligting wat op hierdie wyse nagevors is, gebruik moet word om 'n breë oorsig oor die onderwerp te kry en 'n basis te skep waarvolgens die empiriese gegewens geïnterpreteer sal word.

- Ervaring van kenners

Sekere persone van die helpende professies wat daaglikks met kliënte werk wat as kinders seksueel gemolesteer is, is genader om hulle opinies in hierdie verband te eksplorieer. Die volgende persone is genader:

- Mev. Elmarie Kotze is 'n sielkundige in privaatpraktyk wat met seksuele oortreders werk en ook betrokke is by opleiding in hierdie verband. Sy gebruik dikwels gerehabiliteerde oortreders om ander persone in soortgelyke situasies te ondersteun. Sy werk vanuit 'n sistemiese raamwerk en betrek die hele gesin by behandeling van die bloedskande gesin. Dit was waardevol om waar te neem dat deskundiges wel terapeuties met hierdie gesinne werk en positiewe resultate verkry met die terapeutiese hulpverlening.
- Mev. Marisa Michau is 'n maatskaplike werker verbonde aan 'n welsynsorganisasie. Sy werk dikwels met gesinne waar seksuele molestering voorkom en waar ouers volwasse slagoffers van seksuele molestering is. Sy is van mening dat hierdie gesinne beter hulpverlening behoort te kry en dat kinderverwydering nie altyd die oplossing vir hierdie gesinne se probleme is nie. Mev. Michau werk daagliks in die maatskaplikewerkveld en ervaar frustrasies met die sisteme wat betrokke is by bloedskande gesinne. Sy kon verskeie behoeftes van hierdie gesinne en hulpverleners identifiseer.
- Mev. Tania Truter is 'n landdros in die Pretoria Landdroskantoor wat spesifieker werk met gesinsgeweld en kinders wat deur middel van Kinderhofbevele uit gesinne verwyder word. Haar mening is dat kinderverwyderings nie altyd die antwoord is nie en dat dit slegs 'n deel van 'n proses behoort te wees. In gesinsgeweldsake het sy ook dikwels waargeneem dat van die partye in die sake volwasse slagoffers is van seksuele molestering. In hierdie gevalle is sy van mening dat 'n beskermingsbevel alleen nie genoeg hulp bied nie, maar dat hierdie egpare eerder by terapeutiese hulpverlening behoort in te skakel. Haar kennis vanuit die regssisteem het waarde ingehou deurdat behoeftes van ander professies ondersoek kon word.

- Empiriese ondersoek deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude

‘n Onderhoudskedule is opgestel waarna onderhoude met tien persone gevoer is. Die onderhoude fokus op die kwaliteit van die huweliksverhouding, die proses van verandering voor en na die huweliksluiting, die waarneming van bepaalde patronen in die huweliksverhouding en die eksplorering van betekenis wat huweliksmaats konstrukteer met betrekking tot die effek wat die seksuele molestering op hulle verhouding het. Daar word spesifiek gekyk na die verskil van intimiteit in die verhouding tussen die egliede tydens die hofmaakfase teenoor die fase direk na huweliksluiting.

1.9.2 DATA-ANALISE

Volgens De Vos (1998:337) is daar geen regte of verkeerde benadering teenoor data-analise in kwalitatiewe navorsing nie. Dit is slegs belangrik dat die navorser die verskillende stadiums in data-analise logies kan verantwoord en dat die finale gevolgtrekking gebasseer sal wees op data wat ingesamel is.

Die nie-waarskynlikheidsteekproefmetode sal gebruik word. Gesinne wat aanmeld vir hulpverlening met betrekking tot die effek van die molestering op die huweliksverhouding, sal betrek word by hierdie studie. Daar gaan slegs gefokus word op getroude of geskeide vroulike persone wat as kinders seksueel gemolesteer is. Semi-gestruktureerde onderhoude met ‘n onderhoudskedule sal met tien van hierdie persone gevoer word en inligting rondom hulle huidige omstandighede, die molesteringsproses, die intimiteitsverhouding voor en na huweliksluiting en terapeutiese behandeling sal met hulle bespreek word. Navorser sal hierdie inligting skriftelik afneem. Inligting vanuit hierdie onderhoude sal in tabelvorm aangebied word. Nie-teenstaande die onderhoudskedule, sal ‘n openheid tot verandering in die verloop van die onderhoud toegelaat word, soos voorgestel deur Kvale in Warren (2001:7).

1.10 OORSIG EN UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE

Die navorser voorsien nie enige probleme in die voltooiing van die studie nie. Kliënte sal vanuit navorser se eie en kollegas se kliëntelading, sowel as groeplede van 'n ondersteuningsgroep geselekteer word. Kliënte sal ten volle ingelig word met betrekking tot die doel van die ondersoek en hulle sal self kan besluit of hulle daaraan wil deelneem. Die kostes van die studie sal so laag as moontlik gehou word en self deur die navorser gedra word.

1.11 OMSKRYWING VAN NAVORSINGSPOPULASIE

Die persone wat by die navorsingstudie betrek sal word, sal aan die volgende kriteria moet voldoen:

- vroulike persone
- getroud of geskei
- as kind seksueel gemolesteer.

Die oordeel van die navorser aangaande verteenwoordiging is dus van uiterse belang (Bless & Higson-Smith in Warren, 2001:12).

1.12 ETIESE ASPEKTE

Warren (2001:12) verwys na sekere etiese aspekte wat Strydom bespreek wat belangrik is vir 'n studie. Vervolgens sekere aspekte wat in hierdie studie aangespreek sal word ten einde dit eties korrek te faciliteer:

- Potensiële skade aan respondenten

Daar is geen mediese risiko gekoppel aan die navorsing nie. Die respondenten mag moontlik ongemak ervaar tydens onderhoude. Met die oog op laasgenoemde sal navorser deurentyd sensitief bly vir hierdie gevoelens en die onderhoude onderbreek indien die respondenten emosioneel of moeg raak.

- Ingelige toestemming

Die doel van die navorsing sal aan alle respondenten verduidelik word en skriftelike toestemming sal van alle respondenten verkry word.

- Misleiding van respondenten

Die respondenten sal ten volle ingelig word oor die doel en proses van die studie. Moontlike reaksies wat hulle mag ervaar as gevolg van hul deelname, sal aandag geniet.

- Skending van privaatheid

In 'n poging om privaatheid te beskerm, sal geen identifiserende besonderhede van die respondenten op enige stadium bekend gemaak word nie.

- Vrystelling van bevindings

Op versoek sal die bevindings aan die respondenten bekendgestel word.

- Ondersteuning aan respondenten

Die navorsers, asook ander terapeute, sal na afloop van die onderhoude vir die respondenten beskikbaar wees indien hulle berading na die onderhoude sou benodig.

1.13 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Die volgende drie begrippe word as belangrik in die navorsingsproses beskou:

- die huwelik
- intimiteit
- seksuele molestering.

Hierdie begrippe sal vervolgens bespreek word.

- Die huwelik en intimiteit

Die huwelik en intimiteit word gesamentlik bespreek, aangesien intimiteit as 'n integrale deel van die huwelik beskou word. Intimitet kan gesien word as die emosionele en seksuele nabyheid in 'n verhouding. 'n Huwelik sonder intimiteit sal dus nouliks suksesvol wees. Volgens die Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal (2000:424) is 'n huwelik 'n wettige verbintenis tussen twee persone van teenoorgestelde geslag om lewenslank as man en vrou saam te leef.

Volgens Benokraitis (1996:2-3) is dit moeilik om 'n definisie vir die huwelik te formuleer aangesien daar kulturele verskille bestaan. Die norm is wel dat daar van 'n getroude egpaar verwag word om ekonomiese verantwoordelikheid te deel, om seksueel slegs by die eglied betrokke te wees en om kinders te baar en groot te maak.

Die verbindingsteorie beklemtoon dat "our primary motivation in life is to be connected with other people - because it is the only security we ever have. Maintaining closeness is a bona fide survival need" (Johnson en Marano in Benokraitis, 1996:113). Om in 'n verhouding met iemand te staan bied dus aan daardie persoon sekuriteit en 'n gevoel van saamhorigheid.

Carter en McGoldrick (1999:209-213) voel egter dat die vorming van 'n verhoudingspaar een van die moeilikste en mees komplekse oorgange van die gesinslewensiklus is. Dit is egter die deel wat die meeste geniet word aangesien die mens 'n natuurlike behoeftte aan nabyheid het. Hierdie nabyheid kan 'n gevoel van volwaardigheid skep wat moontlik kan lei tot 'n samesmelting van twee persone. Die natuurlike behoeftte van die mens om sy of haar ervarings te deel, lei soms tot die verwarring tussen die soeke na intimiteit en die soeke na samesmelting in 'n verhouding.

Lauer en Lauer (1994:87) noem dat 'n persoon se drang na intimiteit baie sterker is as die drang na seks. 'n Persoon kan sonder seksuele gemeenskap funksioneer, maar nie sonder intimiteit nie. Hulle dui verder aan dat 'n seksuele verhouding slegs een wyse is waarop intimiteitsbehoeftes bevredig kan word.

Hyde en DeLamater (1997:328) gee die volgende twee definisies van intimiteit:

"Intimacy's defining features includes: 'openness, honesty, mutual self-disclosure; caring, warmth, protecting, helping; being devoted to each other, mutually attentive, mutually committed; surrendering control, dropping defences; becoming emotional, feeling distressed when separation occurs".

"Emotional intimacy is defined in behavioural terms as mutual self-disclosure and other kinds of verbal sharing, as declarations of liking and loving the other, and as demonstrations of affections".

'n Studie wat deur Cindy Hazan en kollegas gedoen is, wys dat 24% van die persone in hul studie vrees vir intimiteit en verbintenis ervaar. Ander studies wys weer daarop dat persone in veilige verbindingstyle, hoër vlakke van bevrediging, intimiteit, vertroue en verbintenis in hul verhoudings ervaar as persone in angstige verbintenisse (Benokraits, 1996:115).

Intimitet is 'n fundamentele behoefte by elke mens. Vertroebelde mense is egter nie in staat om intiem betrokke te wees by 'n ander nie. Navorsers het gevind dat persone wat nie in die huwelik 'n intimiteitsverhouding in stand kan hou nie, emosionele en fisiese ongesteldhede ervaar (Lauer et al., 1994:118-119).

Volgens Erikson sluit intimiteit aspekte soos openhartigheid, mededeelsaamheid, gemeenskaplike vertroue, selfoorgawe en verbintenis in. Die vyf komponente van intimiteit word gesien as:

- die oriëntasie van die ander en die verhouding

- omgee vir ander
- seksualiteit
- mate van verbintenis met die ander
- wyse van kommunikasie met die ander (Lauer et al., 1994:120).

In ‘n romantiese verhouding is die definisie van intimiteit “the level of commitment and positive affective, cognitive and physical closeness one experiences with a partner in a reciprocal (although not necessarily symmetrical) relationship” (Hyde et al., 1997:328-329).

Selfopenbaarmaking is ‘n belangrike aspek van intimiteit. Sodra ‘n persoon veilig voel in ‘n verhouding, sal so ‘n persoon van hom- of haarself met die ander verhoudingsmaat deel (Hyde et al., 1997:330).

Intimiteit is dus die emosionele komponent van liefde wat weer ‘n belangrike deel van die huwelik vorm. Om hierdie rede maak intimiteit so ‘n groot deel van die huwelik uit. Wanneer persone se emosionele lewe beskadig is, het dit ‘n effek op daardie persoon se vermoë tot die skep van intimiteit wat weer ‘n direkte invloed op die huweliksverhouding het.

- Seksuele Molestering

Seksuele molestering is ‘n begrip wat dikwels gebruik word in die praktyk, al is daar wetlik nie ‘n beskrywing daarvoor nie. Volgens navorser is seksuele molestering enige vorm van seksuele blootstelling van kinders wat nog nie gereed is daarvoor nie en wat ongemak by ‘n kind skep. Glaser (1993:5) verduidelik dit soos volg: “Any child below the age of consent may be deemed to have been sexually abused when a sexually mature person has, by design or by neglect of their usual societal or specific responsibilities in relation to the child, engaged or permitted the engagement of that child in any activity of a sexual nature which is intended to lead to the sexual gratification of the sexually mature person. This definition pertains whether or not this activity involves explicit coercion by any means, whether or not it involves genital or

physical contact, whether or not initiated by the child, and whether or not there is discernible harmful outcome in the short term".

Baker (2002:28-30) noem dat verskeie faktore die formulering van 'n definisie vir seksuele molestering van kinders bemoeilik. Daar word wel algemeen aanvaar dat seksuele molestering 'n daad is wat afgedwing word op 'n persoon om te verduur of te verrig waartydens daardie persoon nie in staat is om ingeligte toestemming te gee vir die daad wat gepleeg word nie en wat liggaamlike kontak insluit vir die bevrediging van die behoeftes van die oortreder, en nie die van die betrokke kind nie.

Sanderson word deur Baker (2002:29) aangehaal en ondersteun in haar definisie van seksuele molestering: "...the involvement of dependent children and adolescents in sexual activities with an adult, or any person older or bigger, in which the child is used as a sexual object for the gratification of the older person's needs or desires, and to which the child is unable to give consent due to the unequal power in the relationship. This definition excludes consensual activity between peers". Bradshaw (2000:41) verwys na seksuele molestering as 'n daad waardeur 'n kind deur 'n volwassene gebruik word vir die volwassene se eie seksuele genot. Hy noem dat 'n kind hierdeur leer dat die enigste manier waarop hy of sy spesiaal kan wees, is deur seksuele kontak met 'n volwassene te bewerkstellig. Die gevolg hiervan is dat sulke persone steeds in hulle volwasse lewens glo dat die enigste manier hoe iemand vir hulle omgee, is wanneer hulle goeie seksuele maats is.

Simptome soos depressie, skuldgevoelens, lae selfbeeld, fobies, nagmerries, rusteloosheid, enurese, stokkiesdraai, tienerswangerskappe en selfmoordpogings word oorwegend by kinders wat gemolesteer is, geïdentifiseer. Die langtermyngevolge sluit in 'n lae selfbeeld (veral op seksuele vlak), negatiewe denke en verskillende vorme van psigoses (Glaser, 1993:20).

Seksuele molestering het 'n langtermynneffek op 'n persoon se lewe en word op verskeie vlakke van sy of haar lewe waargeneem.

1.14 AANBIEDING VAN INHOUD

Die navorsing bestaan uit vyf (5) hoofstukke, wat soos volg aangebied word:

Hoofsuk 1: Inleiding: Die navorsingsproses

Hoofstuk 2: Die huwelik en intimiteit

Hoofstuk 3: Seksuele molestering as verskynsel

Hoofstuk 4: Empiriese ondersoek

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings

HOOFSTUK 2: DIE HUWELIK EN INTIMITEIT AS KOMPONENT VAN DIE HUWELIK

2.1 INLEIDING

Die huwelik is 'n wetlike instelling tussen 'n man en 'n vrou met die doel om as 'n egaal vir altyd saam te leef. Wanneer egliese as kinders identifiseer met 'n betekenisvolle huweliksverhouding in hulle gesinsisteme, bestaan die moontlikheid dat hulle in hul eie huwelike sukses kan behaal met betrekking tot die eise wat 'n huweliksverhouding aan egliese kan stel.

Intimiteit is 'n belangrike komponent in enige huwelik. Emosionele intimiteit is nodig in 'n seksuele verhouding en saam is hierdie verskillende elemente belangrik ten einde 'n suksesvolle huwelik tot stand te bring. Wanneer 'n persoon egter trauma in die kinderjare beleef het, is so 'n persoon se vertroue in ander persone tot 'n mate geskend en kan dit daardie persoon se kans op 'n suksesvolle huwelik beïnvloed. Dit is egter vir so 'n persoon belangrik om weer vertroue aan te leer, aangesien 'n huwelik sonder vertroue moeilik sal slaag.

In hierdie hoofstuk gaan daar spesifiek gekyk word na die huwelik as instelling, asook sekere aspekte van die huwelik, met spesifieke verwysing na intimiteit as komponent in 'n huweliksverhouding. Daar sal gefokus word op die invloed wat seksuele molestering op die intimiteitsverhouding binne die huwelik kan uitoefen.

2.2 DIE HUWELIK

Dit is belangrik om die verskillende definisies van die huwelik as konsep te eksplorieer, aangesien gemeenskappe van verskillende kulture verskillende menings oor die huwelik huldig. Daar sal kortliks gekyk word na hierdie verskillende menings. Verder sal sekere persepsies van die huwelik, die status van enkellopende en getroude persone, asook komponente binne die huwelik bespreek word.

2.2.1 DEFINIëRING VAN DIE HUWELIK AS SISTEEM

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2000:424) is 'n huwelik 'n wettige verbintenis tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om lewenslank as man en vrou saam te leef.

Henslin (1992:14-22) verwys na Westermarck se definisie van 'n tradisionele huwelik as "...a relation of one or more men to one or more women which is recognized by custom or law and involves certain rights and duties both in the case of the parties entering the union and in the case of the children born of it". Die huwelik word gesien as 'n universele menslike instelling en is deel van alle sosiale strukture in alle gevestigde gemeenskappe, maar dit is ook 'n buigbare instelling en bestaan in verskeie vorme. Hy noem verder dat die hedendaagse huwelik, asook die doel van 'n huwelik, besig is om te verander. Volgens hom is die belangrike fasette van 'n huwelik om 'n maat te hê, stabiliteit te ervaar, seksuele omgang met slegs een persoon te hê en ouerskap.

Olson en DeFrain (1994:9-10) meen 'n huwelik is "...the emotional and legal commitment of two people to share emotional and physical intimacy, various tasks and economic resources". Hulle identifiseer nege eienskappe van die huwelik as volg:

- 'n demografiese gebeurtenis. Elke huwelik vorm 'n sosiale eenheid in die gemeenskap
- die samevoeging van twee families en sosiale netwerke
- 'n wetlike kontrak tussen die egpaar en die staat
- die mees algemene vorm van volwasse samesyn
- die konteks van meeste menslike seksuele aktiwiteite
- 'n voortplantingseenheid
- 'n eenheid wat kinders sosialiseer
- 'n geleentheid om intieme en gedeelde verhoudings te ontwikkel.

Volgens Hawkins, Wardle en Coolidge (2002:1-3), is die huwelik 'n verhouding

wat gedefinieer word deur wetlike, morele en tradisionele afleidings en ‘n sosiale instelling. Allan en Crow (2001:83) stem hiermee saam, maar verduidelik dat die konsep van ‘n huwelik nie staties is nie en dat dit oor generasies heen verander.

Benokraitis (1996:3-6) wys daarop dat dit belangrik is om te weet wat ‘n gesin is, omdat die definisie van ‘n gesin mense se lewens en die keuses wat hulle maak en soms vir hulle gemaak word, beïnvloed. Tradisioneel is ‘n familie beskou as ‘n eenheid van twee of meer mense wat deur middel van bloed, huwelik of aanneming verbind is en wat saam bly, ‘n ekonomiese eenheid vorm en kinders baar en opvoed. Weens ‘n verskeidenheid van probleme wat met hierdie definisie ervaar word, word die volgende definisie voorgestel: “any sexually expressive or parent-child relationship in which: (1) people live together with a commitment, in an intimate, interpersonal relationship; (2) the members see their identity as importantly attached to the group; and (3) the group has an identity of its own”. Navorser sal die huwelik soos dit in die Westerse samelewing benader word, eksplorieer. Hierdie huwelike vind plaas nadat ‘n wetlike dokument vrywillig deur beide partye (van teenoorgestelde geslag en bokant ‘n sekere ouderdom) onderteken word met die doel om lewenslank saam te woon, ‘n seksuele verhouding slegs met mekaar te hê, kinders saam te hê en ekonomiese verantwoordelikhede te deel.

2.2.2 PERSEPSIES VAN DIE HUWELIK IN DIE HEDENDAAGSE KONTEKS

Die huwelik is ‘n komplekse konsep om te beskryf aangesien dit ‘n aanduiding van ‘n norm is, en as norm moeilik definieerbaar is. In Amerika, asook in Suid-Afrika, is daar twee tipes huwelike, naamlik seremoniële en nie-seremoniële huwelike. Eersgenoemde is wanneer ‘n paartjie voldoen aan sekere vereistes, naamlik ‘n minimum ouderdom om toestemming tot ‘n huwelik te verleen, ‘n huwelikslisensie gekoop word en deur ‘n gemagtige persoon getrou word. Nie-seremoniële huwelike word “inheemse” huwelike genoem. Hierdie tipe huwelik word ook erken in sekere lande en ook hier moet aan minimum ouderdomsvereistes voldoen word. Bigamie word nie toegelaat nie. Selfs in die inheemse huwelik is dit nodig om wetlike dokumente te teken, anders is daar met

die egskeiding geen seggenskap op geld of materiële goedere van die ander persoon nie. Kinders gebore uit inheemse huwelike verkry ook dieselfde regte as kinders uit seremoniële huwelike, al word hulle as buite-egtelik gereken (Benokraitis, 1996:2-3).

Volgens Bird & Melville (1994:16-18) het die idee rondom die huwelik en die gesin die afgelope eeu verander. Met 'n sensus-opname in 1992 is gevind dat baie minder paartjies onder die ouderdom van vyf-en-twintig (25) trou. Die gemiddelde ouderdom wanneer persone in die huwelik tree was vir vrouens vier-en-twintig (24) en vir mans ses-en-twintig (26). Die verwagting was dat hierdie syfer gedurende die 1990's nog hoër sou word. Die redes vir laasgenoemde kan gesien word as 'n inkrimping in die populasie van die ouderdomsgroep, meer individue onder vyf-en-twintig wat nog by hulle ouers bly en bloot die uitstel van die huwelik. Volgens Bird et. al het huwelike wat uitgestel word sekere gevolge, naamlik minder kinders wat uit die huwelik gebore word, beter onderrig terwyl persone nog nie ouerlike verantwoordelikhede het nie en ook vestiging in die arbeidsmark.

Persone trou omdat hulle glo hulle het die ander persoon lief. Liefde word egter deur verskillende persone verskillend gedefinieer en omdat liefde dikwels 'n sterk emosionele gevoel is, word gevoelens wat persone ervaar, dikwels met liefde verwarr. Daar is heelwat redes waarom persone trou. Daar bestaan ook heelwat mites rondom die huwelik wat persone se idees en persepsies beïnvloed. Huwelik- en gesinslewe het die afgelope dekades heelwat verander. Volgens Lauer et al. (2000:4-12) en Bird et al. (1994:16-18) sluit van die grootste veranderinge in:

- voorhuwelikse seks - die persentasie ongetroude persone wat seksueel aktief is, het merkbaar gestyg
- buite-egtelike babas - al meer eerste babas wat gebore word, se moeders is nie getroud nie
- alleen woon - as gevolg van egskeidings, dood, of uitstel van die huwelik, woon al meer persone op hul eie

- saamwoon - baie meer paartjies bly saam sonder om te trou. Sommiges sal wel later trou, maar toets eers of hulle bymekaar pas
- uitgestelde huwelike - die ouderdom waarop mense trou word al hoër, as gevolg van die moontlikheid van seksuele verhoudings buite die huwelik, die klem op vryheid en persoonlike groei, vrees vir verbintenis, hoë egskeidingsyfer en die onbereidheid om te vestig voor genoeg lewensorde vinding opgedoen is
- geboortesyfers - paartjies kry al minder kinders. Vroue kry eers later in hul lewens babas, wat beteken dat hulle nie baie kinders sal kan hê nie en party ervaar fisiese probleme as gevolg van die lank wag
- grootte van huishoudings - as gevolg van egskeidings en minder kinders, raak die gemiddelde hoeveelheid persone per huishouing al minder
- werkende moeders - al meer moeders hou aan werk na hul kinders se geboortes, weens finansiële redes of omrede vroue voel dat hulle werk hulle vervul
- geen familieverband - meer enkelopende persone bly saam as 'n familie, sonder dat hulle familie is of selfs 'n verhouding het, byvoorbeeld in 'n commune opset
- egskeidings - die egskeidingsyfer word al hoër en het sedert 1965 die hoogte ingeskiet.

Dit is dus duidelik dat al die skrywers mekaar in die siening ondersteun, naamlik dat gesinne die afgelope dekades as gevolg van die verandering van waardes in die gemeenskap, ook verander het.

2.2.3 DIE VERSKILLEnde ALTERNATIEWE VIR VERHOUDINGSMAATS

Die behoefte om 'n intieme nabye verhouding met 'n ander persoon te hê, is teenwoordig by byna alle persone. Die wyse om die gesukte persoon vir 'n intieme verhouding te ontmoet, is deur middel van interaksionele kontak met ander persone. Die hoofreden vir hierdie interaksie is nie noodwendig om later met daardie persoon te trou nie, maar om dit ook te geniet. Vroeër was hierdie interaksie of vriendskapsverhouding 'n formele aanloop tot die huwelik, maar huidiglik geskied dit op 'n meer informele basis. Verhoudingsmaats leer ook

watter eienskappe van mekaar vir hulle aantreklik is, van geslagsrolle, gesinstrukture wat anders as die eie is en van waardes en norme. Om met iemand in 'n verhouding te staan gee ook aan persone 'n sosiale status, vervul egobehoeftes en gee die geleentheid tot die uitleef van intimiteit (Benokraitis, 1996:202-203 en Bird et al., 1994:90).

Deur middel van hierdie verhoudings leer persone watter tipe lewensmaats by hulle sal pas. Dit gebeur steeds dat persone lewensmaats kies wat min of meer dieselfde agtergrond het. Benokraitis (1996:209-212) en Bird et al. (1994:91-97; 106-108) bied die volgende belangrike basis vir die huwelik:

- etnisiteit en ras
- geloof
- ouderdom - meestal verskil maats met slegs drie of vier jaar
- sosiale klas - vrouens trou eerder met mans van 'n hoër klas
- opvoedkundige agtergrond wat min of meer dieselfde is
- behoefte aan outonomie
- ooreenstemmighede
- ondersteuning
- openlikheid
- getrouwheid/lojaliteit
- gedeelde tyd
- regverdigheid
- romanse.

Verskillende skrywers bied die volgende alternatiewe vir die huwelik wat vervolgens bespreek sal word.

2.2.3.1 SAAMLEEFVERHOUDING

Volgens verskillende skrywers soos Benokraitis (1996:238-243) en Bird et al. (1994:125-129) word saamleef as alternatief bo die huwelik of funksionering as enkeling beskou. Weens sekere redes wat reeds genoem is, verkies sekere

persone om nie te trou nie. Omrede die behoefté aan 'n spesiale maat steeds teenwoordig is, word die keuse van saamwoon buite 'n huweliksverhouding eerder gemaak. Verskillende vorme van saamleef sluit in:

- *tydelike gemaklikheid* - wanneer twee persone saamwoon ter wille van gerief en koste-effektiwiteit
- *tydelike of beperkte saamleef* - dit is wanneer twee persone soveel tyd saam spandeer dat hulle later 'n besluit neem dat saamwoon geriefliker is. Die huwelik word dus nie noodwendig as die uiteinde gesien nie
- *toetshuwelik* - saamwoon om te kyk of 'n huwelik kan werk
- *tydelike huweliksalternatief* - wag vir die regte tyd om te trou. In hierdie geval is die verbintenis reeds gevorm
- *substituuthuwelik* - wanneer twee persone wel verbonde is aan mekaar, maar om verskeie redes nie wil of kan trou nie.

Die skrywers, Bird et al. (1994:127-129) en Benokraitis (1996:241-243) wys daarop dat daar sekere positiewe en negatiewe gevolge is van saamleef buite die huwelik. Van die positiewe aspekte sluit in:

- verhoogde kommunikasie asook emosionele en seksuele intimiteit
- verminderde ekonomiese probleme
- groter veiligheid
- moontlikheid om aanpasbaarheid te toets
- onafhanklikheid bly steeds behoue
- as die verhouding nie uitwerk nie, is daar nie moeilikeregsprosesse betrokke nie
- as die verhouding op 'n huwelik uitloop, het dit 'n goeie grondslag.

Die negatiewe aspekte sluit in:

- verhoudingsmaats raak oorbetrokke by mekaar en kan 'n gevoel ontwikkel dat hulle hul eie identiteit verloor en slegs as deel van 'n paar gesien word
- minder tyd om alleen saam met familie en vriende tyd te spandeer
- ouers is nie altyd gelukkig oor 'n saamleefverhouding nie en persone probeer

dit wegsteek

- vrees dat die verhouding te maklik beëindig kan word
- seksuele probleme
- een party is meer ernstig oor die verhouding as die ander
- saamleef is nie 'n waarborg vir 'n suksesvolle huwelik nie.

Dit is duidelik dat daar wel positiewe en negatiewe gevolge is vir die verskillende keuses wat 'n persoon maak. Om saam te leef buite 'n huweliksverhouding, is 'n keuse wat 'n persoon maak binne sy of haar bepaalde konteks. Afhangend van 'n persoon se behoeftes, neem hy of sy sekere besluite wat vir hom of haar 'n bepaalde betekenis bied binne daardie konteks. Sekere persone is meer gemaklik in 'n saamleefverhouding omrede hul steeds in beheer kan voel van die verhouding, in teenstelling met 'n huwelik wat soms die gevoel kan skep dat die persoon versmoor word of outonomie moet inboet. Vir ander persone is dit weer belangriker om die sekuriteit van 'n huwelik te ervaar.

2.2.3.2 DIE HUWELIK

Buiten om as enkeling te leef of om saam met die verhoudingsmaat te woon, is die ander alternatief om in die huwelik te tree. Sekere persone verkies die verbintenis en sekuriteit wat die huwelik bied asook om kinders binne die huwelik groot te maak. Volgens 'n studie wat in 1974 en in 1990 voltooi is en na verwys word deur Benokraitis (1996:268–269), is die belangrikste faktore vir 'n suksesvolle huwelik die volgende:

- verliefdheid
- huweliksmaats moet seksueel getrou wees
- saam oor mekaar se gevoelens te kan praat
- om die romanse binne die huwelik in stand te hou
- om humor in die lewe raak te kan sien
- kinders te hê en om dieselfde idees te hê oor hoe om kinders groot te maak
- om 'n goeie seksuele verhouding te hê
- dieselfde idees te hê oor hoe om met geld te werk

- huweliksmaats mekaar se doen en late verstaan
- huweliksmaats van dieselfde lewenstyl, aktiwiteite en vriende hou
- finansiële sekuriteit ervaar
- dieselfde agtergrond hê.

Perls en Perls (1991), soos aangehaal deur Brothers (1991:55-62), het geskryf oor twaalf gelukkige huwelike wat meer as 30 jaar geduur het en as suksesvol ervaar is. Die huweliksmaats het onder andere die volgende ervaar:

- hulle het min of meer uit dieselfde agtergrond gekom
- familie is deur beide egliese as belangrik beskou
- die egliese se ouers was nie geskei nie
- die egliese het dieselfde geloofsoortuigings gehuldig
- hulle het oorwegend dieselfde politieke oortuigings gehuldig
- die egliese was mekaar se beste vriende gewees
- hulle het aktiwiteite gedeel
- hulle het saam geëet
- oop kommunikasie is binne die verhouding gehandhaaf
- seksuele getrouheid was binne die verhouding teenwoordig
- die egliese het vertroue in mekaar gehad
- die egliese het oor goeie konflikhanteringsvaardighede beskik
- beide egliese het sterk persoonlikhede gehad.

Navorser stem saam dat daar sekere faktore is wat 'n bydrae kan lewer tot 'n suksesvolle huwelik. Dieselfde gesinsagtergrond, norme en waardes is van die belangrikste faktore om in aanmerking te neem. Daarmee gepaard gaan vertroue, respek, 'n gedeelde visie oor die lewe asook gedeelde belangstellings. Ten spyte hiervan behoort huweliksmaats verkieslik hulle eie identiteit binne die huwelik te behou.

Die grootste rede waarom persone in die huwelik tree, kan dus beskryf word as die behoefte aan sekuriteit en veral nabyheid en intimiteit. Die volgende komponente is belangrik om in gedagte te hou voordat 'n persoon in die huwelik

tree en sal kortlik bespreek word.

2.2.4 KOMPONENTE BINNE DIE HUWELIK

Alhoewel daar verskillende komponente bestaan, sal slegs drie van die belangrikstes in hierdie hoofstuk bespreek word, naamlik kommunikasie, konflik en intimiteit.

2.2.4.1 KOMMUNIKASIE

Kommunikasie in 'n huwelik is een van die belangrikste komponente wat 'n bydrae lewer tot 'n suksesvolle huwelik. Kortlik kan kommunikasie gedefinieer word as 'n proses wat tussen twee persone plaasvind wanneer daar interaksie tussen hulle geskied ten einde verbale en nie-verbale boodskappe aan mekaar oor te dra.

a) KOMMUNIKASIE AS PROSES

De Vito (1994:9) beskryf kommunikasie soos volg: "Communication refers to the act, by one or more persons, of sending and receiving messages that are distorted by noise, occur within a context, have some effect, and provide some opportunity for feedback". De Vito verduidelik verder dat kommunikasie altyd binne 'n konteks plaasvind en dat 'n konteks uit vier dimensies bestaan, naamlik die fisiese, kulturele, psigososiale en tydgebonden dimensies. Die vier dimensies beïnvloed mekaar, wat daartoe bydra dat die kommunikasieproses nooit staties is nie. Die fisiese konteks is konkreet, met ander woorde die plek waar die kommunikasie geskied, byvoorbeeld in 'n kantoor of in 'n restaurant, en is belangrik om in aanmerking te neem. Die kulturele konteks verwys na die waardes, norme, oortuigings en houdings van die kommunikeerder. Verskillende kulture het verskillende reëls, byvoorbeeld waar daar in sekere kulture neergesien word op die rol van 'n vrou. In sekere kulture word 'n vrou byvoorbeeld nie toegelaat om te studeer, saam met die mans in die kerk te sit of in manlike geselskap te verkeer nie. Die psigososiale konteks sluit weer relatiewe

21

status van die deelnemers in en verwys ook na diegraad van formaliteit. Kommunikasie verskil byvoorbeeld op 'n partytjie van die by 'n hospitaal. Die spesifieke tyd van die dag of tydperk in die geskiedenis is van toepassing as daar gekyk word na 'n tydgebonden dimensie. Waardes verander oor die tyd heen, soos byvoorbeeld ten opsigte van buite-egtelike babas. In die verlede was dit 'n skande vir 'n vrou om swanger te raak as sy nie getroud was nie. Huidiglik is dit in sekere gemeenskappe nie meer die geval nie.

Kommunikasie word beskou as 'n proses waarbinne boodskappe gestuur en ontvang word. Wanneer 'n persoon kommunikeer en 'n boodskap stuur, word sy of haar boodskap deur die ander persoon (ontvanger) gehoor en word die ontvanger se reaksie waargeneem. Die persoon wat die boodskap stuur, ontvang dus ook 'n boodskap terwyl hy of sy die boodskap stuur. Effektiewe kommunikasie vind plaas wanneer die boodskap wat gestuur word en die boodskap wat ontvang word, dieselfde is, asook wanneer die betekenis van die boodskap wat ontvang is, kongruent is met die wat gestuur is.

b) VERSKILLENDÉ KOMMUNIKASIESTYLE

Kommunikasie is 'n noodsaaklike komponent van die huwelik. Vir twee persone wat hulle in 'n huweliksverhouding bevind, is dit belangrik om gevoelens, gebeure en idees aan mekaar te kommunikeer ten einde mekaar ten volle te leer ken en te verstaan. Verbale en nie-verbale boodskappe dra by tot die kommunikasieproses tussen verhoudingsmaats. Effektiewe wyses van kommunikasie binne die huwelik word deur Bird et al. (1994:296-302); Benokraitis (1996:277-280) en Lauer et al. (2000:242-260), soos volg saamgevat:

- *Die stuur van duidelike boodskappe*

Selfs al woon paartjies al vir 'n geruime tyd saam, kan misverstande steeds ontwikkel. Daarom is dit belangrik vir huweliksmaats om duidelik te stel hoe hulle voel, waar hulle met mekaar staan en as daar 'n steuring voorkom, dit te kan verbaliseer. Indien 'n boodskap nie duidelik verstaan word nie, behoort die ontvanger die boodskap uit te klaar met die persoon wat dit gestuur het.

- *Nie-verbale boodskappe*

Nie-verbale kommunikasie is die boodskappe wat sonder woorde oorgedra word. Die wyse waarop gekommunikeer word, stemtoon, oogkontak, liggaamshouding, kleredrag en aanraking vorm alles deel van nie-verbale boodskappe wat gestuur word. Houdings en gevoelens word veral waargeneem in die nie-verbale boodskappe wat deur verhoudingsmaats gestuur word. Wanneer 'n persoon se verbale en nie-verbale boodskappe verskil, kan dit misverstande meebring. 'n Persoon kommunikeer soms 'n boodskap wat op emosionele vlak 'n ander betekenis het, maar uit angs dat dit bekend sal word, verbaliseer die persoon eerder 'n ander boodskap. Nie-verbale boodskappe dra egter dikwels meer gewig as verbale boodskappe. In die huwelik is dit dus belangrik dat verhoudingsmaats sal let op hul eie nie-verbale boodskappe, aangesien dit, net soos verbale boodskappe, ook 'n groot effek het op die verhouding.

- *Terugvoer*

Om 'n verhoudingsmaat aan te moedig om wel aktief te luister, is dit belangrik om terugvoer aan die ander persoon te gee. Dit verminder die moontlikheid van misverstande. Die impliseer dat as 'n boodskap ontvang word, daardie boodskap as korrek deur die sender bevestig moet word.

- *Aanvaarding en beskerming van die self*

Omdat gesinslede die naaste aan mekaar is, is dit soms moeilik om met mekaar te kommunikeer, aangesien gesinslede meer blootgestel is aan kritiek van mekaar. Hierdie kommunikasie in 'n gesin kan 'n persoon se selfwaarde negatief beïnvloed. Dit is belangrik om aan 'n eglied positiewe boodskappe te stuur, om sodoende jou eglied te help om selfwaarde te ontwikkel. Selfaanvaarding is weer nodig vir die bou van 'n positiewe verhouding tussen die egliese.

- *Selfblootstelling*

Die verwagting is dat persone wat hulle in 'n intieme verhouding bevind, hulle

aan mekaar sal blootstel en hulle wêrelde met mekaar sal deel. Persone in 'n intieme verhouding behoort dus mekaar met hulle emosies en gevoelens te kan vertrou.

- *Empatie*

As gevolg van verskillende persepsies of die mite dat verhoudingsmaats altyd weet hoe die ander party voel, ontstaan misverstande in verhoudings. Dit is egter belangrik dat verhoudingsmaats moeite sal doen om mekaar se verbale en nie-verbale boodskappe te verstaan. Indien laasgenoemde nie plaasvind nie, kan misverstande ontstaan. Verhoudingsmaats behoort begrip te toon vir mekaar en dat misverstande wel kan voorkom. Dit is egter belangrik dat hulle vir mekaar ruimte skep ten einde die misverstande aan te spreek.

- *Eerlikheid*

Eerlikheid in 'n verhouding is noodsaaklik. Indien een van die partye leuens vertel, lei die hele gesinsisteem daaronder. Leuens manipuleer situasies en dit ontnem die ander party van beheer. Wanneer verhoudingsmaats eerlik is oor hul gevoelens en oor dit wat met hulle gebeur, help dit die ander party om beter begrip vir die maat te ontwikkel. Hierdie wedersydse begrip kan lei tot groter intimiteit binne 'n huweliksverhouding, aangesien dit 'n bydrae lewer tot die skep van vertroue.

- *Vennote in 'n verhouding*

Egliede leer om saam probleme te hanteer en as 'n span saam te werk om die beste resultaat vir 'n suksesvolle huwelik te beding. Huweliksmaats raak mekaar se beste vriende wat mekaar in moeilike tye behoort te ondersteun. Hulle deel ook aktiwiteite en spandeer tyd met mekaar.

- *Waardering vir mekaar*

Dit is belangrik om in die huwelik respek en waardering vir mekaar te behou. Om waardering te toon vir dit wat die eglied doen en beteken, is 'n wyse van respekbetuiging. Egliede behoort respek te hê vir mekaar se uniekheid en elkeen se spesiale bydrae tot die huwelik.

- *Gedeelde visie en drome*

Egliede moet meer as daaglikse gebeure met mekaar kan deel. Drome en doelwitte vir die lewe moet ook gedeel word sodat egliede mekaar kan ondersteun en saam kan werk om die drome en doelwitte te bereik. Wanneer beide egliede saam kan werk om hul ideale te bereik, kan hulle as span saam groot geluk ervaar. Wanneer 'n persoon sy of haar ideale bereik, maak dit van 'n persoon 'n gelukkiger en meer vervulde mens.

c) DIE DOEL VAN KOMMUNIKASIE

Kommunikasie word om verskeie redes tussen persone gebruik. Elke keer wat 'n boodskap gekommunikeer word, word dit met 'n doel gedoen. Volgens De Vito (1994:17) bestaan daar vyf hoofredes waarom persone kommunikeer, naamlik:

- *Vir persoonlike ontdekking*

Wanneer 'n persoon kommunikeer, leer die persoon hom- of haarself ken, asook die ander persoon. Die ander persoon gee terugvoer oor aksies en kommunikasie, hulle opinies en denke kan ontdek word en die eksterne wêreld van mense en gebeurtenisse kan geëksplloreer word.

- *Om in verhouding te tree*

Verhoudings bestaan uit 'n proses van kommunikasie. Die daaglikse lewe bestaan grotendeels uit verhoudings tussen persone wat kommunikasie as die kern van alle verhoudings aandui.

- *Om mekaar te help*

In verhoudings gebeur dit dat een party soms vir verstaanbare redes hulp nodig het van die ander een. Goeie kommunikasie is die sleutel tot hulpverlening aan die ander party, aangesien gevoelens hierdeur geverbaliseer kan word. Een party behoort nie skaam te voel om hulp te vra nie, aangesien die ander persoon ten volle daar is om eersgenoemde by te staan.

- *Om die ander persoon te oortuig van ‘n standpunt*

Soms gebeur dit dat een van die verhoudingsmaats die ander een wil oortuig om anders te dink of op te tree, om nuwe idees te oorweeg en om nuwe wyses van kommunikasie te vind. Een party probeer die ander party dus oortuig dat sy of haar manier van dink en optree eintlik die meer korrekte manier is.

- *Om te speel*

Spel maak ‘n belangrike deel uit van verhoudings. Spel sluit nie net die speel van kinders in nie, maar verwys ook na ontspanning deur middel van films, video’s en storievertellings. Kommunikasie vind dus ook deur middel van ontspanning plaas.

d) LUISTER AS TEGNIEK IN KOMMUNIKASIE

Een van die belangrikste tegnieke wat gebruik kan word om effektief te kommunikeer, is die tegniek van luister. Soms gebeur dit dat ‘n persoon met vooropgestelde idees na ander luister, wat meebring dat die konteks van dit wat gekommunikeer word, nie korrek geïnterpreteer word nie. Die luisteraar wil eerder die boodskap volgens sy of haar eie waardes of idees ontvang.

Die belangrikheid van luister word in Lauer et al. (2000:247-250) bespreek en die volgende style wat ‘n verhouding nadelig kan beïnvloed, is soos volg:

- *Die bedrieër*

Dit gebeur wanneer persone voorgee om te luister. Hierdie persone sal glimlag of kop knip om voor te doen dat hulle luister, maar in werklikheid dink hulle aan iets anders.

- *Die afhanglike luisteraar*

Hierdie tipe luisteraars wil graag die een wat praat, beïndruk. Hulle sal heetyd saamstem, al verskil hulle in werklikheid. In die proses om te beïndruk hoor hulle nie regtig wat gesê word nie en kan dus nie toepaslik reageer nie.

- *Die persoon wat in die rede val*

Hierdie persone laat nooit die ander persoon toe om klaar te praat nie. Hulle mening is net belangriker as die ander persoon s'n en hulle wil ten alle koste hulle mening laat hoor en andere daarvan oortuig. Hierdie persone stel dus nie daarin belang om te hoor wat die ander sê nie.

- *Die selfbewuste luisteraar*

Vir hierdie persone is dit belangrik hoe hul boodskappe ontvang word. In plaas daarvan om te probeer verstaan wat die ander persoon sê, dink hulle volgens hul persepsie eerder aan die korrekte manier om te reageer.

- *Die intellektuele luisteraar*

Slegs die fisiese woorde word deur hierdie persoon gehoor en 'n rasionele afleiding word gemaak. Hierdie persone ontvang nie die nie-verbale boodskappe nie en raak dus nie emosioneel betrokke nie. Daar word slegs op feite gekonsentreer.

Dit is wel moontlik om luistertegnieke te verbeter. Om die kwaliteit van 'n verhouding te verhoog, is dit nodig dat kommunikasie positief geskied en daarom is dit belangrik dat verhoudingsmaats effektief na mekaar luister. Nie-verbale boodskappe moet saam met die verbale boodskappe ontvang en geïnterpreteer word ten einde sinvolle kommunikasie te bewerkstellig.

Die vooraf bespreekte style moet vermy word en Lauer et al. (1994:263-264) beveel eerder die volgende aan:

- *Neem die inisiatief in kommunikasie*

Luister is nie 'n passiewe aktiwiteit nie, maar eerder aktief. Dit is nodig om na die maat wat praat te kyk en te konsentreer op dit wat hy of sy sê. Dit is dus belangrik om nie-verbale kommunikasie in ag te neem ten einde die konteks van die boodskap te verstaan.

- *Vermy fisiese afleidings*

Afleidings in die fisiese omgewing of in 'n persoon se gedagtes, kan meebring dat 'n persoon nie regtig aktief kan luister nie. Om met verdeelde aandag na jou huweliksmaat te luister, kan dus die moontlikheid van misverstande verhoog.

- *Beheer emosies en die gewoonte om te reageer voordat die ander persoon klaar gepraat het*

Sekere woorde of menings lei tot sekere reaksies by 'n persoon. Dit is nodig om bewus te wees daarvan en 'n besluit moet gemaak word om nie emosioneel daarop te reageer nie, maar vir die maat die geleentheid te gee om die boodskap eers volledig oor te dra.

- *Herstrukturering van die boodskap ten einde duidelikheid te kry rakende die betekenis van die boodskap*

Herstrukturering is wanneer dit wat gesê is, net op 'n ander manier gestel word, sodat 'n persoon seker kan maak of hy of sy reg verstaan het, om gevoelens te ondersoek of slegs om belangstelling te toon.

- *Opsomming in die gedagtes*

Dit is makliker om vinnig te dink as om vinnig te praat. Dit is nodig om van tyd tot tyd dit wat die ander persoon gesê het, in die gedagtes op te som. Denke moet nie net vir reaksie op 'n ander se kommentaar gebruik word nie, maar ook vir opsomming daarvan, in 'n poging om te probeer verstaan wat die persoon sê.

- *Oefening*

In elke verhouding kan luistertegnieke geoefen word. Hoe meer verhoudingsmaats oefen, hoe meer effektiewe luisteraars gaan hulle word en hoe meer effektief gaan hulle vermoëns tot kommunikasie binne die verhouding word.

Dit blyk dat die belangrikste komponente in kommunikasie binne die huwelik

gebasseer is op daaglikse gebeure en veral ook emosies insluit. Navorser is van mening dat kommunikasievaardighede deur enige persoon aangeleer kan word en dat dit belangrik is dat egliese sal leer om met mekaar te kan kommunikeer ter wille van intimiteit binne die huweliksverhouding. Egliese moet leer om daaglikse gebeure, hul eie waardes en idees, hul drome en ook hul diepste emosies met mekaar te bespreek. Wanneer egliese met mekaar kommunikeer en voel dat die ander party werklik luister en hulle mekaar verstaan, kan dit tot versterking van die verhouding lei. Elke eglied behoort die boodskap te ontvang dat die ander party graag wil luister en die boodskap verstaan, al verskil hul van mening. Gesonde kommunikasie is dus 'n sterk basis vir 'n gesonde intimiteitsverhouding.

2.2.4.2 KONFLIK

Konflik in 'n huwelik geskied wanneer die twee partye nie met mekaar saamstem nie en dit kan 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die verhouding hê. Wanneer konflik op 'n volwasse en positiewe wyse hanteer word, kan dit 'n huweliksverhouding versterk en 'n sterker band van intimiteit en nabyheid vestig. Negatiewe konflikhantering kan egter huweliksmaats uit mekaar dryf, verhoudingsprobleme in die gesin meebring en kinders met intimiteitsprobleme agterlaat. Navorser is van mening dat konflikhantering en goeie kommunikasie hand aan hand gaan. Om konflik suksesvol op te los, is goeie kommunikasie in 'n verhouding nodig. Die vraag kan gevra word waarom konflik binne 'n huwelik ontstaan. Konflik is 'n natuurlike deel van enige verhouding en ook 'n vorm van kommunikasie, maar daar is goeie en minder goeie wyses om konflik te hanteer.

Vervolgens word daar gekyk na die funksies van konflik binne 'n verhouding.

a) FUNKSIES VAN KONFLIK

Soos reeds genoem, kan konflik vir positiewe of negatiewe doeleteindes aangewend word. Soms het konflik 'n negatiewe uitwerking op 'n verhouding, maar dit kan ook 'n opbouende doel dien. Volgens Lauer et al. (2000:271-272) het konflik sekere funksies in die huwelik, naamlik:

- Konflik wat effektief hanteer word, versterk die kwaliteit van die huweliksverhouding, bring partye nader aan mekaar en moedig intimiteit in die verhouding aan.
- Konflik bring probleme na die oppervlak. Koue stiltes word vermy en daar word eerder na probleme geluister en wyses gevind om dit op te los.
- Konflik help om probleme te definieer en duidelik te stel.
- Egliede kan groei deur konflik. Hulle kry die geleentheid om te ontdek watter tipe persoon hulle is deur na die ander persoon te luister en hulself deur die oë van die egliede te sien.
- Indien konflik nie opgelos word nie, kan ernstiger konflik ontwikkel. As minder ernstige probleme geïgnoreer word, krop dit op en kan dit tot groter konflik en trauma lei.
- Onopgeloste konflik kan 'n onpartydige balans van mag binne die huwelik tot stand bring, asook in stand hou. Laasgenoemde is nadelig vir die huwelik aangesien albei persone moet ervaar dat hulle 'n plek in die verhouding het en dat dit nie 'n magstryd is nie.

b) HOOFREDES WAAROM EGLIEDE IN KONFLIK BETROKKE RAAK

Een of ander vorm van konflik is 'n belangrike komponent van 'n verhouding, wat ook die huweliksverhouding insluit. Verhoudingsmaats het in verskillende gesinne grootgeword met verskillende agtergronde en waardes. Persoonlikhede verskil en persepsies oor die lewe sal ook verskil. Dit is dus 'n goeie basis vir konflik om te ontwikkel. Dag-tot-dag spanning dra ook verder by tot konflik. Wat is die hoofredes waarom verhoudingsmaats in konflik betrokke raak? Volgens Lauer et al. (2000:272-277), Benokraitis (1996:274-276) en Mackey en O'Brien (1995:51-65) is daar sekere redes wat algemeen voorkom, naamlik:

- *Ekonomiese spanning*

Wanneer 'n gesin finansiële spanning ervaar, plaas dit baie spanning op die huweliksverhouding. Die wyses waarop finansies binne die verhouding beheer word, word hoofsaaklik bepaal deur die betekenis wat beide egliede in hulle

gesinne van herkoms rakende finansies gekonstrueer het. Sekere persone is versigtig om geld te spandeer en is spaarsamig, wat deur die ander maat as "suinig" beskou word. Die ander kant is ook waar, naamlik dat wanneer die maat te veel geld spandeer, die spaarsamige persoon dit as onnoddig en spandabelrig kan beskou. As verhoudingsmaats verskillend is met betrekking tot hoe hulle geld spandeer, kan dit lei tot konflik aangesien die betekenis wat aan die geld gekoppel word, verskil.

- *Geslagsrolle*

Wanneer die egliede se persepsies betreffende die betekenis van elkeen se taak binne die gesinsisteem verskil, kan dit tot ongemak lei. Weereens speel die gesin van herkoms 'n belangrike rol. Sekere persone glo aan meer tradisionele rolle, terwyl ander meer liberaal is en aan gelykheid in die huwelik glo. Wanneer egliede die rolle verskillend beskou, lei dit oorwegend tot konflik en roloverwarring. 'n Man kan byvoorbeeld aanvaar dat 'n vrou nie hoef te werk nie en eerder die huishouding moet behartig. Wanneer 'n vrou verskil en eerder haar beroep wil uitbou en min belangstelling in die rol van 'n tuisteskepper toon, kan hierdie verskillende sienswyses voortdurend konflik tot gevolg hê.

- *Mag*

'n Magstryd kan in 'n huwelik oor verskillende aspekte ontstaan, soos onder andere oor ekonomiese sake of oor wie die reëls in die huis skep. Sommige persone sal deur middel van manipulasie die mag probeer verkry. Wanneer albei partye dieselfde magsposisie in die gesin wil beklee, kan dit tot konflik lei.

- *Seks*

Dit is vir sommige egpare moeilik om hulle seksuele behoeftes te verbaliseer. Wanneer die huweliksmaat se behoeftes onbekend is, is dit moeilik om mekaar se werklike behoeftes aan te spreek. Ander probleme sluit in die verskillende persepsies wat mans en vrouens oor seksualiteit het. Dit is belangrik dat partye selfs voor die huwelik oor hierdie aspekte kommunikeer.

- *Privaatheid*

Dit is noodsaaklik dat egliese mekaar se privaatheid respekteer. Privaatheid verwys na spasie, tyd, emosies en besittings. Al is 'n egpaar hoe naby aan mekaar, het elke persoon steeds eie tyd en spasie nodig. Vertroue help dat jaloesie nie 'n plek in 'n verhouding het nie. Wanneer egliese mekaar vertrou, is dit moonlik vir albei partye om tyd op hulle eie te spandeer. Waardering vir elke persoon se uniekheid lei tot wedersydse respek en met respek as grondslag in 'n huwelik, is dit moontlik vir partye om vir mekaar privaatheid te gun.

- *Kinders*

Kinders kan 'n huwelik vervul, maar dit kan ook intense probleme skep. As egliese nie saamstem oor aspekte soos dissipline en verantwoordelikhede nie, kan dit spanning en ongemak meebring.

- *Koesterung*

Die ideaal is dat egliese na mekaar se behoeftes sal omsien en koester. As hierdie proses nie plaasvind nie en die verhoudingsmaat afgeskeep of verwerp voel, kan dit aanleiding gee tot konflik. Verhoudingsmaats behoort egter te leer om hulle behoeftes aan mekaar te kommunikeer ten einde gewaardeer te voel. Dit is egter duidelik dat wanneer verhoudingsmaats as kinders nie koesterung ervaar het nie, dit vir hulle moeilik is om koesterung binne 'n verhouding aan 'n ander te bied.

- *Vertroue*

Vertroue in mekaar is een van die kernaspekte van 'n goeie huwelik. Wanneer egliese mekaar vertrou, kan ander konflikte meer effektiief opgelos word. Indien vertroue ontbreek, kan die verhouding tot niet gaan of argumente kan ontstaan wat die verhouding ondraaglik kan maak.

- *Huweliksontrouheid*

Ontrouheid binne die huwelik sluit nie net seksuele dade in nie, maar alle vorme van intimiteit. Wanneer 'n persoon emosioneel by 'n ander persoon buite die huweliksverhouding betrokke raak, kan die skade aan die

huweliksverhouding dieselfde impak hê as wanneer daar onder andere 'n seksuele verhouding ontwikkel. Sodra 'n persoon ontrou was, is dit moeilik om weer die vertroue in die huwelik te herstel.

c) VERSKILLENDÉ STYLE VAN KONFLIKHANTERING

Persone reageer verskillend op konflik. Mackey et al. (1995:65-72), Bird et al. (1994:302-308), Lauer et al. (2000:277-280) en Benokraitis (1996:276) verwys na die verskillende style van konflikhantering as volg:

Kompetisie - wanneer een verhoudingsmaat baie dominant is en die persoon vir hom- of haarself meer omgee as vir die ander maat. Konflik ontstaan omrede een of albei partye ten alle koste elke situasie en argument wil wen.

Vermyding - die persoon heg nie baie waarde aan sy of haar eie of die ander persoon se belang nie. Hierdie tipe persoon wil graag die vrede bewaar.

Akkommoderend - wanneer 'n persoon sy eie belang laaste plaas, ter wille van die eglied. Hy of sy sal altyd ingee ter wille van die ander persoon.

Kom tot 'n vergelyk - albei se belang word beskerm. Hy of sy sal luister na die ander persoon en 'n middeweg probeer vind wat vir albei aanvaarbaar is.

Wegbeweeg - die argument word gestaak. Albei partye stem saam dat hulle verskil, maar geen oplossing word gevind nie.

Samewerking - 'n hoë waarde word aan albei partye se belang gegee. Niemand gee in ter wille van iemand anders nie. 'n Oplossing word gevind wat die beste vir albei partye is.

Lauer et al. (2000:280-282) wys daarop dat konflik wel 'n funksie het binne die huwelik en dat dit positief aangewend kan word in die sin dat huweliksmaats mekaar soms beter daardeur kan leer ken. Dit is belangrik vir verhoudingsmaats om na die waarde van 'n argument te kyk. Sekere argumente gaan oor onbenullighede. Wanneer persone gefrustreerd is, is dit soms meer sinvol om die frustrasies op meer effektiewe wyses, byvoorbeeld deur middel van oefening, humor of sport te ontlaai. Wanneer 'n saak egter ernstig is, is dit nodig om 'n alternatief te vind wat beide partye sal pas. Dit is nie bevorderlik vir 'n verhouding om net in te gee ter wille van 'n ander terwyl die persoon nie gelukkig

of gemaklik is met die situasie nie. Soms is dit wel nodig om opofferings te maak, maar dan moet dit nie later teen die verhoudingsmaat gebruik word nie. Dit is belangrik om op die probleem te fokus en nie op die ander persoon nie, terwyl tydsberekening ‘n belangrike aspek is om in aanmerking te neem. Deur stil te bly, gaan ‘n probleem nie opgelos word nie, maar soms is dit noodsaaklik om vir ‘n meer gesikte tyd te wag en nie dadelik aan te val nie. Ten spyte van konflik, bly dit belangrik dat huweliksmaats aan mekaar kommunikeer dat hulle steeds lief is vir mekaar.

2.2.4.3 INTIMITEIT

Intimitet word geskep wanneer twee persone in ‘n verhouding tot mekaar staan, hetby dit ‘n liefdesverhouding of slegs ‘n vriendskapsverhouding is. Wanneer persone mekaar beter leer ken, ontwikkel daar dikwels ‘n emosionele band tussen hulle wat tot intimitet kan lei. Intimitet is meer as seksuele nabyheid. Dikwels bestaan daar emosionele intimitet tusssen persone, sonder enige seksuele nabyheid, maar wanneer twee persone lief is vir mekaar, lei emosionele nabyheid dikwels tot seksuele intimitet. Persone wat traumatiese kinderjare beleef het, ervaar dikwels ongemak om intiem te verkeer, deurdat vertroue in nabye verhoudings voorheen geskend is en so ‘n persoon moeilik weer ‘n ander persoon naby aan hom- of haarself kan toelaat. Dit is belangrik om die omvang van intimitet te verstaan, ten einde die invloed van trauma, en veral van seksuele molestering, op ‘n persoon se intimitetsverhoudings binne die bepaalde konteks te begryp.

a) DEFINIËRING VAN INTIMITEIT

Die woord “intimitet” beteken meer as net ‘n seksuele verhouding. Hansen (1991:83) noem dat intimitet verwys na die kwaliteit van ‘n binding met ‘n ander persoon wat ‘n behoefte is by all lewende wesens. ‘n Intieme verhouding omvat liefde, teerheid en toegeneentheid en deelnemers ervaar kameraadskap, ‘n gevoel van privaatheid en vertroue in hulle verhoudingsmaats. Seksuele nabyheid kan ook deel vorm van ‘n intieme verhouding.

Morin en Levenson (2002:171) verwys na intimiteit as wanneer 'n persoon werklik hom- of haarself kan wees by 'n ander persoon en dit nie nodig vind om 'n ander beeld van hom- of haarself voor te gee nie. Dit is ook wanneer 'n persoon oopregte nabyheid met 'n ander persoon ervaar en nie nodig het om 'n spel te speel nie. Binne hierdie nabyheidsverhouding word onvoorwaardelike omgee ervaar. So 'n persoon kan sy of haar gevoelens verbaliseer en sy of haar diepste gevoelens deel. Intimitet is dus om 'n ander persoon ten volle te ken asook self ten volle deur daardie persoon geken te word.

Whitfield (1993:130) beskryf 'n intieme verhouding as 'n proses waartydens twee persone oor 'n tydperk, in 'n verhouding tot mekaar staan en kongruent teenoor mekaar optree. Piorkowsksi (1994:9-12) verwys ook na intimiteit as nabyheid en 'n proses waar persone aan mekaar verbind word. Sy beklemtoon dat persone in 'n intieme verhouding kwesbaar is in 'n atmosfeer van vertroue, aanvaarding en respek. Sy verwys verder na drie vorme van intimiteit, naamlik fisies, emosioneel en verbaal. Al drie is belangrik vir stabiliteit in 'n gesonde huwelik.

Dit is dus duidelik dat intimiteit nabyheid en gemaklikheid tussen twee persone skep waar elkeen hom- of haarself kan wees en waar hulle mekaar kan vertrou om kwesbaar, sonder onnodige angs, te wees. Gedurende die kinderjare leer persone om te vertrou en nabyheid toe te laat. Wanneer daar egter in die kinderjare trauma plaasvind wat 'n persoon se vertroue in die wêreld skend, is dit moeilik om in intieme verhoudings betrokke te raak. Daar sal vervolgens gekyk word na die wyse waarop die gesin van herkoms 'n persoon se intimiteitsverhoudings beïnvloed.

b) DIE INVLOED VAN DIE GESIN VAN HERKOMS

Hoe 'n persoon die wêreld ervaar en beleef, hang af van hoe daardie persoon as kind aan die wêreld blootgestel word. Ouers is 'n kind se primêre versorgers en behoort 'n kind te beskerm teen negatiewe invloede. Wanneer ouers nie daarin slaag om hulle kinders teen trauma te beskerm nie, leer kinders dat hulle ouers

nie betroubare persone is nie. Hulle leer verder om nie meer vertroue in ander mense te hê nie en is altyd bedag op verdere teleurstelling. Tensy hierdie denkwyse aangespreek word, sal so 'n persoon deurlopend agterdogtig in verhoudings optree en niemand naby aan hom- of haarself toelaat nie. Laasgenoemde kan gesien word as 'n verdedigingsmeganisme wat persone gebruik om hulself teen verdere seerkry te beskerm.

Piorkowski (1994:17-22) dui aan dat "...the kind of loss or trauma we experienced in our childhoods affects the degree to which we can become intimate. The nature of the damage and its timing also affect the kinds of unmet emotional needs and the specific fears of intimacy that we carry with us". Verder noem sy dat verwaarlozing en kwesbaarheid onsekerhede rondom intimiteit kan beïnvloed. Frustrasie aan emosionele behoeftes in die kinderjare veroorsaak vrese rondom intimiteit in 'n persoon se latere lewe. 'n Volwasse persoon mag 'n intense behoefte hê aan nabyheid, liefde en beskerming, maar die vrees vir intimiteit daarmee saam, kan die gevolg hê van 'n swak keuse van 'n huweliksmaat. As kind speel ouers die grootste rol in die skep van intimiteit vir die kind. Broers, susters, familielede, onderwysers en beste vriende dra verder by tot intieme verhoudings. Die graad van vertroue, emosionele behoeftes en vrese vir initimiteit word huis deur hierdie persone beïnvloed. As 'n persoon se vertroue misbruik word deur hierdie persone, sal 'n verwagting van misbruik van vertroue in elke nuwe verhouding teenwoordig wees. Die teenoorgestelde is dus ook moontlik.

Volgens Piorkowski (1994:135) is die algemene faktore wat aanleiding gee tot konflik rondom 'n seksuele keuse die volgende: intense aangetrokkenheid tot en idealisering van 'n ouer, vroeë verlies van 'n ouer, verwerpning, seksuele misbruik, kritiek en ekstreme onvoorspelbaarheid van 'n ouer. Indien die individu gedetermineerd is om die pyn van sy of haar kinderjare te oorwin, kies hy of sy 'n persoon net soos die ouer. Indien verwerpning in die kinderjare 'n groot rol gespeel het, word 'n verhoudingsmaat gekies wie se persoonlikheid of fisiese voorkoms totaal verskil van dié van die ouer.

Intimitet tussen volwassenes word dus gevorm reeds binne die gesin van

herkoms. Hoe 'n persoon daarop reageer, hang grotendeels af van hoe so 'n persoon geleer het om nabye verhoudings te hanteer in die kinderjare. Wanneer 'n persoon in 'n gesonde gesin groot word waarin ouers as egliese 'n positiewe en volwasse verhouding met mekaar gedemonstreer het, behoort die persoon nie probleme met intimiteit te ondervind nie. Soos reeds aangedui, wanneer 'n persoon se vertroue in die kinderjare geskend is, of waar verwarring en dubbelboodskappe tusssen ouers en kinders gekommunikeer is, is die moontlikheid groot dat so 'n persoon eerder sal wegskram van intimiteit (Whitfield, 1993:47–60).

Sodra 'n persoon dus in 'n verhouding met 'n spesiale persoon tree, kan negatiewe invloede uit die kinderjare op 'n onbewustelikevlak 'n verhouding nadelig beïnvloed, aangesien vertroue in vorige verhoudings geskaad is. Die persoon vorm dus 'n negatiewe assosiasie met nabyleid in verhoudings. Dit is belangrik om in hierdie studie intimiteit in verskillende tipes verhoudings verder te eksplorere.

c) INTIMITEIT IN DIE VERHOUDING

'n Verhouding tussen twee individue kan feitlik nie bestaan sonder intimiteit nie. Daar is verskillende vlakke van verhoudings wat verskillende vlakke van intimiteit skep. Selfs in 'n vriendskapsverhouding is daar 'n mate van intimiteit betrokke. Persone benader intimiteit verskillend en oorwegend is daar 'n verskil van hoe mans en vrouens dit beleef. Hoe dit ook al sy, intimiteit in verhoudings is belangrik en ten einde 'n verhouding positief te laat ontwikkel, is dit noodsaaklik dat intimiteit verdiep.

Volgens Morin et al. (2002:172-183), het alle persone 'n behoefté aan intimiteit en ervaar almal ook seksuele behoeftes. Soos 'n persoon ouer raak, word hy of sy meer bewus van die behoefté aan intimiteit aangesien seksuele nabyleid, sonder intimiteit, leeg en onbevredigend raak. Sommige persone poog om intimiteit te ontwikkel deur middel van seksuele kontak, maar dit skep slegs 'n illusie van nabyleid. Ware intimiteit word nooit maklik of vinnig bereik nie, maar beteken

eerder om oop te maak teenoor 'n ander persoon en die risiko te neem vir moontlike pyn of verwerpning. Vir sommige persone is die risiko te groot en hulle gebruik dan eerder seksuele verhoudings om die idee van nabyheid te skep. Hierdie pad impliseer egter dat 'n persoon nie in staat is om nabyheid met 'n ander persoon te skep nie. Om in 'n verhouding verbind te wees tot daardie persoon beteken om vertroue en intimiteit in 'n verhouding te ervaar. Wanneer 'n persoon glo in die toekoms van 'n verhouding, is die skep van vertroue en intimiteit oorwegend makliker. Intimitet is dus 'n proses en dit begin by die geloof dat 'n persoon dit werd is om voor lief te wees.

Dit is duidelik dat seksualiteit slegs 'n klein deeltjie van intimiteit uitmaak en dat emosies die grootste gedeelte van 'n intieme verhouding vorm. Intimitet in 'n verhouding verwys na daardie aspekte wat twee persone deel, naamlik kommunikasie en gevoelens van pyn. In 'n intieme verhouding is die partye meer blootgestel aangesien hulle gewoonlik meer van hulself met mekaar deel as met enige ander persoon. Die intensiteit van intimiteit in 'n liefdesverhouding verskil van diè van 'n vriendskapsverhouding. Intimitet kan dus beskou word as 'n proses wanneer daar deur middel van die uitdrukking van gedagtes, gevoelens en gedrag gepoog word om op alle vlakke nader aan volmaakte kommunikasie te beweeg. Vriendskapsliefde is wanneer 'n persoon affeksie toon vir die mense by wie hy of sy betrokke is.

Piorkowski (1994:127-135) bevestig dat daar verskille tussen mans en vrouens is rakende intimiteit. Vrouens praat makliker oor nabyheid en gevoelens, waar fisiese nabyheid vir mans weer meer belangrik is. Vrouens verkies dus gewoonlik om eers emosionele intimiteit te skep voordat hulle in 'n seksuele verhouding inbeweeg. Vir sommige mans is seksuele nabyheid eerder die wyse om emosionele nabyheid te ervaar. Vrouens internaliseer intimiteit ook meer as mans, dink meer daaroor en heg meer waarde daaraan. Sy bevestig dat vrouens baie keer hulle identiteit bou op hulle intieme verhoudings.

Die moontlikheid bestaan dat gevoelens uit die kinderjare oorgedra kan word na die volwasse lewe. Die boodskappe wat kinders by ouers kry, word ook die

boodskappe wat hierdie kinders van ander verwag. As 'n persoon leer dat liefde net ervaar word wanneer mense vriendelik is, is dit moontlik dat so 'n persoon steeds in volwassenheid op dieselfde wyse sal reageer en dus gevoelens ter wille van aanvaarding en liefde sal wegsteek. Dit is egter elke individu se behoefté om onvoorwaardelik liefde te ontvang. Soms verwag 'n persoon dat die verhoudingsmaat presies moet weet hoe hy of sy oor laasgenoemde dink en voel. Dit spruit waarskynlik voort uit die behoefté om ten volle geken te word en liefde te ontvang. Ander behoeftes wat persone graag sou wou bevredig deur die intieme verhoudings rondom hulle, is die behoefté aan liefkosing, aan beskerming en die behoefté om spesiaal te wees. 'n Persoon kan egter maklik teleurgestel word, aangesien ander persone nie altyd ten volle weet wat van hulle verwag word nie, vanweë hulle eie verwysingsraamwerke (Piorkowski, 1994:83-96).

Intimititeit bestaan uit 'n sekere aantal komponente, waarvan die belangrikste in hierdie studie bespreek sal word. Seksualiteit en liefde speel 'n groot rol binne 'n intimiteitsverhouding in 'n huwelik en seksuele intimititeit is slegs een wyse om 'n dieper vlak van intimititeit te bereik. Sonder liefde sal dit ook moeilik wees om werklik intimititeit te bereik. Dit is egter vir sekere individue moeilik om in 'n huwelik so naby aan 'n ander persoon te beweeg, aangesien die blootstelling aan nabyheid met vrees vir verwerping gepaard gaan en risiko's geneem moet word in 'n poging om die hoogste vlak van intimititeit te bereik.

d) KOMPONENTE VAN INTIMITEIT

Intimititeit is 'n omvattende begrip en bestaan uit verskeie komponente. Dit sluit emosionele, fisiese en seksuele nabyheid in, alhoewel in meeste verhoudings slegs sekere van hierdie komponente teenwoordig is. Wanneer 'n individu byvoorbeeld as kind gemolesteer is, word intimititeit in die liefdes- en seksuele verhouding veral bemoeilik. In so 'n geval bring intimititeit sekere vrese mee aangesien so 'n persoon se persoonlike grense as kind sodanig binnegedring was en dat hulle as volwassenes nie persoonlike beheer ervaar wanneer nabyheid geskep word nie. Dit is faktore wat die liefdes- en seksuele verhouding verder kan kompliseer en intimititeit binne hierdie verhoudings in 'n groot mate onmoontlik maak. Hierdie

komponente, naamlik seksualiteit en liefde, vrese en risiko's, asook grense word vervolgens meer volledig bespreek.

- Seksualiteit en liefde

Volgens Lauer et al. (2000:82-86) is persone seksuele, sosiale, sowel as biologiese wesens. Daar is sekere biologiese prosesse wat in 'n persoon se liggaam plaasvind tydens 'n seksuele ervaring. Selfs al is seksualiteit een van die basiese dryfkragte in individue en al is dit 'n aksie wat natuurlik plaasvind, is daar ook aangeleerde gedrag rondom seksualiteit. Geslagsrolle en geslagsroloriëntasie beïnvloed onder andere ook seksuele gedrag.

Lauer et al. (2000:87-101) stem saam met Erich Fromm, wat verskil van die Freudiaanse uitkyk, wanneer hulle meen dat daar 'n groter behoefté aan intimiteit is as die behoefté aan seksuele toenadering. Wanneer daar afgewyk word van dit wat geglo word die norm is, kan paartjies moontlik met skuldgevoelens gekonfronteer word en die gemeenskap of selfs familielede kan hulle daaroor kritiseer. Tradisioneel is byvoorbeeld geglo dat vrouens nie seksuele intimiteit geniet nie aangesien dit bloot 'n huweliksverpligting is. Wanneer 'n vrou dit dus wel geniet of dit weier wanneer haar man dit versoek, kan dit verwarring in die spesifieke rolle van elkeen in die huwelik meebring. Vervulling kan dus sonder seksuele gemeenskap plaasvind, maar nie sonder intimiteit nie. Seksuele verhoudings is slegs een manier om intimiteitsbehoeftes te vervul. Seksuele gemeenskap net ter wille van die fisiese ervaring (sonder 'n verhouding) het min waarde vir 'n persoon, omdat dit geen intimiteitsbehoeftes vervul nie. Dit kan wel 'n wyse wees om uitlating te gee aan die behoefté aan intimiteit.

Volgens Benokraitis (1996:172-173) kan seksuele gemeenskap 'n uitdrukking van liefde en affeksie wees, 'n wyse om intimiteit te verhoog en selfopenbaarmaking aan te moedig. Dit is verder 'n wyse vir twee persone om interafhanklik van mekaar te raak. Een manier vir persone om te wys dat hulle lief is vir mekaar, is op 'n fisiese wyse. Hoe meer intens die emosionele

verhouding word, hoe meer gemak ervaar verhoudingsmaats om emosies te deel en hoe meer intens raak die fisieke verhouding. Seksuele gemeenskap vind gewoonlik plaas tussen twee persone wat vir mekaar omgee en omrede dit nie met enige ander persoon gedeel word nie, is dit 'n teken dat die persoon met wie dit gedeel word, spesiaal is. Wanneer 'n seksuele verhouding gevorm word, bring dit ook meer nabyheid mee en emosies word makliker gedeel, aangesien dit ook 'n wyse is om uitdrukking te gee aan emosies. Wanneer soveel tussen partye gedeel word, word dit egter moeiliker om uit so 'n verhouding te tree.

Dit is van babatyd af belangrik om intimiteit te beleef aangesien dit volwassenes vorm wat emosionele intimiteit kan skep en handhaaf. Individue wat op 'n gesonde wyse aan intimiteit blootgestel is, is ook meer tevrede en gelukkiger aangepaste volwasse persone. 'n Intieme verhouding word gekenmerk deur 'n wedersydse verbintenis, liefde en mededeelsaamheid (Lauer et al., 2000:119-120).

Volgens Levine (1992:37-48) is dit essensieel dat persone hulle gevoelens met ander deel, sodat hulle uiteindelik emosionele intimiteit kan bereik. Dit lei nie altyd tot seksuele gedrag nie, maar wanneer twee persone in 'n liefdesverhouding staan en hulle emosionele intimiteit deel, kan dit wel tot 'n seksuele verhouding aanleiding gee. Dit bied 'n goeie basis vir 'n seksuele verhouding aangesien persone so hulself en die ander persoon se diepste menswees ontdek. Indien persone nie in staat is om op 'n emosionele wyse intimiteit binne 'n verhouding te skep nie, word daar op 'n seksuele wyse daarvoor gekompenseer. Hierdie soort verhoudings sal waarskynlik nie lank instand gehou kan word nie, aangesien 'n seksuele verhouding ook intimiteit tussen twee persone impliseer om uiteindelik tot vervulling te lei. Mackey et al. (1995:75-97) bevestig dat emosionele intimiteit baie belangriker is as bloot 'n seksuele verhouding. Dit is dus belangrik dat twee persone wat in 'n huweliksverhouding is en liefde aan mekaar kommunikeer, van hulself moet deel sodat hulle emosionele intimiteit kan bereik wat weer tot seksuele intimiteit kan lei. Dit impliseer dat die fisieke en emosionele behoeftes van beide partye gekommunikeer moet word.

Die voorafgaande stel dit dus duidelik dat vir 'n egpaar wat getroud is, die seksuele verhouding geen waarde het as daar nie ook emosionele intimiteit in die verhouding bestaan nie. Dit is egter nodig vir verhoudingsmaats om veilig te voel in 'n verhouding alvorens intimiteit ten volle bereik kan word. Daar is egter belangrike redes waarom sommige individue oorversigtig is om emosioneel betrokke te raak in 'n verhouding. Wanneer dit wel gebeur, is dit belangrik dat die moontlike vrese en risiko's wat daartoe kan aanleiding gee, geëksplorieer word.

- **Nabyheid**

Om in 'n intieme verhouding met iemand te staan, beteken om relatief naby aan daardie persoon te beweeg en om jou diepste self aan daardie persoon te ontbloot. Om dit te doen stel 'n individu hom- of haarself bloot aan kritiek, verwerping en ander negatiewe reaksies waardeur hy of sy verliese kan ervaar. Om lief te hê, beteken dat 'n persoon een of ander tyd ook pyn gaan ervaar, moontlik omdat hy of sy die meeste kwesbaar is in 'n intieme verhouding. Dus kan die ervaring van liefde en pyn twee prosesse wees wat gelyktydig kan plaasvind. Wanneer 'n persoon as kind seksueel gemolesteer is, het die nabye verhouding met die molesteerde onveilig geword en gelei tot emosionele pyn wat dikwels jare later nog teenwoordig is. Die assosiasie met 'n nabye verhouding kan dus oorweldigend raak en die slagoffer van seksuele kindermolestering kan moontlik verskeie pogings aanwend om daarvan te ontsnap.

Piorkowski (1994:39-40) noem dat wanneer 'n persoon in vorige verhoudings pyn beleef het, hy of sy vrees ervaar om in 'n volgende verhouding in te beweeg. Die belangrikste vrese volgens Piorkowski (1994:40-84) en Derlega (1984:210-213) kan soos volg verduidelik word:

- **Vrees vir blootstelling**

Die persone wat die naaste aan 'n ander persoon beweer, weet gewoonlik

die meeste van daardie persoon. Hierdie kennis verwys na agtergrond, waardes, innerlike sterk- en swakpunte, eienaardighede, drome en vrese. In 'n intieme verhouding voel 'n persoon dus naak, weerloos, onbeskermd en blootgestel. Die persoon wat in hierdie intieme ruimte ingelaat word, sien die minder goeie kant van daardie persoon wat skaam en skuldig daaroor kan voel. Met al hierdie kwesbaarhede en swakhede wat ontbloot word, vrees die persoon veragting of verwerping.

- *Vrees om beheer te verloor*

Sommige persone ervaar benoudheid in 'n intimiteitsverhouding, wat weer tot 'n gevoel van hulpeloosheid kan lei. 'n Oorvloed van emosies wat dikwels aan die begin van 'n verhouding ervaar word, kan die gevoel skep dat persone beheer oor hulle emosies verloor. Ambivalente gevoelens wat later in 'n verhouding ontwikkel, kan ook 'n gevoel van verlies aan beheer meebring. 'n Maat wat irrasioneel of versteurd is, kan die ander party ook totaal buite beheer laat voel. Sommige individue het so 'n groot behoefte om in beheer te wees, dat hulle nie kan insien dat ander persone en omstandighede ook 'n rol speel in die tema van beheer nie. Die feit dat 'n verhouding nie altyd uitwerk soos beplan nie, laat hulle net nog meer buite beheer voel.

- *Vrees om outonomie te verloor*

In 'n intieme verhouding vorm twee persone 'n eenheid van liggaam en siel. Die idee om so naby aan iemand anders te kom, kan vir sommige individue vrees meebring, aangesien dit soos versmoring kan voel. Die vrees dat grense tussen die self en ander sal vervaag, veroorsaak verwardheid rakende die oorsprong van gevoelens of idees en kan ongemak skep. In 'n verhouding is dit belangrik om kompromis aan te gaan en dit beteken nie noodwendig dat persone hulle outonomie prysgee nie.

- *Vrees vir aanval*

'n Verhoudingsmaat ervaar die vrees dat indien 'n ander verhoudingsmaat te naby aan hom of haar kan beweeg, hulle die reg het om die ander aan te

val deur middel van kritiek, skreeu, spot of fisieke aanranding. Kritiek is die mees algemene vorm van aanval en sodra iemand gekritiseer of sleg gesê word, word sy of haar selfwaarde onmiddellik aangetas. Selfwaarde word onder andere gebasbeer op inligting wat 'n persoon van die persoon naaste aan hom of haar, ontvang. Waar 'n persoon as kind aan 'n konteks van gesinsgeweld blootgestel was, bly die vrees vir fisieke of emosionele aanval deur ander persone naby aan daardie persoon, altyd intens. Die rede vir laasgenoemde is dat vorige ervarings van mishandeling verbind kan word met skuldgevoelens en vrees vir straf en 'n persoon bly bang om weer dieselfde tipe trauma te herleef.

- *Vrees vir teleurstelling en verraad*

'n Persoon trou gewoonlik met 'n ander individu omrede hulle glo dat hierdie persoon oor sekere kwaliteite beskik. Wanneer 'n persoon later uitvind dat hierdie kwaliteite nie werklik manifesteer nie, kan dit teleurstelling skep. Met 'n geskiedenis van teleurstellings, is 'n persoon gewoonlik meer versigtig om weer teleurgestel te word. Ontrouheid is onder ander 'n vorm van verraad en in so 'n situasie soek die persoon by hom- of haarself die fout vir die ander se ontrouheid. Bloedskande kan ook gedefinieer word as 'n vorm van verraad, aangesien die kinders nie deur die nie-bloedskandige ouer beskerm word nie en selfs verraai kan word. Die kind ervaar gevvolglik 'n gevoel van verwarring, hulpeloosheid en skuldgevoelens wat oorgedra kan word na die volwasse lewe. Laasgenoemde manifesteer dan in die volwasse verhoudings op so 'n wyse dat hierdie persone ongemak ervaar om gemaklik in 'n intimiteitsverhouding te wees en ook spesiaal te voel. Sodanige assosiasie met die verlede gee daar toe aanleiding dat hierdie persone eerder uit die intimiteitsverhouding ontvlug.

- *Vrees vir skuldgevoelens*

Sommige individue voel skuldig oor alles wat verkeerd gaan in die verhouding. Vir hierdie persone is dit moeilik om die verantwoordelikheid van 'n verhouding te deel, omdat hulle dadelik die skuld vir die ongemak

aanvaar. Ander weer voel skuldig as hulle onttrek van 'n liefdevolle maat. Hierdie persone kan ook skuldig voel as hulle nie dieselfde liefde aan 'n maat bewys as wat hulle van laasgenoemde ontvang nie.

- **Vrees vir verwerping en verlating**

Verwerping word gewoonlik deur die persoon geïnterpreteer as 'n aanduiding dat daar 'n probleem by hom- of haarsel kan wees. Omdat verwerping 'n fundamentele bedreiging vir 'n gevoel van selfwaarde is, word dit gevrees – gegrond of ongegrond. Die intensiteit van vernietiging van 'n persoon se selfwaarde is direk verbind met die kwaliteit van so 'n persoon se selfbeeld. Hoe sterker 'n persoon se selfbeeld is, hoe minder gaan die effek van verwerping wees. Die wyse van verwerping het ook 'n invloed op die effek daarvan. Die mees algemene vorm van verwerping is die afwesigheid van aandag, met ander woorde, om geïgnoreer te word. Dit laat 'n persoon gewoonlik voel asof iemand anders belangriker is en dat hy of sy verlate agter bly met sy of haar eie behoeftes. Wanneer 'n persoon in 'n verhouding staan waar sy of haar opinies of gevoelens nooit tel nie, voel daardie persoon onbelangrik, asook of daar nie vir hom of haar omgegee word nie.

- **Grense**

Intieme verhoudings bring konstante nabyheid mee. Sommige persone is nie gemaklik met die intensiteit van nabyheid wat intieme verhoudings meebring nie, weens hulle eie vrese soos wat reeds verduidelik is. In 'n poging om 'n verhouding wel te laat slaag, is dit nodig dat so 'n persoon veiligheid ervaar. Die ander huweliksmaat kan ook 'n bydrae lewer om veiligheid vir die ander maat te skep, deur vir sekere grense in 'n huwelik te onderhandel. Whitfield (1993:1-5) bevestig laasgenoemde, wanneer hy die volgende verduidelik: "A boundary or limit is how far we can go with comfort in a relationship. It delineates where I and my physical and psychological space end and where you and yours begin. Boundary is a concept that provokes a real experience within us". Dit impliseer dus dat dit belangrik is dat so 'n persoon sy of haar eie

grense en beperkings moet ken in 'n poging om te ontdek wie hy of sy werlik is. Solank persone hulself nie volkome ken nie, is dit moeilik om verhoudings in stand te hou, hetby dit verhoudings met kenis, vriende, nabye of intieme verhoudings is. Om 'n persoon se eie grense te ontdek, is dit nodig vir so 'n persoon om sy of haar eie innerlike lewe te ken, wat insluit dit waaraan die persoon glo, sy of haar gedagtes, gevoelens, besluite, keuses en ondervindinge. Dit sluit ook behoeftes, sensasies in die liggaam, intuisie en sekere onbewustelike faktore in. Buigbaarheid en aanpasbaarheid in 'n verhouding kan daar toe bydra dat 'n persoon hom- of haarsel beter leer ken. 'n Persoon wat te buigbaar of aanpasbaar is, kan makliker deur 'n maat misbruik word, aangesien die persoon nie van sy of haar eie grense bewus is nie. 'n Persoon met gesonde grense sal dus minder deur ander persone misbruik kan word.

Ter wille van die sukses van 'n verhouding, is dit nodig om in verskillende lewensareas grense te stel, wat insluit die fisiese, geestelike asook emosionele. Fisiese areas is onder andere:

- geraas
- rook
- klere
- kos
- blyplek
- geld
- eiendom
- geskenke
- fikiese nabyheid
- aanraking
- seksuele gedrag
- oogkontak
- privaatheid
- tyd
- energie.

Emosionele areas sluit in:

- dit waaraan 'n persoon glo
- gedagtes en idees
- gevoelens
- besluite
- keuses
- onverwerkte sake
- projeksies
- seksualiteit
- behoeftes
- alleen-tyd
- intuïsies
- individuele verskille
- liefde
- belangstellings
- verhoudings
- geheime
- deelname
- rolle
- reëls.

Geestelike areas is diè van:

- persoonlike ondervindinge
- verhouding met die ware self
- hoër self en hoër krag
- geestelikheid en geloof (Whitfield, 1993:5-10).

Dit beteken dus dat persone moet weet hoe hulle oor hierdie aspekte dink en voel en dat hulle met oortuiging dit kan behou en nie nodig het om verskoning te vra vir hulle eie persepsies nie.

Duidelike persoonlike- en intergeneratiewe grense word gedurende die kinderjare gevorm. Gesinslede leer van mekaar watter oortuigings en optredes gepas is. Ouers wie se eie grense duidelik is, sal ruimte skep waarbinne hulle

kinders se persoonlikhede kan ontwikkel en leer om binne sekere duidelike grense keuses te maak. In die geval van onstabiele gesinne is dit vir kinders moeilik om laasgenoemde te bereik, aangesien ouers hul eie mislukkings op hul kinders projekteer. Hierdie proses gee aanleiding daartoe dat kinders beperk word om hul lewenswêrelde te ontdek, wat insluit hul eie persoonlike grense. In die geval van bloedskande waar ouers kinders se persoonlike grense oortree, leer die kinders nooit dat hulle mag nie sê nie, of hulle het so 'n groot behoefte om hulself te beskerm dat hulle rigied raak en niemand of niks binne hul lewensruimte inlaat nie. Duidelike grense ondersteun dus 'n persoon om van hom- of haarsel met ander te deel (Whitfield, 1993:47-79).

In intieme verhoudings is dit soms nodig om grense te verskuif aangesien verhoudings uit verbintenis en risiko's bestaan. Verhoudings impliseer kompromieë en 'n proses van "gee-en-neem". 'n Persoon het dit soms nodig om die ander party te akkommodeer en die persoon binne sy of haar eie grense toe te laat. Dit beteken egter dat dit nodig is vir beide persone om hulle eie behoeftes en grense te ken en veilig te voel daarvan. Whitfield lê egter klem daarop dat geen persoon ooit 'n ander persoon sal ontmoet wat al sy of haar behoeftes kan bevredig nie. Dit is dus belangrik om meer as een vriend te hê waarmee 'n persoon gevoelens en belangstellings kan deel. Hy noem die volgende nege areas wat in 'n verhouding gedeel kan word, terwyl minstens vier of vyf areas deel behoort te wees van 'n intieme verhouding:

- sosiaal
- intellektueel
- emosioneel
- fisiek
- rekreasie
- estetiek
- toegeneentheid
- seksueel
- geestelik.

Volgens Whitfield (1993:139-140) skep die volgende aspekte wat met ongesonde grense geassosieer kan word, probleme in verhoudings met ander:

- *Vrees vir verlating*

Wanneer persone deurentyd bang is dat ander verhoudingsmaats hulle sal verlaat, moontlik vanweë 'n ouer of ander belangrike persoon wat die persoon as kind verlaat het, is dit moontlik dat die persoon in 'n poging om die huweliksmaat te behou, uiterste gedrag kan aanwend. 'n Persoon kan byvoorbeeld uiters jaloers wees of die persoon sal vir die ander huweliksmaat alles wil doen om so 'n persoon as huweliksmaat te behou. So 'n persoon kan ook 'n slagofferrol inneem en die maat teen sy of haar sin dwing om in die verhouding te bly.

- *Selfaanvaarding wat ontbreek*

Wanneer selfaanvaarding ontbreek, is dit moeilik vir die persoon om te glo dat hy of sy aanvaarbaar is vir ander. Binne 'n huwelik sal hierdie persoon dus agterdogtig bly oor die huweliksmaat se bedoelings en intensies en nie aanvaar dat die huweliksmaat net onvoorwaardelik liefde wil betoon nie.

- *Beheer*

Persone wat as kinders getraumatiser is, het veral 'n behoefté aan beheer, aangesien alle beheer as kind van hulle weggeneem is. So 'n persoon sal tot die uiterste gaan om in beheer van 'n situasie te voel. Wanneer hierdie gedrag voortduur, kan dit later vir die huweliksmaat onuithoubaar raak aangesien daar geen komplimentariteit in die verhouding is nie en die ander persoon dus deurentyd die een is wat al die keuses en besluite sal neem.

- *Vertroue*

Dit is noodsaaklik vir twee persone in 'n verhouding om mekaar te vertrou. Wanneer vertroue nie teenwoordig is nie, gaan die een party altyd hom- of haarself moet bewys en kan oor 'n tydperk waarskynlik te moeg raak om dit in stand te hou.

- *Egtheid*

Om eg te kan wees, is dit belangrik dat 'n persoon hom- of haarself ten volle ken. Vir iemand wat onsekerheid hieroor ervaar, is dit feitlik onmoontlik om kongruent in verhoudings te bly. Wanneer egtheid ontbreek, bemoeilik dit 'n stabiele en betekenisvolle verhouding.

- *Gevoelens*

In 'n verhouding is dit belangrik dat persone in voeling is met hul eie gevoelens, en is dit ook noodsaaklik om met mekaar daaroor te praat. Wanneer verhoudingsmaats hulleself en die ander persoon se gevoelens begryp, kan dit lei tot 'n intieme verhouding. Daarsonder is dit moeilik om 'n verhouding in stand te hou.

- *Afhanklikheid*

Wanneer een party in 'n huwelik afhanklik raak van die ander party, plaas dit onnodige druk op die verhouding, omdat daar van so 'n persoon verwag word om deurentyd aan die huweliksmaat se verwagtings en behoeftes te voldoen. Die druk kan vir die een party te veel raak, terwyl die ander party nooit tevrede sal wees met die pogings van die huweliksmaat nie.

- *Treur oor verliese*

Verliese in die kinderjare of in vorige verhoudings kan emosionele pyn by 'n persoon skep. Dit is egter nodig om deur hierdie pyn te werk, aangesien 'n persoon onregverdige eise aan huweliksmaats stel wanneer sy of haar eie pyn nog nie verwerk is nie. Pyn rondom verliese wat nie verwerk is nie, laat 'n persoon met onduidelike grense, wat druk op die verhoudingsmaat plaas, aangesien daar deurentyd onsekerheid tussen die partye bestaan.

- *Alles-of-niks denke en gedrag*

Wanneer 'n persoon slegs in uiterstes leef, is dit moeilik vir 'n huweliksmaat om eersgenoemde tevrede te stel. Hierdie tipe persoon gun

nie ruimte vir 'n ander unieke persoon nie, maar dwing sy of haar eie gevoelens op ander af.

- *Hoë toleransie vir onvanpaste gedrag*

Soms is die enigste manier om die aandag en belangstelling van ander te kry, deur onvanpaste gedrag te openbaar. So 'n persoon tree dikwels inkongruent op en 'n verhoudingsmaat weet nooit wat om te verwag nie.

- *Oordrewe verantwoordelikheid vir ander*

Wanneer 'n persoon se grense vaag is, is dit moeilik om te weet waar verantwoordelikheid eindig. Hierdie persone kan maklik oorverantwoordelik begin voel vir ander mense, omdat hulle bang is om later skuldig te voel dat hulle niks gedoen het nie. Hulle probeer dus te veel doen in 'n poging om erkenning te ervaar.

- *Verwaarlozing van ons eie behoeftes*

Ook in hierdie geval is 'n persoon dalk bang dat ander hom of haar as selfsugtig beleef en poog dan om daarvoor te kompenseer deur op ander te fokus. In die proses waartydens hulle hulle eie behoeftes verwaarloos, voel hulle ook soms dat hulle nie die moeite en aandag verdien is nie.

- *Onvermoë om konflik op te los*

Wanneer persone bang is om ander teleur te stel, te verloor of te na te kom, vermy hulle eerder konflik. Die konflik verdwyn egter nie, en dit raak later opgekropte aggressie wat meer skade kan berokken.

- *Onvermoë om liefde te gee*

Gedurende die kinderjare word kinders deur hulle ervarings met ouers geleer om vir ander lief te wees. Wanneer ouers egter nie daarin kan slaag om emosioneel vir hul kinders beskikbaar te wees nie, word kinders verhoed om ander persone onvoorwaardelik lief te hê. In latere jare is dit egter moeilik om hierdie gedrag aan te leer. Wanneer 'n huweliksmaat voel dat hy of sy nie onvoorwaardelike liefde ontvang nie, is dit dikwels nie vir

hom of haar die moeite werd om in die huwelik te bly nie.

- *Onvermoë om liefde te ontvang*

Net soos om liefde te gee, word daar ook in die kinderjare geleer om liefde te ontvang. Wanneer 'n persoon nooit liefde ontvang het nie, glo so 'n persoon dat hy of sy dit nie werd is nie en wantrou dus die verhoudingsmaat se bedoelings. In hierdie proses word die verhoudingsmaat onbewustelik weggestoot (Whitfield, 1993:139–140).

Grense is belangrik vir alle persone. Duidelike grense maak dit vir persone moontlik om gemaklik binne 'n verhouding te bly. Wanneer verhoudingsmaats mekaar se persoonlike grense erken, skep dit gemak binne daardie verhouding. Dit impliseer dat verhoudingsmaats vir mekaar genoeg ruimte binne die intimiteitsverhouding behoort te bied.

2.3 SAMEVATTING

Binne elke persoon se verwysingsraamwerk, moet hy of sy sekere keuses maak, waarvan een keuse is om in die huwelik te tree al dan nie. Binne 'n huwelik word verwagtings aan 'n persoon gestel wat vir sekere persone bedreigend kan wees vanweë so 'n persoon se eie agtergrond en gee hy of sy 'n spesifieke betekenis aan die omgewing en omstandighede. Vir sekere persone is die nabyheid wat 'n huwelik meebring te veel om te hanteer en verkies hulle om eerder enkellopend te bly. Die nabyheid van 'n huwelik bring mee dat intimiteit tussen twee persone ontstaan, wat emosionele, fisieke en seksuele nabyheid insluit. Wanneer 'n persoon as kind gemolesteer is, is 'n persoon se natuurlike vertroue in mense geskend en is dit daarna moeilik om 'n ander sodanig te vertrou dat hulle nabyheid eerder sal vermy. So 'n persoon sal moet leer om definitiewe persoonlike grense te stel en om sekere risiko's te neem binne die konteks van 'n huweliksverhouding. Sonder hierdie vertroue en intimiteit, sal harmonie binne die huwelik moeilik bereik word.

HOOFTUK 3: SEKSUELE MOLESTERING

3.1 INLEIDING

Seksuele molestering is nie 'n nuwe verskynsel in die gemeenskap nie, maar is wel in die verlede as onderwerp vermy. Dit is eers sedert 1986 wat die verskynsel in Suid-Afrika meer belig is. Omdat die verskynsel vir so lank geïgnoreer is, kon hulp ook nie aan die slagoffers van molestering gebied word nie. Die afgelope paar jaar is uitgebreide navorsing op hierdie gebied geloods wat meer lig werp op die gevolge van seksuele molestering, asook die helingsproses van die slagoffer van molestering.

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan die definiëring van seksuele molestering, die Suid-Afrikaanse wet op seksuele misdrywe, statistiek oor molestering, asook die effek van seksuele molestering op die lewe van die volwasse persoon.

3.2 AGTERGROND TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE MOLESTERING

Die verskillende definisies van seksuele molestering, asook die verskillende vorme van molestering sal in hierdie hoofstuk bespreek word. Dit is onduidelik wat die voorkoms van molestering werklik is, omdat die meeste gevalle van molestering nie aangemeld word nie.

3.2.1 DEFINIËRING VAN SEKSUELE MOLESTERING

Die Wet op Seksuele Misdrywe (Wet 23 van 1957) bevat nie tans 'n beskrywing van seksuele molestering nie, maar is dit egter 'n konsep wat deur die publiek gebruik word.

Dolan (1991:1) verwys na seksuele molestering as enige vorm van geforseerde seksuele interaksie tussen twee persone waartydens die molesteerder bepaalde mag oor die slagoffer uitoefen. Volgens Graber (1991:2-4) ervaar kinders 'n

natuurlike behoefte om op 'n gesonde wyse aangeraak te word, maar wanneer 'n kind seksverwante skaamte ervaar, kan dit beskou word as seksuele mishandeling. Dit sluit in molestering, bloedskande of verkragting. Seksuele molestering kan verder beskou word as seksuele interaksie waar die slagoffer onder die ouerdom van agtien (18) jaar is en nie noodwendig 'n familielid van die oortreder is nie.

Seksuele kindermolestering kan verder gedefinieer word as 'n oortreding deur 'n persoon wat sy of haar persoonlike mag misbruik om 'n kind wat kwesbaar is, deur middel van 'n seksuele aktiwiteit te ontmagtig. Dit behels meer as net 'n seksuele handeling, maar verwys ook na die verbreking van vertroue in ander persone en die verbreking van persoonlike grense (Davis, 1991:13). Dinsmore (1991:21-22) stem saam met Davis wanneer beide aanvoer dat enige vorm van seksuele molestering traumatis van aard is, maak nie saak of dit eenmalig of oor 'n lang tydperk plaasgevind het nie. Volgens die "Georgia Council on Child Abuse" in Atlanta word seksuele misbruik gedefinieer as: "A child is exploited for the sexual gratification of an adult or older child. Sexual abuse includes fondling, sodomy, child prostitution, incest, and encouraging or forcing a child to participate in pornographic activities" (Barker, 1998:5).

Die Wet op Seksuele Misdrywe in Suid-Afrika en verskeie skrywers se definisies van seksuele molestering, verskil in 'n mate van mekaar. Alhoewel molestering verskillende vorme en aksies kan insluit, kan dit tog beskou word as enige aksie wat 'n seksuele ondertoon bevat en wat op 'n kind afgedwing word deur 'n volwasse persoon en so 'n magsposisie skep waarbinne die kind die ondergeskikte is. Penetrasie hoef nie noodwendig plaas te vind nie. Slegs liefkosing, masturbasie of blootstelling aan seksuele aktiwiteite kan voorkom, vir so 'n aktiwiteit om as seksuele molestering geklassifiseer te word. Blootstelling aan pornografia is 'n goeie voorbeeld daarvan.

Die huidige Wet op Seksuele Misdrywe word tans hersien. Gedurende Augustus 1999 het die Regskommissie 'n besprekingsdokument gepubliseer waarop professionele persone in hierdie veld kommentaar gelewer het. Die Kommissie

het ook in verskeie stede werkswinkels aangebied om die dokument te bespreek. Gereelde dokumente is daarna beskikbaar gestel en gedurende Julie 2003 is die nuutste voorlopige Wet beskikbaar gestel. Daar word verwag dat die nuwe Wet op Seksuele Misdrywe binnekort gepubliseer sal word.

Navorser is van mening dat dit wel van belang is dat die huidige wet aangepas moet word. Tans beskerm wetgewing net 'n gedeelte van die individue in hierdie land en daar vind uiterste diskriminasie plaas as die verskille in ouderdom tussen seuns en meisies byvoorbeeld in ag geneem word. Die rede vir hierdie mening is dat meisies bo sestienjarige ouderdom wetlik mag toestem tot seksuele aktiwiteite, maar seuns bo negentien jarige ouderdom eers daartoe mag toestem. Dit is belangrik dat daar eenvormigheid sal wees in die omskrywing van misdaad teen mans en vrouens. Die effek van molestering is meestal dieselfde, al het penetrasie nie plaasgevind nie. Dit is dus ook positief dat daar gekyk word na die moontlikheid om die definisie van verkragting te verbreed, sodat die omskrywing van mans as slagoffers ook daarby ingesluit kan word.

3.2.2 VERSKILLENDÉ VORME VAN MOLESTERING

Seksuele molestering neem verskillende vorme aan, soos reeds gemeld is. Barker (1998:5) noem dat seksuele mishandeling dade insluit soos liefkosing, sodomie, kinderprostitusie, verkragting, bloedskande en die forsering of aanmoediging van 'n kind om aan pornografiese aktiwiteite deel te neem.

Dit is belangrik om te meld dat die Wet op Seksuele Misdrywe sy eie beskrywings vir die verskillende vorme van molestering aandui, wat verskillende vorme van straf impliseer. Nieteenstaandie die konteks waarbinne seksuele molestering plaasvind, bly die emosionele effek daarvan grootliks dieselfde.

Die Regskommissie het onder andere gedurende 1999 opdrag gekry om die omskrywing van seksuele misdrywe teen kinders te hersien, maar na heelwat navorsing, het hulle besef dat dit te moeilik is om misdrywe teen kinders te skei van misdrywe teen volwassenes. Die besprekingsdokument wat saamgestel is,

handel dus oor seksuele misdrywe teen kinders en volwassenes. Die Regskommissie het die huidige wette en die regte van kinders volgens die Konstitusie van Suid-Afrika geëvalueer. Verskeie ander lande se wette is ook in ag geneem. Die voorlopige Wet wat gedurende Julie 2003 voorgelê is onderskei tussen verkragting, seksuele skending, orale genitale seksuele skending en onsedelike aanranding. Die verskillende vorme van molestering soos dit tans bekend staan, sal vervolgens bespreek word.

3.2.2.1 VERKRAGTING

Verkragting maak deel uit van die gemenereg, en vorm nie deel van die Wet op Seksuele Misdrywe nie. De Wet en Swanepoel (1985:263-270) noem dat verkragting omskryf was in die Romeinse reg as 'n misdaad waar 'n ander met geweld tot geslagtelike verkeer gedwing is. Dit was nie 'n selfstandige misdaad nie, maar is as 'n vorm van geweldpleging bestraaf. Dit is dus die kombinasie van geslagtelike verkeer met geweld. Verkragting vind plaas wanneer buite-egtelike vleeslike gemeenskap tussen 'n man en vrou afgedwing word. Vir voltooiing moet daar penetrasie wees, dit wil sê indringing van die manlike orgaan in dié van die vrou. Volgens die huidige Wet is daar sonder penetrasie nie verkragting nie, en is die slagoffer altyd 'n vrou en die dader altyd 'n man. Daar word algemeen aanvaar dat 'n seun onder die ouderdom van veertien hom nie aan verkragting skuldig kan maak nie. Verder word aanvaar dat 'n kind onder die ouderdom van twaalf jaar geen geldige toestemming kan gee nie en dat enige geslagtelike verkeer met so 'n kind verkragting bly. Volgens die gemene reg moet 'n vrou wat aan verkragting blootgestel word, aan geweld of dreigemente van geweld tydens hierdie proses blootgestel word, alvorens dit vervolgbaar is. Tesame hiermee moet daar 'n afwesigheid van toestemming deur woord of daad wees, wat impliseer dat dit verkragting is. Die Wet maak dit ook tans moontlik dat 'n man skuldig bevind kan word aan verkragting op sy wettige vrou.

In die besprekingsdokument verwys die Regskommissie na 'n dilemma, naamlik dat verkragting slegs kan plaasvind as daar gemeenskap tussen 'n man en 'n vrou is. Behalwe vir geslagtelike gemeenskap tussen man en vrou, sluit die

misdaad alle ander vorme van penetrasie, byvoorbeeld oraal of anal, uit. Dit is verder geslagsgerig, deurdat slegs 'n man die misdaad kan pleeg en slegs 'n vrou die slagoffer kan wees. Die Kommissie stel voor dat die definisie verbreed moet word sodat beide mans en vrouens verkring kan word en dat dit meer as vaginale penetrasie deur middel van 'n penis behoort in te sluit. Die Kommissie noem dat seksuele gemeenskap verwys na wedersydse toestemming en daarom beveel hulle aan dat die definisie van verkringting na seksuele penetrasie, eerder as na seksuele gemeenskap, moet verwys en dat seksuele penetrasie na 'n wyer reeks van dade moet verwys.

Die Kommissie beveel in hierdie ondersoek aan dat 'n statutêre oortreding geskep moet word om die gemenereg oortreding van verkringting te vervang, verkringting nie geslagsgebonden sal wees nie, dit alle vorme van seksuele penetrasie insluit, geen huweliksverhouding iemand vrywaar van die oortreding nie en dat 'n misdaad gepleeg word wanneer seksuele penetrasie geskied in enige gedwonge omstandighede. Die voorlopige Wet van Julie 2003 verwys na verkringting as "...any person who unlawfully and intentionally commits any act which causes penetration to any extent whatsoever by the genital organs of that person into or beyond the anus or genital organs of another person into or beyond the anus or genital organs of the person committing the act, is guilty of the offence of rape".

3.2.2.2 SODOMIE

Volgens die Handboek vir die Afrikaanse Taal (2000:1023) verwys sodomie na "teënatuurlike ontug; geslagtelike omgang tussen mens en dier, of ook homoseksuele omgang".

In die besprekingsdokument verwys Verschoor (1999:127) na sodomie as "...the unlawful and intentional sexual relation per anus between two men". Milton (1999:127) definieer dit as 'n misdaad tussen twee partye. Die daad sluit in penetrasie van die penis van een party in die anus van die ander party.

Sodomie is ook deur die Regskommissie bespreek en die gevolgtrekking is gemaak

dat hierdie oortreding ingesluit sal word by die geslagsneutrale oortreding wat hulle verkies om verkragting te noem. Sodomie verwys in werklikheid na verkragting tussen twee manlike persone. Hierdie vorm van geslagtelike omgang word nie dikwels aangemeld nie, aangesien 'n stigma daaraan kleef. Volgens die gemiddelde samelewing en bestaande wetgewing, bestaan daar nie werklik 'n daad soos verkragting van mans nie. Navorser is van mening dat dit meer aanvaarbaar sal wees om hierdie dade by verkragting in te sluit. Die emosionele effek van sodomie is gelykstaande aan dié van verkragting. Die voorlopige Wet beveel wel aan dat sodomie voortaan ingesluit sal word by verkragting as misdaad.

3.2.2.3 ONSEDELIKE AANRANDING

Onsedelike aanranding word in huidige wetgewing beskou as die mees algemene vorm van onwettige seksuele dade, wat nie verkragting insluit nie. Dit sluit byvoorbeeld anale penetrasie, die indringing van objekte anders as die penis in die vagina of anus, of troeteling van 'n persoon se genitale areas in. Hierdie oortreding is nie geslagsgebonden nie. Die Kommissie se aanbeveling is dat die oortreding van onsedelike aanranding deel sal bly van die gemenereg. Die voorgestelde definisie van verkragting sluit wel die indringing van objekte, anders as die penis in die liggaam in, maar daar is wel heelwat ander aksies wat nog tot onsedelike aanranding kan lei.

Artikel 14 van Wet 23 van 1957 handel oor seksuele misdrywe met jeugdiges.

Artikel 14 lees as volg:

- (1) Enige manspersoon wat -
 - (a) ontug met 'n meisie onder die ouderdom van 16 jaar pleeg of probeer pleeg; of
 - (b) 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n meisie of met 'n seun onder die ouderdom van 19 jaar pleeg of probeer pleeg; of
 - (c) so 'n meisie of seun uitlok of aanlok om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg,

is aan 'n misdryf skuldig.

- (2) Dit is 'n voldoende verweer teen 'n aanklag ingevolge subartikel (1) wanneer aan die hof blyk -
- (a) dat die meisie ten tyde van die pleeg van die misdryf 'n prostituum was, dat die aldus aangeklaagde persoon op bedoelde tydstip onder die ouderdom van 21 jaar was en dat dit die eerste geleentheid is waarop hy aldus aangekla is; of
 - (b) geskrap
 - (c) dat die meisie of persoon in wie se sorg sy was die aldus aangeklaagde persoon mislei het deur hom te laat glo dat sy op bedoelde tydstip bo die ouderdom van 16 jaar was.
- (3) Enige vrouepersoon wat -
- (a) ontug met 'n seun onder die ouderdom van 16 jaar pleeg of probeer pleeg; of
 - (b) 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n seun of met 'n meisie onder die ouderdom van 19 jaar pleeg of probeer pleeg; of
 - (c) so 'n seun of meisie uitlok of aanlok om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg,
- is aan 'n misdryf skuldig.
- (4) Dit is 'n voldoende verweer teen 'n aanklag ingevolge subartikel (3) wanneer aan die hof blyk -
- (a) dat die seun ten tyde van die pleeg van die misdryf 'n prostituum was, dat die aldus aangeklaagde persoon op bedoelde tydstip onder die ouderdom van 21 jaar was en dat dit die eerste geleentheid is waarop sy aldus aangekla is; of
 - (b) dat die seun of persoon in wie se sorg hy was die aldus aangeklaagde persoon mislei het deur haar te laat glo dat hy op bedoelde tydstip bo die ouderdom van sestien jaar was.

Die Kommissie bespreek 'n aantal probleme in Artikel 14 van die Wet op Seksuele Misdrywe in hulle besprekingsdokument. Hulle dui onder andere aan dat daar 'n groot onderskeid getref word tussen mans en vrouens en tussen hetero- en homoseksuele dade. Hulle voorstel is dat 'n nuwe statutêre oortreding die huidige Artikel 14 sal vervang wat as seksuele molestering bekend staan. Dit sal

insluit enige seksuele daad wat met 'n kind, ten minste twee jaar jonger as hy- of syself, gepleeg word, of wanneer 'n kind blootgestel word sodat 'n ander persoon 'n seksuele daad met die kind kan pleeg. Die voorlopige Wet van 2003 maak 'n onderskeid tussen onsedelike aanranding, seksuele skending en orale genitale seksuele skending. Dit word as volg gestel:

- Seksuele skending: "Any person who unlawfully and intentionally commits any act which causes penetration to any extent whatsoever by any object, including any part of the body of an animal, or part of the body of that person, other than the genital organs of that person, into or beyond the anus or genital organs of another person, is guilty of the offence of sexual violation".
- Orale genitale seksuele skending: "Any person who unlawfully and intentionally commits any act which causes penetration to any extent whatsoever by the genital organs of that person, or the genital organs of an animal, into or beyond the mouth of another person, is guilty of the offence of oral genital sexual violation".
- Onsedelike aanranding: "Any person who unlawfully and intentionally compels, induces or causes another person to engage in an indecent act with (a) the person compelling, inducing or causing the act; (b) a third person; (c) that other person himself or herself; or (d) an object, including any part of the body of an animal, in circumstances where that other person (i) would otherwise not have committed or allowed the indecent act; or (ii) is incapable in law of appreciating the nature of an indecent act, including the circumstances set out in paragraphs (a) to (f) of section w(5), is guilty of the offence of having compelled, induced or caused a person to engage in an indecent act".

Barker (1998:148-149) noem dat die volgende dade gesien kan word as seksuele uitbuiting van kinders:

- geslagtelike, orale of anale gemeenskap, hetsy gepoog of geslaagd
- penetrasie van die orale, vaginale of anale opening met 'n objek, of die poging om dit te doen
- aanraking van die kind se geslagsdele, borste of tepels vir selfbevrediging
- ekshibitionisme of die oorreding van 'n kind om die volwassene se geslagsdele

aan te raak

- voorbereiding, opleiding of die tentoonstelling van kinders vir seksuele uitbuiting en pornografiese gebruik
- ‘n kind dwing om seksuele aktiwiteite te aanskou vir die doel om aan die volwassene bevrediging te verskaf.

3.2.2.4 BLOEDSKANDE

Bloedskande is ‘n oortreding in die gemenereg en bestaan uit onwettige en opsetlike seksuele gemeenskap tussen twee persone wat as gevolg van bloedverwantskap, huweliksverwantskap of aannemingsverwantskap, nie met mekaar mag trou nie. Vaginale gemeenskap moet plaasvind, anders word dit slegs as onsedelike aanranding beskou. Soos in ander vorme van seksuele molestering, is hierdie vorm ook nie geslagsneutraal nie. Homoseksuele dade en ander heteroseksuele vorme van molestering word uitgesluit as daar na die wetlike betekenis van bloedskande gekyk word.

In die algemene gebruikstaal word na bloedskande verwys wanneer enige vorm van seksuele aktiwiteit tussen familielede plaasvind, selfs al sluit dit homoseksuele dade in. Hansen (1991:20) noem dat wanneer vertroue tussen ‘n ouer en ‘n kind gebreek word as gevolg van molestering, vertroue vir die res van daardie kind se lewe ‘n probleem gaan skep, want as ‘n ouer nie vertrou kan word nie, kan niemand anders vertrou word nie.

Bloedskande beroof kinders van hul kinderlewe, hul eie seksualiteit, van die basiese inhoud van gesonde verhoudings soos intimiteit, vertroue, grense, sekuriteit en selfrespek. Dit maak nie saak of die seksuele nabyheid vir die kind aangenaam was, en of die konnotasie met positiewe gevoelens gepaard gegaan het nie, op die langtermyn het bloedskande ‘n vernietegende uitwerking op ‘n persoon se lewe. Graber (1991:2-4) verwys na bloedskande as ‘n aksie tussen familielede waar die slagoffer ‘n kind onder die ouderdom van 18 jaar is. In ongesonde gesinsisteme waar grense onduidelik is, kan aanraking maklik oorgaan in ‘n molestatingsaksie.

Barker (1998:148) verwys na vyf omstandighede wat kan lei tot vader-dogter bloedskande en wat die meeste gerapporteer word:

- wanneer die dogter die sentrale vrouefiguur in die huishouding is
- daar seksuele onaanpasbaarheid tussen ouers bestaan
- die onwilligheid van die vader om buite die grense van die familie vir 'n seksuele maat te soek
- deurlopende vrees van verwerping en gesinsdisintegrasie
- onbewuste goedkeuring van die moeder.

Volgens die voorlopige Wet van 2003 sal bloedskande ingesluit word by die ander gespesifieerde misdrywe, naamlik verkragting, seksuele bedreiging en orale genitale seksuele bedreiging.

Navorser meen dat bloedskandegesinne dikwels multi-probleemgesinne is. Daar is dikwels 'n breë spektrum van kindermishandeling, disorganisasie, huweliksprobleme, seksuele probleme tussen ouers, anti-sosiale gedrag, betrokkenheid by die gereg en substansafhanklikheid teenwoordig. Navorser meen dat moeders soms nie bewus is van die bloedskande nie, dat hulle onbewustelik, as gevolg van hul eie traumatiese ervarings as kinders, onkunde of naïwiteit, die bloedskande ontken. Die moeder raak dikwels deel van die bloedskande-verhouding as 'n passiewe deelnemer wat die aktiewe molesteerder toelaat om voort te gaan met die dade. Hierdie proses het gewoonlik 'n bepaalde funksie in die gesin wat laasgenoemde verhoed om te disintegreer.

3.2.2.5 KINDERPROSTITUSIE

Wanneer minderjarige kinders aangewend word as sekswerkers tot die voordeel van volwasse persone, kan dit ook beskou word as 'n vorm van kindermolestering.

Gathia (1999:6) verwys na kinderprostitusie as 'n seksuele uitbuiting van 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar in ruil vir geld of gunste. Dit is dikwels die

kinders se eie ouers wat hulle as prostitute uithuur. Schwartz-Kenney, McCauley en Epstein (2001:54) bevestig hierdie stelling en meld dat hulle egter verder kommer het rondom die toename in kinderprostitusie in sekere lande waar geglo word dat seks met 'n maagd 'n persoon kan genees van VIGS.

Kinderprostitusie kan 'n eenvoudige uitruiling van slagoffers tussen pedofiele wees waar geld of verskillende vorme van gunste teenwoordig is en dit 'n vorm van kinderarbeid, asook kindermolestering word. Hierdie kinders kom gewoonlik uit ongesonde huisgesinne wat spreek van min of geen liefde van ouers, asook die moontlike blootstelling aan seksuele molestering. Hulle raak spoedig afhanklik van die persone wat hulle verkoop vir seksuele dade, aangesien hulle seksuele dade verwarmet 'n behoefte aan liefde en aanvaarding wat so groot is (Bibby, 1996:11-12). Bagley (1997:101-127) ondersteun Bibby en duï aan dat kinders wat by prostitusie betrokke is, meestal kinders is wat by hulle ouerhuise seksueel misbruik is. Hierdie kinders hardloop soms weg van hulle ouerhuise af en beland op straat. In die meeste gevalle word hierdie kinderprostitute deur meer as een persoon gemolesteer voordat hulle by prostitusie betrokke raak. As gevolg van armoede en die misbruik van alkohol of dwelms, word hulle dikwels gedwing om by prostitusie betrokke te raak. 'n Groot persentasie van kinderprostitute word eers blootgestel aan pornografie voordat hulle as prostitute begin werk.

Westerlund (1992:70) verwys daarna dat kinders wat by prostitusie betrokke is, lae selfwaarde en 'n verlies aan persoonlike beheer ervaar. Hulle ervaar verder min waarde met betrekking tot hul liggame en ervaar dat die enigste nut wat hulle liggame het, is om deur prostitusie beheer oor 'n manspersoon te kry. Sy noem verder dat kinderprostitusie dikwels met pornografie en dwelmmisbruik gepaard gaan.

Joshi (1997:1-29) noem dat omrede prostitusie 'n simptoom is van die werklike pyn van 'n persoon, en nie 'n siekte is nie, kan die oplossing daarvan nie in isolasie beskou word nie. Dit kan onder andere 'n simptoom van armoede, gebrek aan opleiding en blootstelling aan fisiese en seksuele trauma in die gesin wees. Kinders word byvoorbeeld verkoop vir geld en word dan as prostitute

gebruik, terwyl die meeste kinderprostitute wegloop van hulle ouerhuise af as gevolg van 'n verskeidenheid van probleme. 'n Gebrek aan hulpbronne bring dikwels mee dat hierdie kinders nie gehelp word nie en hulle beweeg eenvoudig vir ondersteuning terug na die rooiligggebiede toe. Kinders van prostitute wat in hierdie gebiede groot word, beland self ook in die bedryf as deel van 'n oorlewingsaksie.

Dit is duidelik dat kinderprostitusie 'n groot probleem geword het regoor die wêrld. Die gemeenskap se waardes behoort aangespreek te word sodat kinders emosionele veiligheid in hulle ouerhuise kan geniet en wetgewing behoort strenger toegepas te word. Die besprekingsdokument op die Wet op Seksuele Misdrywe bevestig dat 'n kind wat betrokke is by prostitutie, altyd as 'n slagoffer beskou te word. Ouers of ander volwassenes wat die kind blootstel aan prostitutie, behoort aangekla te word, die kind moet teen prostitutie beskerm te word en dië wat daaraan blootgestel word, moet die geleentheid gebied word om terapie te ontvang. As gevolg hiervan het die Suid-Afrikaanse Regskommissie 'n artikel ingesluit by die voorlopige Wet van 2003 wat handel rondom die misdaad van kinderprostitusie.

3.2.2.6 PORNOGRAFIE

Kinders word dikwels aangewend om pornografiese materiaal te ontwikkel ter wille van finansiële of ander gewin. Soms word die kinders self vergoed, maar soms "verkoop" die ouers hul kinders vir finansiële of ander gewin. Ouers of ander volwassenes wat kinders hieraan blootstel, maak hulle aan seksuele molestering skuldig.

Arnaldo (2001:39) noem dat dit moeilik is om 'n presiese definisie ten opsigte van kinderpornografie te konstrueer, maar verwys wel na die 1996 Stockholm Wêrelde Kongres teen die kommersiële seksuele uitbuiting van kinders, wat kinderpornografie definieer as volg "...any visual or audio material which uses children in a sexual context. It consists of the visual depiction of a child engaged in explicit sexual conduct, real or simulated, or the lewd exhibition of the genitals intended for the sexual gratification of the user, and involves the production,

distribution and/or use of such material".

Barker (1998:131) verwys wel na kinderpornografie as seksueel-eksplisiete materiaal met kinders as die onderwerp daarvan. Sy noem egter dat hierdie definisie beperk is en versuum om die ware impak van kinders wat in hierdie seksuele dade meedoen, te bespreek. Die reeks van verfilmde aktiwiteite sluit volgens haar in: verleiding, ekshibisionisme, troeteling, molestering, bloedskande, prostitusie, aanranding, geforseerde verkragting en sado-masochistiese aktiwiteite.

Barker (1998:131-144) noem dat kinderpornografie skadelik is vir kinders deurdat dit:

- die kind se psige beskadig – 'n kind is weens ouerdom, emosionele ontwikkelingsvlak, ondervinding en geestelike verstandsvermoë nie gereed om aan seksuele gedrag blootgestel te word nie. Premature blootstelling hiervan wakker 'n kind se seksuele natuur aan voordat 'n kind die vaardighede en vermoëns tot volwasse seksuele gedrag ontwikkel het
- 'n kind se selfbeeld aantas – kinderpornografie is degraderend en afbrekend en dit verlaag gevoelens en verhoudings tot op die laagste vlak
- uitbuitend is – meestal is dit ouer persone in 'n magsposisie wat jonger persone of persone sonder mag uitbuit
- kinders kwesbaar maak – die vertrouensverhouding tussen volwassenes en kinders is broos en pornografie skep vir die kind die idee dat volwasse seksuele gedrag vir kinders aanvaarbaar en genotvol is
- verkeerde inligting rondom seksuele gedrag verskaf – dit verhinder 'n kind om seksueel volgens sy of haar eie pas te ontwikkel en skep ernstige probleme in hulle volwasse lewens
- 'n kind se morele waardes versteur – 'n kind se gewete word gedurende sy of haar skoolgaande jare gevorm. Wanneer 'n kind te vroeg aan seksuele aktiwiteite blootgestel word, ervaar so 'n kind probleme om tussen reg en verkeerd, asook tussen gepaste en onvanpaste seksuele gedrag, te onderskei.

Barker (1998:144-145) gaan verder deur te sê dat kinders wat van hul ouerhuise

af dros of wat sonder heenkome op straat is, maklike teikens vir pornografie en prostitusie is. Straatkinders word 'n maklike teiken vir pornografie aangesien hulle geld nodig het om te oorleef en sal tot die uiterstes toe gaan om geld, blyplek of kos te kry. Kinders uit arm ouerhuise kan ook maklik deur die ouers vir pornografie aangewend word om in ruil vir pornografie, geld of kos vir die gesin te bekom. Die kort- en langtermyn impak wat prostitusie op die kind kan hê, sluit in depressie, selfmoordgedagtes, skaamte, skuldgevoelens, onttrekking uit die familie en vriendekring, angstigheid, beperkte selfaanvaarding, roloverwarring, probleme met seksualiteit en die moontlikheid om verder by prostitusie of misdaad betrokke te raak. Prostitusie en misdaad vorm deel van die simptome van kindermolestering en daarom is dit belangrik dat kinderpornografie ingesluit sal word by die definisie van molestering.

3.2.3 STATISTIEK TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE MOLESTERING

Verkragting en seksuele molestering word in meeste gevalle nooit aangemeld nie. Slagoffers is bang om daaroor te praat omdat hulle dikwels skuldig voel oor wat gebeur het en hulle bang is dat hulle tydens die bekendmaking nie geglo word nie. Soms word hulle deur die oortreder afgedreig indien hulle dit sou bekend maak.

Volgens die besprekingsdokument word 'n skatting deur die Nasionale Instituut insake Misdaad Voorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO) gemaak dat slegs een uit elke twintig verkragtings aangemeld word. Die Suid-Afrikaanse Polisie Dienste (SAPD) beraam dat slegs een uit elke vyf-en-dertig verkragtings aangemeld word. Die hoofredes waarom verkragting nie aangemeld word nie, sluit volgens die dokument die volgende in:

- die engheid van die definisie
- vrees om nie geglo te word nie
- selfblamerig
- vrees vir sekondêre viktimisasie deur staatsdiensbeamtes en die regssisteem
- vrees dat die oortreder weer kan toeslaan
- gebrek aan toeganklikheid tot die polisie en regssisteem

Die besprekingsdokument lig uit dat tussen Januarie en September 1997, ses-en-dertig duisend eenhonderd sewe-en-veertig (36 147) verkragtings en pogings tot verkragting aangemeld is. Dit was 'n 28,9% styging van die vorige jaar. Volgens Interpol se navorsing in 1994, het Suid-Afrika die hoogste aangemelde verkragtingsyfer in nege-en-tagtig (89) lande. Volgens statistiek in die Wes-Kaap, waar 'n seksuele oortredingshof in werking is, is daar in 1998 gevind dat slegs:

- 5% verkragtings aangemeld word
- 56,62% aangemelde verkragtingsake hof toe verwys word
- 18,67% aangemelde verkragtingsake verhoor word
- 10,84% van aangemelde sake 'n uitslag van skuldigbevinding gehad het

Die Suid-Afrikaanse Polisie Dienste se statistiek vir Januarie tot Desember 2000 lyk soos volg:

Verkragting en poging tot verkragting

- 0 – 17 jaar - 21 438
- volwassenes - 31 112
- totaal - 52 550

Onsedelike aanranding

- vroulik - 3 706
- manlik - 2 934
- totaal - 6 640

Bloedskande

- 0 – 17 jaar - 113
- volwassenes - 51
- totaal - 164

Vir Januarie tot Desember 2002 was daar twee-en-vyftig duisend eenhonderd en sewe (52 107) aangemelde verkragtings en agt duisend vierhonderd nege-en-

sestig (8469) aanmeldings van onsedelike aanranding.

Weens navorser se ondervinding in die veld van seksuele misdrywe, dui dit duidelik dat die statistiek van hierdie misdrywe nie die werklikheid in die praktyk weerspieël nie. Dikwels begin 'n slagoffer eers oor die molestering praat wanneer hy of sy volwassenheid bereik het. Hierdie sake kom soms eers by terapeute uit wanneer 'n slagoffer vir 'n ander rede by terapie inskakel, maar word nooit by die SAPD aangemeld nie en word dus nooit in die regssisteem opgeneem nie. Dit is dus moeilik en feitlik onmoontlik om die werklike omvang van seksuele molestering te bepaal.

3.3 DIE EFFEK VAN SEKSUELE MOLESTERING OP DIE LEWE VAN DIE VOLWASSE PERSOON

Seksuele molestering het so 'n langtermyn effek op 'n volwasse persoon se lewe, dat alle vlakke van daardie persoon se lewe beïnvloed word. Navorser is van mening dat terapeute wat nie die omvang van seksuele molestering begryp nie, slegs simptome in 'n persoon se gedrag sal raaksien en die simptome nie sondermeer met moontlike effek van molestering in die kinderjare verbind nie. Die werklike oorsaak van die probleem word dus geïgnoreer en daarmee saam belangrike gedragspatrone wat nie aangespreek word nie. Alhoewel hierdie simptome nie by alle persone voorkom nie, is sekere simptome meer algemeen as ander. Van hierdie simptome sal vervolgens bespreek word.

3.3.1 GEBREK AAN SELFAANVAARDING

Salter (1995:116–118) verduidelik dat kinders se idees oor wie hulleself is en wat hulle gevoelens is, grootliks beïnvloed word deur hulle omgewing. Dit wat ander persone rondom die kind van hom of haar dink of sê, vorm die idees wat kinders van hulself ontwikkel. 'n Kind wat gemolesteer word, begin glo wat die molesteerder van hom of haar sê en dit bring dikwels skaamte, verwarring en konflik mee. 'n Vals beeld van die self word in die kind gevorm en die kind raak krities oor hom- of haarself. Die idee wat 'n kind in so 'n situasie vorm, sluit

gewoonlik drie aspekte in, naamlik dat die kind geen waarde het nie, dat die kind die molestering geniet het en dat hy of sy verantwoordelik is vir die molestering. Dit kan soos volg belig word:

3.3.1.1 DIE KIND HET GEEN WAARDE NIE

Volgens Salter (1995:116–118) glo ‘n kind dat hy of sy waardeloos is, omdat die oortreder nie die kind se wense in ag geneem het nie. Hierdie gevoel sal ontstaan selfs al vind verbale mishandeling nie saam met die molestering plaas nie. Die slagoffer glo dus dat sy of haar wense nie belangrik is nie. Wanneer die molesteerder die kind slegsê en name noem, glo die slagoffer dit later en glo ook dat niks wat hy of sy doen, aanvaarbaar is nie.

Davis (1991:18–19) stem saam met Salter dat ‘n kind as gevolg van die molestering die boodskap kry dat hy of sy geen waarde het nie. Die kind se grense word binnegedring en die kind word ontneem van alle selfbeheer. Die kind voel verneder en ervaar dat sy of haar behoeftes geïgnoreer word. Hulle isoleer hulle van hulle familielede en vriende, in ‘n poging om die molesteringsgeheim in stand te hou. Verder word die kind soms deur die oortreder geblameer vir die molestering asook deur die persone vir wie die kind daarvan vertel. Slagoffers glo dikwels dat hulle dit nie werd is om gelukkig te wees nie en voel magteloos ten opsigte van die lewe. Bass en Davis (1997:34–35 en 178–190) voer aan dat slagoffers glo dat hulle nie werd is om voor omgegee te word nie, omdat hulle dikwels nie geglo is toe die molestering bekendgemaak is nie. Dikwels voel die slagoffers nie goed oor hulself nie aangesien hulle nooit die koesterung en liefde van die ouers ontvang het om spesiaal te voel nie en as volwassenes glo hierdie persone steeds dat hulle die molestering kon verhoed het en hulle ervaar skuldgevoelens daaroor. Hulle is steeds op soek na aanvaarding van ander persone en daarom voel hulle nie geregtig op liefde en koesterung nie. In ‘n poging om dit wel te ervaar, sal hulle enige vorm van koesterung aanvaar al sluit dit ook verliese in. Wanneer ‘n slagoffer wel vir molestering nie kon sê, is dit dikwels die eerste stap vir hierdie slagoffers om vir hulself om te gee en te koester.

Verskeie skrywers meen dat slagoffers oor 'n tydperk so afgekraak word en dit so deel word van hulle selfbeeld, dat hulle self voortgaan met die selfaftakeling - selfs al vind die molestering nie meer plaas nie. 'n Gebrek aan selfaanvaarding lei later tot probleme soos depressie, woede en skaamte (Sonkin, 1998:116–124; Briere, 1992:23–28; Walker, 1992:52–55 en Cruz en Essen, 1994:123–124).

3.3.1.2 DIE SLAGOFFER DIE MOLESTERING GENIET HET

Wanneer molestering plaasvind ervaar slagoffers negatiewe gevoelens oor hulleself en voel hulle vuil en skuldig oor wat gebeur het. Die skuldgevoel is gebasseer op die mate van seksuele genot wat die slagoffer kon put uit die molestering. Die selfhaat wat slagoffers daardeur ervaar, manifesteer op twee wyses, naamlik dat hulle probeer kompenseer vir die ongemak wat hulle binne hulleself ervaar deur na buite perfek te probeer wees, of deur toe te gee aan selfdestruktiewe gedrag, soos byvoorbeeld selfmoordgevoelens en -pogings, selfbeserings, dwelm- of alkoholmisbruik, eetversteurings of onveilige seksuele gedrag. Selfhaat kom soms voor wanneer slagoffers onttrek aan situasies waar hulle moontlike sukses kon behaal het (Davis, 1991:18–19).

3.3.1.3 DIE SLAGOFFER VERANTWOORDELIK WAS VIR DIE MOLESTERING

Aangesien slagoffers se eie wense nie gerespekteer word tydens die molesteringsproses nie, en hulle nie in staat is om dit te keer nie, leer hulle om altyd medeverantwoordelikheid vir ander se trauma en leed te neem en stel hulle hul eie behoeftes as sekondêr. Slagoffers voel dikwels verantwoordelik vir oortreders se belangstelling in hulle en ervaar ook dat hulle die molestering verdien het. Hulle voel verder verlaat deur persone wat hulle moes beskerm het en verloor daardeur geloof in rolmodelle. Laasgenoemde kan selfs ervaar dat hulle nie verdien om deur 'n helingsproses te beweeg nie, aangesien hulle self die pyn van die molestering geskep het (Salter, 1995:116–118; Davis, 1991:18–19 en Graber, 1991:113–115).

3.3.1.4 GEVOELENS RONDOM DIE SEKSUELE SELF

Aangesien slagoffers ervaar dat molesteerders geen respek teenoor hulle betoon het nie, word 'n boodskap vir die slagoffer geskep dat hy of sy slegs goed genoeg was vir die seksuele bevrediging van die molesteerder. Die slagoffer voel dikwels dat hy of sy geen kwaliteite het om 'n goeie vriend of vriendin vir 'n ander persoon te wees nie. Hulle kan slegs seksuele maats wees aangesien dit al was wat hulle kon reg doen in die oë van die oortreder. Die ander moontlikheid is dat slagoffers as gevolg van die molestering so negatief oor hulle liggame voel, dat hulle leer om gevoelloos teenoor hulle liggame te raak ten einde met die pyn daarvan te deel. Hulle sal byvoorbeeld destruktief teenoor hulle eie liggame optree in die vorm van selfbeserings, of hulle sal ander persone toelaat om hulle liggaamlik te mishandel. Hulle leer onder andere ook om nie fisiese gevoel te ervaar nie of hulle verdra die fisiese pyn in 'n poging om te vergeet van die emosionele pyn (Lee, 1995:81-88).

3.3.2 WOEDE

Verskeie skrywers soos Sonkin (1998:54-58), Dinsmore (1991:38), Parks (1994:125-151) en Spies (1996:256) beskryf woede as 'n essensiële deel van 'n slagoffer se lewe. Aangesien mense verskil, verskil die wyses ook waarop hulle hulle woede uitleef. Sommige slagoffers internaliseer die woede wat die indruk skep dat hulle nie woede ervaar nie.

Sonkin (1998:54-56) noem dat verwerping deur 'n volwassene tydens die molestering van 'n kind pynlik kan wees en intense woede by slagoffers meebring waarmee hulle daagliks moet saamleef. Die woede word direk of indirek uitgeleef en dikwels word dit op ander mense geprojekteer. Parks (1994:125-151) meen dat dit belangrik is vir slagoffers om te voel dat hulle mag kwaad word en dat hulle geleer moet word om die woede teenoor die regte persone te fokus en dit op 'n gesonde wyse aan te spreek. Veral vrouens word geleer om nie kwaad te word en uiting aan woede te gee nie. Volwasse slagoffers is nog meer bang om kwaad te word, omdat hulle bang is om beheer te verloor.

Dinsmore (1991:38) beweer verder dat die volwasse slagoffer se woede nie noodwendig altyd gerig is teen die oortreder of persone wat die slagoffer as kind nie beskerm het nie, maar dat die woede eerder sonder fokus is of selfs gerig word teen persone soos verhoudingsmaats, kinders of kollegas. Volgens Spies (1996:256) ervaar slagoffers woede teenoor hulleself aangesien hulle reeds as kinders geleer het om hulleself te blameer vir die molestering. Die woede word dus teen die slagoffer self gerig. Woede manifesteer ook op verskeie wyses. Soms onderdruk slagoffers hul woede, aangesien die samelewing glo dat woede 'n negatiewe emosies is en sover moontlik vermy moet word. Woede kom soms op onvanpaste wyses ook na vore. Beide gevalle is nadelig vir 'n slagoffer. Wanneer slagoffers ongemaklik voel ten opsigte van gevoelens van woede, leer hulle om dit nie te demonstreer nie. Deurdat laasgenoemde deel van bestaande gedragspatrone van 'n persoon word, kan so 'n persoon ook gevoel verloor in enige situasie wanneer sy of haar emosies onderdruk word. Dit impliseer dat emosies ook onderdruk word in situasies wat eintlik veilig is en waartydens die slagoffer emosionele veiligheid kan ervaar.

Parks (1994:125-151) verduidelik dat kinders dikwels geleer word dat die demonstrasie van woede onaanvaarbaar is. Kinders word onbewustelik aangemoedig om woede te ontken, dit eerder te internaliseer en dat dit verkeerd is om daarvan uiting te gee. Wanneer dit 'n ouer is vir wie die kind kwaad is, glo die kind soveel te meer dat woede onvanpas is en die woede word net verder onderdruk. Onderdrukkte gevoelens van woede kom later tot uiting in vorme van psigosomatiiese siektes, depressie, negatiwiteit, pessimisme en selfbeserings. Hierdie persone krop maklik die woede op, verloor kontak met die gevoelens en in plaas van woede, voel hulle dikwels depressief of selfdestructief. Dikwels is woede in die gesin van herkoms geassosieer met geweld. Wanneer slagoffers hulle woede ontken, gebeur dit soms dat dit tot uiting kom op onvanpaste tye. Die persoon sal byvoorbeeld ontploffoor 'n baie geringe aangeleentheid. Slagoffers kan ook sodanig met die oortreder identifiseer dat hulle kwaad word vir hulleself as die "klein dogtertjie" of "klein seuntjie" wat die molestering toegelaat het. Volwassse slagoffers blameer hulself vir die molestering, in plaas daarvan om vir die werklike skuldige, naamlik die oortreder, kwaad te wees (Dinsmore, 1991:83-

3.3.3 SELFBESERINGS

Volwasse slagoffers beseer hulself dikwels deur byvoorbeeld hulself met messe te sny of hulself met sigarette te brand. Selfbeserings gee aan slagoffers 'n gevoel van verligting deurdat hulle tydens selfbeserings in beheer van hulle eie liggame is, en nie die molesteerder nie. Dit is onder andere 'n verduideliking van innerlike emosies deurdat die slagoffer uiting gee aan byvoorbeeld woede. Dit is ook makliker om die aandag te vestig om fisiese pyn, eerder as om uiting te gee aan emosionele pyn. Dit kan ook 'n wyse van straf wees, soos byvoorbeeld wanneer die slagoffer skuldig voel wanneer hy of sy seksuele genot ervaar. Slagoffers voel dat hulle nie seksuele intimiteit behoort te geniet nie, aangesien dit vuil en verkeerd is en dat daar 'n sterk assosiasie is met die molesteringsproses. Dit impliseer dat hulle dikwels ervaar dat hulle die molestering goedgekeur het en dit ook geniet het. Dit is ook verder 'n wyse om aan ander persone te kommunikeer dat hulle pyn ervaar, maar nie in staat is om hierdie pyn bewustelik te verbaliseer nie. Dus, deur fisiese pyn te ervaar, word die emosionele pyn vermy (Bass et al., 1997:48 en 219-220 en Davis 1991:109-110).

Graber (1991:101-103) meen dat 'n slagoffer dikwels nie woorde het om die innerlike pyn te beskryf nie. Dit gebeur veral wanneer die slagoffer klein was tydens die molestering en nog nie 'n goeiewoordeskaf gehad het om daaroor te praat nie en dat selfbeserings die enigste wyse word om daaraan uitdrukking te gee. Hy bevestig ook wat Bass et al. (1994:33) sê, naamlik dat selfbeserings 'n wyse is om aan die innerlike pyn vergestalte te gee.

Spies (1996:52) meen dat selfbeserings 'n oorlewingsmeganisme vir volwasse slagoffers is deurdat dit 'n wyse word om beheer te verkry oor hulle eie lewens. Hulle skep dus self die pyn en nie die molesteerder nie. Lee (1995:27-33) bevestig dat die pyn van die molestering deur middel van selfbeserings 'n werklikheid word, aangesien uiterlike beserings sigbaar is, terwyl die molestering nie sigbaar is nie. Verder kan selfbeserings op 'n tydelike basis die psigiese

spanning verminder wat 'n assosiasie is van 'n negatiewe gebeurtenis, selfafkeer en skuldgevoelens. Selfbesering kan ook aanleiding gee tot die ontvang van aandag van ander persone. Die behoefte aan aandag kan beskou word as koesterung wat volwasse slagoffers nodig het, maar nooit as kinders ontvang het nie. Die negatiewe sy hiervan is dat dit op die lang duur persone nà aan die slagoffers moedeloos maak, aangesien hulle nie met die ondersteuning kan volhou nie. Sodra dit gebeur, verloor die slagoffers dan al hierdie aandag en besorgdheid (Salter, 1995:241-243 en Briere, 1992:66-67). Lee (1995:27-33) meen ook dat deur middel van selfbeserings 'n slagoffer as gevolg van die uiterlike wonde aandag van vriende of familie ontvang. Dolan (1991:18) verduidelik hierdie proses soos volg: "People can't see the memories of what he did that I carry inside me all the time, but they can see the scars on my arm. It makes it more real to other people..."

3.3.4 DEPRESSIE

Dit is nie ongewoon vir volwasse slagoffers om aan depressie te ly nie. Dit gebeur ook dat hulle nie altyd by terapeute aanmeld vir hulp nie en die impak van die probleem nie verstaan word nie. Anti-depressante word dikwels aan volwasse slagoffers voorgeskryf, wat nie noodwendig die probleem oplos nie. In so 'n geval word slegs die simptoom aangespreek en kry die slagoffer nie die geleentheid om met die trauma van die molestering in geheel te deel nie.

Graber (1991:121-122) beskryf kroniese depressie onder slagoffers as 'n toestand met simptome soos konstante moegheid, onverklaarbare pyne, verandering in eet- en slaapgewoontes, onvermoë om te ontpans en stadige spraak- en liggaamsbewegings. Verdere simptome is die onvermoë om te konsentreer en 'n gebrek aan belangstelling in dit wat om hulle gebeur, emosies van hopeloosheid, waardeloosheid, destruktiewe selfblaam, skaamte, gee nie om wat gebeur nie en 'n onvermoë om plesier te ervaar. Die slagoffers wat aan depressie ly is gewoonlik ook meer bewus van fisiese simptome soos onder andere hoofpyne, slapeloosheid en moegheid.

Volgens 'n studie wat in 1991 deur Lanktree, Briere en Zaidi gedoen is, is bevind dat die kanse meer as vier keer hoër is vir slagoffers van molestering om depressief te raak as vir persone wat nie gemolesteer is nie. Verskeie ander studies bevestig ook hierdie siening. Bevindings dui daarop dat mense wat as kinders fisiek of seksueel mishandel is, se kanse om in hulle kinderjare of in volwassenheid depressief te raak, groter is as enige ander persoon (Briere, 1992:29–32 en Salter, 1995:165–171). Volgens Parks (1994:34) raak volwasse slagoffers depressief omdat hulle glo dat hulle as persone nooit sal verander nie, dat hulle omstandighede nooit sal verander nie, dat hulle vuil en sleg is en dat hulle nie waardig genoeg is om tussen "aanvaarbare" en "gerespekteerde" persone te wees nie. Wanneer 'n persoon nie die molestering kan onthou nie, kan so 'n persoon depressief word aangesien daar geen verduideliking vir die simptome van molestering is nie. Die persoon kan byvoorbeeld angstigheid, hartseer en woede ervaar, maar nie bewus wees van die oorsaak van hierdie gevoelens nie, aangesien die molestering oor 'n tydperk emosioneel uitgeblok is. Depressie kan ook die gevolg wees van onderdrukte woede.

3.3.5 EETVERSTEURINGS

Anorexia nervosa, bulimie en kompulsiewe eetgewoontes is dikwels simptome van seksuele molestering en word 'n oorlewingstrategie vir slagoffers. Dogters wat gemolesteer is ontwikkel dikwels anorexia nervosa of bulimie in 'n poging om so gewig te verloor en nie 'n vroulike liggaam met rondings te ontwikkel nie. Een van die redes is dat hulle voel dat hierdie rondings wat hulle as vrouens bevestig, die oorsaak is dat hulle gemolesteer is. Hulle ontwikkel 'n gevoel van haat teenoor sekere liggaamsdele soos borste, heupe en genitalieë – die dele wat aangeraak is tydens die molestering (Bass et al., 1997:50 en Spies, 1996:69–70).

Bass et al. (1997:218–219) verduidelik dat anorexia nervosa en bulimie dikwels 'n noodkreet om hulp is. 'n Jong volwassene wat nog nooit oor die molestering kon praat nie, kan hierdie gedrag openbaar in 'n poging om hulp te vra. Die hulpverlening vir die destruktiewe eetpatroon skep 'n geleentheid om die molestering bekend te maak. Hierdie vorm van gedrag is 'n wyse waarop die

slagoffer die beheer wat hy of sy as kind verloor het, te herwin, en is ook 'n wyse waarop die slagoffer met sy of haar lewensituasie meer suksesvol kan saamleef. Hulle voel beter oor hulself aangesien hulle in beheer is van hul eie optredes, en nie meer die molesteerdeerder soos in die geval van die molestering nie. Hulle besluit nou oor hoeveel kos hulle liggame verdien al dan nie. 'n Slagoffer kan ook 'n assosiasie skep tussen hierdie gedrag en die molestering, soos wanneer 'n penis byvoorbeeld in die kind se mond ingeforseer was en brakking veroorsaak het. Bulimie kan dus moontlik ontstaan as gevolg van hierdie dade wat teen 'n persoon se wil gepleeg is. Om te braak bied aan die slagoffer 'n geleentheid om al hierdie gevoelens uit die liggaam uit te kry en vir die slagoffer om beheer oor sy of haar liggaam uit te oefen (Bass et al., 1997:218–219 en Dinsmore, 1991:23).

Die volgende disfunksiionele eetpatrone kom voor by die volwasse slagoffer en sal vervolgens bespreek word:

- Anorexia nervosa

Anorexia nervosa is wanneer 'n persoon so min as moontlik eet en so 'n wyse van beheer uitoefen oor sy of haar eie liggaam. Ainscough en Toon (1993:126) verduidelik dit as volg: "Anorexia nervosa is diagnosed when someone deliberately loses a quarter of her normal body weight, has a morbid fear of becoming fat and has hormonal changes including the loss of menstrual periods". Die beheer is egter beperk tot die wyse waarop voedsel ingeneem of ontslae van geraak word. Jong meisies glo soms dat solank hulle maer bly en hulle borste en heupe nie ontwikkel nie, die moontlikheid van geforseerde seks verminder word (Spies, 1996:74–75).

Volgens die DSM IV (Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders) (1997:544-545), wat vanuit 'n psigologiese oogpunt hierna kyk, lei 'n persoon aan anorexia nervosa wanneer hy of sy:

- a) weier om 'n liggaamsgewig van of hoër as die minimum normale massa vir daardie spesifieke ouderdom en lengte te handhaaf
- b) 'n intense vrees het om gewig op te tel of vet te word, selfs al is daardie

persoon ondergewig

- c) 'n steuring in die wyse waarop 'n persoon se liggaamsgewig en vorm ervaar word, 'n oordrewe invloed wat liggaamsgewig en vorm op 'n persoon se selfevaluering het, of ontkenning van die ernstigheid van die huidige lae liggaamsgewig
- d) amenorrhea by vrouens wat reeds begin menstrueer het (dit is die afwesigheid van ten minste drie agtereenvolgende menstruele siklusse).

Roy et al. (1995:129-150) verwys na Selvini-Palazzoli se navorsing rondom persone met anorexia nervosa wat aandui dat daar gemeenskaplike patronen presenteer in gesinne waarin anorexia nervosa voorkom, wat insluit ouerlike onvermoë om verantwoordelikheid te aanvaar, 'n algemene neiging om wedersyds te verwyt en 'n skyn van 'n harmoniese huwelik. Besluite word dikwels tot voordeel van ander gemaak wat negatiewe implikasies inhou vir die ontwikkeling van outonomie in 'n adolescent se lewe. Minuchin noem in sy studie dat in hierdie gesin onder andere die verskuiwing van grense voorkom, dat hierdie grense rigied is, ouers soms oorbeskermend voorkom en dat die lede daarvan nie oor effektiewe konflikhanteringstegnieke beskik nie. Selvini-Palazzoli en Minuchin het onder andere die denkwyse begin volg dat gesinsterapie noodsaaklik is met gesinne waar een gesinslid aan anorexia nervosa lei, aangesien dit as 'n gesinsprobleem beskou moet word.

- **Bulimie**

Alhoewel bulimie in die geheim plaasvind, kom dit redelik in die algemeen voor. Omrede persone met bulimie dikwels oor normale gewig beskik, kan dit nie maklik raakgesien word nie. Bulimie verwys na 'n toestand waartydens 'n persoon deur tye van streng diëte of 'n oormaat inname van kos gaan, die persoon daarna skuldig voel oor die verlies aan beheer en die kos daarna weer uitbraak. Die braking skep dus weer 'n gevoel van beheer en 'n ongesonde sirkel word so in stand gehou (Ainscough et al., 1993:26).

Die DSM IV (1997:549-550) beskryf bulimie as volg:

- ..
- a) herhaaldeleke episodes van ooreet in 'n kort tydsperiode. 'n Episode van ooreet kan gekenmerk word waar 'n persoon binne 'n beperkte tyd (byvoorbeeld 2 ure), 'n hoeveelheid kos eet wat meer is as wat die meeste persone in dieselfde tydsduur en omstandighede sou eet en die persoon ervaar 'n gevoel van gebrek aan beheer tydens hierdie eetsessies
 - b) herhaaldeleke onvanpaste kompenserende gedrag verhoed gewigstoename, soos byvoorbeeld braking; misbruik van lakseermiddels, urineermiddels of ander medikasie; vas; of oordrewe oefening
 - c) beide ooreet en die onvanpaste kompenserende gedrag vind gemiddeld twee keer per week oor 'n tydperk van drie maande plaas
 - d) selfevaluering word oordrewe beïnvloed deur liggaamsgewig en vorm
 - e) die versturing vind nie uitsluitlik plaas gedurende episodes van anorexia nervosa nie.

Volgens Spies (1996:76) poog hierdie persone om hulleself eerder "vol te stop" met kos, wat die plek inneem van gevoelens van angs, vrees en woede. Gevoelens van ongemak en skaamte weens die bulimie verberg dus die pyn van die seksuele molestering. Die fokus is dus eerder op die simptoom en nie op die werklike probleem nie.

- Kompulsiewe eetgewoontes

'n Persoon wat kompulsief eet, eet uit reaksie op 'n onaangename of pynlike gevoel of die behoefte aan ontsnapping daarvan. Solank as wat die slagoffer eet hoef hy of sy nie aandag aan emosies te gee nie. Dit kan ook 'n wyse wees om die self te koester en kos kan dus 'n plaasvervanger word vir die vervulling van ander behoeftes (Bass et al., 1997:217-218 en Hansen, 1991:217).

Spies (1996:73) beweer dat hierdie persone gewoonlik min eet in die teenwoordigheid van ander persone. Tussenin sal so 'n persoon aanhoudend eet, veral wanneer hy of sy nie honger is nie, in 'n poging om 'n leë gevoel te vermy. Wanneer so 'n persoon nie by 'n dieet kan hou nie, voel hy of sy meer waardeloos en sal dan nog meer eet om hierdie gevoel te vermy.

3.3.6 SLAAPVERSTEURINGS

Alhoewel slaapversteuring nagmerries insluit, word na slapeloosheid of 'n oormaat van slaap verwys as 'n oorlewingsstrategie. Die molestering het dikwels in die nag en in die slaapkamer plaasgevind wat meebring dat slagoffers meer kwesbaar in die aand is wanneer hulle gaan slaap. Die slagoffers voel bang en nagmerries, slapeloosheid of te veel slaap is die uitvloeisel daarvan (Parks, 1994:33 en Dolan, 1991:12-16). Bass et al. (1997:213) waarsku dat slapeloosheid die gevolg is van spanning, maar dat slapeloosheid later nog meer spanning kan skep. Spies (1996:99) voeg by dat sommige slagoffers nagmerries oor hul molesteerders kry en die molestering opnuut weer kan ervaar.

Ainscough et al. (1993:87–95) meen dat volwasse slagoffers wat nog nie die trauma van die molestering verwerk het nie, deur middel van drome en nagmerries daaraan herinner kan word deurdat dit soms die onderdrukte herinnerings na die oppervlakte bring. Die nagmerries handel nie altyd oor die spesifieke gebeure nie, maar eerder die gevoelens wat met die molestering gepaard gegaan het. In die helingsproses kan sekere herinneringe van die molestering angs by die volwassse slagoffer meebring. Hierdie vrese en herinneringe word eerder na die onderbewuste gestuur en dit kan deur middel van 'n droom of 'n nagmerrie manifesteer.

3.3.7 ALKOHOL- EN DWELMAFHANKLIKHEID

Volgens Sonkin (1998:62-63) is alkohol- of dwelmafhanglikheid by slagoffers net nog 'n poging om van die emosionele pyn te ontsnap. Briere (1992:59-61) ondersteun Sonkin daarin wanneer hy aandui dat die gebruik van alkohol en dwelms 'n onmiddellike pynstiller is vir die slagoffer van molestering wat deur angstigheid, depressie of ontstellende herinnerings geteister word.

Verskeie skrywers bevestig dat persone wat as kinders gemolesteer is, se kanse hoër is om alkohol of dwelms te misbruik as persone wat nie gemolesteer is nie.

Spies (1996:91) verwys na 'n studie wat deur Russel in 1994 gedoen is, waartydens gevind is dat 30% van respondenten wat as kinders gemolesteer is aan alkohol en verdowingsmiddels, en 35% aan ander middels, byvoorbeeld dieetpille of -stroop, antidepressante en slaappille, verslaaf geraak het. Parks (1994:30) noem dat alkohol of dwelms gebruik kan word as 'n wyse waarop slagoffers hulself straf of 'n wyse om geheue uit te blok. Bass et al. (1997:216-217) beskryf ook die redes vir alkohol- of dwelmafhanglikheid van die slagoffer as 'n wyse om te ontsnap, selfbeskermend op te tree en te herstel. Die gebruik van alkohol en dwelms ondersteun 'n slagoffer om nie intense emosies te ervaar nie, te vergeet van die herinnerings van die molestering en om van die pyn daarvan te ontsnap. Hierdie afhanglikheid kan baie gevaarlik wees en solank as wat dit teenwoordig is, word heling uitgestel.

Navorser meen dat alkohol- of dwelmafhanglikheid dikwels lei tot probleme in verhoudings wat later tot isolasie kan lei. Vir slagoffers om heel te word, is dit dus belangrik om die pyn van die molestering te konfronteer en aan hul verhoudingslewe aandag te gee.

3.3.8 DISSOSIASIE

Briere (1992:36) bied die volgende definisie vir dissosiasie: "...a defensive disruption in the normally occurring connections among feelings, thoughts, behaviour, and memories, consciously or unconsciously invoked in order to reduce psychological distress".

Briere (1992:37-40) verwys na onlangse studies wat dissosiasie verbind met trauma in die kinderjare, veral waar seksuele molestering teenwoordig was. Dissosiasie kan gedefinieer word as 'n toestand waartydens verdediging teen post-traumatische spanning geskep word en die doel daarvan kan die volgende insluit:

- ontsnap van die realiteit van die molestering
- insluiting van traumatische herinneringe en effek van die molestering buite die bewuste omgewing
- distansiëring van die feit dat die molestering plaasgevind het

- ongevoeligheid vir pyn.

Briere (1992:37-40) onderskei tussen die verskillende vorme van dissosiasie en verwys daarna as onttrekking, afgetrokkenheid/gevoelloosheid, observasie, geheueverlies en meervoudige persoonlikheidsversteuring. Onttrekking is die algemeenste en dit gebeur wanneer 'n individu hom- of haarself kognitief van die onmiddellikke omgewing onttrek in tye van trauma en spanning. Briere verwys ook daarna as 'n toestand waartydens die slagoffer ontsnap, ook genoem "spacing out". 'n Persoon onttrek tot 'n staat van emosionele en kognitiewe neutraliteit waar gedagtes en bewustheid van eksterne gebeure vir 'n periode ontken word. Onttrekking duur gewoonlik nie lank nie. Slagoffers beplan nie hierdie aksies doelbewus nie en is soms glad nie eers bewus van die proses waardeur hulle gaan nie.

Afgetrokkenheid of gevoelloosheid verwys na die proses waartydens die slagoffers die intensiteit van negatiewe gevoelens wat geassosieer word met sekere herinneringe kan verminder, sodat hulle kan voortgaan met noodsaaklike aktiwiteite sonder om verwarring of geïmobiliseer te word. In 'n kroniese vorm is slagoffers totaal onbewus van gevoelens, omdat hulle al so verwyderd is van hul emosies. Soms is dit 'n incident wat in isolasie plaasvind en wat gebeur as gevolg van 'n gevoel van angstigheid wat ontstaan. Hierdie vorm van dissosiasie kom gereeld voor in terapeutiese konsultasies as 'n wyse van slagoffers om hulself teen te veel pyn te beskerm.

Wanneer 'n situasie te traumatis is om te beleef, ontsnap slagoffers eerder na 'n konteks buite hulle liggame. Dit maak slagoffers kalm, aangesien hulle deur die dissosiasie nie verder by die situasie betrokke is nie, maar van buiten die situasie na binne kyk.

Geheueverlies as 'n vorm van dissosiasie vind plaas wanneer 'n slagoffer onbewustelik angs wat afkomstig is van 'n pynlike herinnering vermy. Slagoffers is nie bewus van die feit dat hulle dit doen nie, aangesien hulle totaal onbewus is van hierdie gevoelens. Heelwat persone wat as kinders gemolesteer is kan die

molestering nie onthou nie aangesien die pyn wat hulle intens beleef het, uitgeblok is. As kind leer die slagoffer dus om eerder te vergeet van die molestering en nie daaraan te dink nie. Hierdie gevoelens is eenvoudig te pynlik om alleen daarmee te deel.

Bass et al. (1997:42-43) ondersteun Briere se beskrywing van die vorme van dissoaliasie en noem egter dat slagoffers soms reeds as kinders hierdie tegnieke aanleer in 'n poging om die molestering te oorleef. Omdat hulle fisies nie kan weghardloop nie, verlaat hulle emosioneel hulle liggeme.

3.3.9 GEESTESONGESTELDHEID

Probleme ontstaan gewoonlik wanneer realiteit en fantasie in mekaar begin vloei. 'n Slagoffer kan ervaar dat die enigste wyse om verligting te ervaar en in beheer te voel, is wanneer hy of sy in 'n inrigting vir geestesongesteldheid opgeneem word (Bass et al., 1997:48). Die mees algemene vorm van persoonlikheidsversteuring waarmee 'n volwasse slagoffer van molestering gediagnoseer word is 'n grenspersoonlikheid ("borderline"). Daar is ooreenkoms tussen die eienskappe van 'n persoon wat gemolesteer is en 'n persoon met 'n grenspersoonlikheid, veral verdeling ("splitting") en hysteriese eienskappe. Dit is belangrik dat die oorlewingsmeganismes van iemand wat as kind gemolesteer is, nie noodwendig gekonstrueer word as 'n grenspersoonlikheid nie (Dolan, 1991:20-21).

Briere (1992:40-41) beskryf verder dat negentig persent (90%) van persone met dissoiatiewe identiteitsversteuring (voorheen meervoudige persoonlikheidsversteuring) as kinders seksueel gemolesteer is. Die vorms van dissoaliasie by 'n meervoudige persoonlikheidsversteuring bied aan 'n volwasse slagoffer verligting, sodat hulle nie met die emosionele pyn hoef te deel nie.

3.3.10 WANTROUE

Wanneer 'n kind deur 'n persoon wat vertrou is, gemolesteer is, word so 'n kind se vertroue in alle persone geskend en is dit daarna moeilik vir hierdie slagoffers om

ander persone te vertrou. Davis (1991:153-154) en Salter (1995:81-82) glo dat kinders niks weet van pyn, misleiding en mishandeling totdat hulle mishandel en bedrieg word nie. Kinders word in 'n konteks gebore om ander te vertrou en het aanvanklik geen rede om ander persone nie te vertou nie. Die ideaal is dat kinders net liefde moet ervaar en kan aanvaar dat hulle deurentyd beskerm sal word. Daarom is vertroue in hul versorgers 'n absolute vereiste in 'n kind se lewe. Wanneer kinders gemolesteer word, word die vertroue in hul versorgers geskend aangesien hulle deur die molestering leer dat mense wat lief is vir hulle, hul liefde sal misbruik, en hulle ook sal verraai. Dit is dus selfs as volwassene vir 'n slagoffer moeilik om 'n ander persoon te vertrou, selfs die huweliksmaat wat lief is vir hom of haar.

Parks (1994:29) noem dat wanneer 'n kind se vertroue in 'n liefdevolle volwassene geskaad word, daardie kind groot word as iemand wat ander persone deurentyd sal toets. Volwasse slagoffers sal persone nabij aan hulle wegstoot, eerder as om die risiko te neem om moontlik deur die ander persoon seergemaak te word. Hierdie is volgens navorsing 'n poging van slagoffers om in beheer te wees van hulle lewens en emosies, maar ook 'n vorm van beskerming teen moontlike verwerping.

Dit is belangrik vir 'n persoon om sy eie gevoelens en waarnemings te vertrou. Omdat 'n slagoffer se vertroue as kind geskaad is, leer so 'n slagoffer om nie sy of haar eie gevoelens te vertrou nie, deurdat hulle ervaar dat hulle eie gevoelens en oordele hulle tydens die molestatingsproses in die stek gelaat het. Die ander alternatief is om eerder te leer om hulle gevoelens te onderdruk en as gevolg daarvan, emosioneel afgestomp te raak (Sonkin, 1998:124-127 en Bass et al., 1997:35).

3.3.11 ANGSAANVALLE

Angstigheid word dikwels in kombinasie met depressie gediagnoseer, maar dit kom soms ook alleen voor. Simptome van angstigheid sluit in bewerigheid, 'n onvermoë om te ontspan, sweat, hartkloppings, hiperventilasie, duiseligheid,

lighoofdigheid, slapeloosheid, oormatige waaksamheid, onvermoë om te konsentreer en oormatige vrese. Dinsmore (1991:80-81) meen dat ontspanningsoefeninge kan help om angstigheid te verlig, deur byvoorbeeld te leer om asemhaling te beheer en die liggaam te laat ontspan.

Angstigheid kan wissel van angs per geleentheid tot 'n konstante toestand van angs wat met erge paniekaanvalle gepaard kan gaan. Slagoffers raak dikwels ontsteld oor hierdie angststoestande, aangesien hulle nie noodwendig weet waar dit vandaan kom nie. Dit maak hulle net nog meer angstig en meer paniekaanvalle mag volg. Hulle kan hulle maklik tydens 'n aanval uit 'n geselskap onttrek in die vrees dat ander persone bewus kan word wat besig is om met hulle te gebeur (Graber, 1991:119-120). Parks (1994:32) verwys na dieselfde simptome en verduidelik dat paniekaanvalle meegebring kan word deur terugflitse soos 'n gedagte, 'n reuk, 'n smaak, 'n klank, 'n gevoel of 'n aksie waarmee die molestering geassosieer kan word. Die slagoffer weet ongelukkig nie altyd wat dit veroorsaak nie. Wanneer 'n terugflits ervaar word, raak slagoffers angstig en paniekerig, aangesien hulle nie weet hoe om die terugflits te hanteer nie en hulle verstaan nie noodwendig wat met hulle gebeur nie. Die gevoelens tydens die molestering word dus herhaal. Pendergrast (1995:145) bevestig verder dat paniekaanvalle meer gereeld sal voorkom wanneer 'n persoon oorspanne of oormoeg is en veral as hulle begin vermoed dat hulle moontlik gemolesteer is as kind.

Wanneer 'n kind seksueel gemolesteer word, is dit gewoonlik 'n situasie wat vrees en angstigheid skep en soms met gevaar, soos byvoorbeeld fisiese geweld, gepaard gaan. 'n Kind se spontane ontwikkeling, waarvan emosionele en fisiese sekuriteit en veiligheid 'n belangrike komponent is, word dus benadeel. Wanneer kinders geen sekuriteit, veiligheid, liefde en ondersteuning van hulle ouers ontvang het nie, sal hierdie kinders ontwikkel as persone wat glo dat daar niemand is wat hulle sal beskerm nie. Wanneer so 'n persoon as volwassene 'n onveilige situasie betree, sal hulle moontlik selfs nie oor die vaardighede beskik om so 'n situasie suksesvol te hanteer nie (Briere, 1992:32-35).

3.3.12 TERUGFLITSE (“FLASHBACKS”)

Daar word na terugflitse verwys wanneer ‘n persoon deur middel van een van sy of haar sintuie herinner word aan ‘n aspek van die molestering. Terugflitse kan groot benoudheid en angs skep by ‘n volwasse slagoffer. Lee (1995:13) verwys na terugflitse as ...“a type of memory that is so strong it seems like you are actually back in the time, place and situation you are remembering”. ‘n Sekere gesig, geluid, reuk of smaak kan aan ‘n slagoffer ‘n terugflits besorg. Terugflitse kan byvoorbeeld ook plaasvind wanneer die slagoffer se eie kind die ouderdom van die molestering bereik. Terugflitse is moeilik om te hanteer aangesien dit weer aan die oortreder beheer gee. ‘n Goeie voorbeeld is wanneer ‘n oortreder altyd eers vir die kind ‘n aarbeiroomys gegee het voor die molestering plaasgevind het. Die volwasse slagoffer kan by die blote kontak met ‘n aarbeiroomys ‘n terugflits ervaar wat by hom of haar intense ongemak kan skep. Somatiese terugflitse kan ook plaasvind wanneer die slagoffer aan die molestering dink en pyn ervaar in ‘n spesifieke area, soos byvoorbeeld die geslagsdele (Salter, 1995:143 en 183 en Walker, 1992:178-182).

Terugflitse kom die algemeenste voor tydens seksuele intimiteit. Die volwasse slagoffer wat tydens seksuele intimiteit ‘n terugflits ervaar kan verstyf, fisiese pyn ervaar, naar word, angs of walging ervaar. Terugflitse kan ook voordele inhoud aangesien dit ‘n slagoffer kan help om die verlede te ontdek en sodoende begin om die trauma te verwerk (Dinsmore, 1991:98–101 en Davis, 1991:187-192). Sonkin (1998:30-31) beweer dat terugflitse nie beheer kan word nie, maar dat slagoffers wel beheer kan hê oor hoe hulle die terugflitse hanteer.

3.3.13 SELFMOORDPOGINGS

Selfmoordpogings kom redelik algemeen onder volwasse slagoffers van molestering voor. Hierdie pogings is nie noodwendig om te sterf nie, maar die pyn word te veel en die slagoffer weet nie hoe om anders met die pyn te deel nie. Baie ander oorlewingsstrategieë het nie die pyn verlig nie en selfmoord blyk dan die enigste uitweg te wees (Briere, 1992:61–62 en Salter 1995:243-245). Salter meen

verder dat sommige slagoffers oor selfmoord fantaseer, maar dit nooit regtig probeer nie. Die fantasie gee aan slagoffers genoeg beheer dat hulle ervaar dat hulle self keuses kan maak en wanneer die pyn te veel word, daar wel deur middel van die dood 'n uitweg is. Ander slagoffers wend selfmoordpogings aan om aandag, liefde en emosionele versorging vir hulself te skep.

Selfmoordpogings word dikwels aangewend in tye van 'n krisis, byvoorbeeld wanneer die slagoffer begin onthou van die molestering of wanneer deurbrake in die helingsproses bereik word wat baie pynvol vir die slagoffer kan wees. Dit is belangrik dat slagoffers in hierdie tye 'n ondersteuningsnetwerk sal hê sodat hulle kan besef selfmoord is nie die enigste uitweg om met die pyn te deel nie (Davis, 1991:111; Spies, 1996:58–59 en Graber, 1991:103-104).

3.3.14 SEKSUALITEIT

Volwasse slagoffers van seksuele molestering ervaar dikwels probleme met hulle eie seksualiteit, asook ernstige ongemak binne die intimiteitsverhouding in die huwelik. Dit is soms moeilik om te onderskei of die probleem verband hou met fisiese of emosionele nabyheid, aangesien die twee gewoonlik hand aan hand gaan. Hierdie vorm van intimiteit en seksualiteit moet dus nie as aparte komponente gesien word nie, maar moet geïntegreer word in die terapeutiese proses.

Bass et al. (1997:239–240) verduidelik dat volwasse slagoffers van seksuele molestering dikwels seksuele intimiteit as bedreigend ervaar en dit selfs vergelyk met die molesteringsproses. Dit impliseer dat hulle gewoonlik nie in beheer tydens die seksuele daad voel nie en voel dat seksuele intimiteit op hulle afgedwing word. As gevolg van hierdie gevoel kan die volwasse slagoffer fisiese probleme ontwikkel soos vaginisme, of dat alle behoeftes slegs deur middel van seksuele intimiteit bevredig kan word. Dit kan by die volwasse slagoffer lei tot gevoelens van "vuil", "sleg" en 'n "hoer" wees. Dikwels het die oortreder ook soms aangedui dat die slagoffer gevra het dat die molestering moet plaasvind. Dit is belangrik dat volwasse slagoffers moet leer verstaan dat die ervaring tydens

molestering slegs 'n liggaamlike reaksie was en dat hulle nie noodwendig sleg is nie (Parks, 1994:217-220 en Walker, 1992:185-190). Dinsmore (1991:92-101) ondersteun Parks en Walker se mening, naamlik dat 'n slagoffer totaal van seksuele kontak kan onttrek. Sommige slagoffers kan met vele persone seksuele omgang hê sonder om enige emosionele of fisiese plesier te ervaar, hulle kan verplig voel om in 'n vaste verhouding seksueel omgang te hê sonder om enige plesier te ervaar, of hulle kan seksuele omgang met intimiteit en liefde verwarring en dit gebruik om ander behoeftes soos nabyheid, aanvaarding, mag of liefde te ervaar. Seksuele omgang sonder die aanwesigheid van intimiteit is dikwels vir 'n slagoffer makliker om te geniet. Sodra die verhouding meer intens word en emosionele intimiteit ontwikkel, word seksuele omgang vir die slagoffer 'n bedreiging. Volwasse slagoffers meen dat seksuele omgang na die sluiting van 'n huwelik moeiliker geword het, aangesien die seksuele verhouding skielik soos 'n bloedskandeverhouding voel. Dit impliseer dat die seksuele maat soos 'n familielid word, wat hom of haar in dieselfde kategorie as 'n oortreder plaas.

Davis (1991:21-22) en Dinsmore (1991:98-99) verduidelik dat 'n kind wat gemolesteer word se eerste ervarings van seksuele opwekking gepaard gaan met skaamte, pyn, vernedering en walging. Hierdie gevoelens word tot in die volwasse lewe oorgedra en verwarring 'n slagoffer. Die verhouding tussen seksualiteit, intimiteit en liefde word ook as chaoties ervaar. Terugflitse vorm dikwels 'n groot deel van 'n seksuele verhouding en die seksuele maat word dikwels met die oortreder verwarring. Verhoudingsmaats voel dikwels ingedoenu en ervaar dat hulle moet boet vir dit wat die werklike oortreder aan die slagoffer in die verlede gedoen het.

Wanneer slagoffers plesier ervaar het tydens die seksuele molestering, gaan volwasse seksuele verhoudings dikwels met skaamte gepaard. Slagoffers ervaar dat hulle gevra het vir die molestering om te gebeur en dat hulle nou weer as volwassenes weer daarvoor vra en daarom eintlik niks beter as die oortreder is nie. Die oortreders of ander volwassenes skep ook die indruk dat slagoffers dikwels vir die molestering gevra het (Parks, 1994:217-220 en Walker, 1992:185-190).

Sonkin (1998:166-171) bespreek die korrelasie tussen seksuele molestering en homoseksualisme en verwys na seuns wat deur mans gemolesteer is as persone wat verward is oor hulle eie seksuele identiteit. Dit is ook moontlik vir hierdie seuns om by prostitutie betrokke te raak. Die feit dat seuns wat gemolesteer word maklik 'n orgasme kan bereik, bring mee dat hulle ervaar dat hulle liggamo hulle in die steek gelaat het en daarom word hulle eie seksualiteit bevraagteken. Omdat 'n man hom die eerste keer seksueel opgewek het, voel die slagoffer dat hy homoseksueel is. 'n Ander moontlikheid is dat die slagoffer soveel seksuele en emosionele probleme met vrouens kan ontwikkel, dat hulle hulself makliker na kinders kan wend vir hulle emosionele en seksuele behoeftes en sodoende self 'n molesteerde word.

O'Donohue en Geer (1992:276-278) bevestig ook bogenoemde mening en dui aan dat hierdie seuns makliker betrokke kan raak in homoseksuele verhoudings. Sonkin (1998:155-171) noem enkele seksuele probleme waarmee manlike slagoffers gekonfronteer word, naamlik geen behoeftes aan seksuele intimiteit nie, promiskuïteit, prostitutie, homoseksualiteit, premature ejakulasie en impotensie. Soms gebeur dit dat 'n man bang is om as homoseksueel geëtiketeer te word en dit dikwels tot promiskuïteit teenoor vroue lei of dat seksuele intimiteit totaal vermy word.

Briere (1992:51-53) en Graber (1991:110-113) noem verder dat vrouens wat gemolesteer is, ook fisiese problemeervaar, naamlik dat hulle nie gepenetreer kan word nie of ook nie 'n orgasme kan bereik nie, dat hulle belangstelling in seksuele gemeenskap verloor en dat sekere vrouens ook nie in mans belangstel nie. Daar is ook vrouens wat wel in seksuele verhoudings betrokke is, maar sonder fisiese bevrediging of die moontlikheid om 'n orgasmes te bereik. Sommige vrouens raak promisku, omrede dit die enigste wyse is waarop hulle belangrik en liefkoos kan voel. Party vrouens raak eerder in lesbiese verhoudings betrokke, omrede mans hulle as gevolg van die molestering walgt. Wanneer hierdie vrouens deur 'n helingsproses beweeg, gebeur dit dikwels dat hulle weer in staat is om seksuele intimiteit in hulle verhoudings met mans toe te

laat. Sommige vrouens raak ook by prostitusie betrokke. Dit is makliker vir die volwasse slagoffer van seksuele molestering om by prostitusie betrokke te raak, aangesien hulle meesters is in die afstomping van gevoelens. Bass et al. (1997:210) verwys daarna dat die slagoffer “numb” word en nie enige emosie tydens enige vorm van seksuele omgang ervaar nie.

3.3.15 INTIMITEIT

Intimitet is ‘n integrale deel van die menslike sisteem. Wanneer vertroue en onvoorwaardelike omgee vir mekaar nie in die kinderjare gevestig is nie, is dit moeilik vir ‘n persoon om onvoorwaardelik iemand anders te vertrou en naby aan hom of haar binne ‘n verhouding te beweeg. Aangesien intimitet in ‘n huwelik noodsaaklik is, gaan volwasse slagoffers se huwelike gewoonlik met ‘n verskeidenheid van probleme gepaard. Die grootste rede hiervoor is dat intimitet vir ‘n volwasse slagoffer bedreigend is en ‘n assosiasie met die pyn wat tydens die molesteringsproses ervaar is, skep.

Bass et al. (1997:36-37) beskryf die boustene van intimitet as gee en neem, vertrou en vertrou word. Hierdie aspekte word in die kinderjare aangeleer. Wanneer kinders konstant liefde ontvang, leer hulle om verhoudings te vorm en in stand te hou. Wanneer ‘n persoon egter gemolesteer is, is die natuurlike vertroue geskend deur volwassenes wat die kind se onskuld misbuik het. Hierdie slagoffers word groot met verwronge boodskappe van die verhouding tussen seksuele aktiwiteite en liefde, vertroue en verraad. Davis (1991:21) verduidelik dat slagoffers òf onvanpas vertrou, òf glad nie vertrou nie en dat boodskappe van verhoudings verwronge is. Slagoffers het dikwels ‘n behoefte om in beheer te wees van verhoudings, aangesien dit die enigste wyse is waarop hulle veilig kan voel. ‘n Verbintenis met ander is moeilik, omdat dit weereens ‘n situasie is waar slagoffers voel asof hulle vasgevang kan word en weereens misbruik word. Die slagoffer onttrek emosioneel uit die verhouding en toets die verhoudingsmaat deurentyd.

Salter (1995:182-183) verduidelik dat die oortreder dikwels die persoon is wat die

naaste aan die kind was. Die kind het die oortreder die meeste vertrou en het emosioneel met hierdie persoon die beste verhouding gehad. As volwassene besef die slagoffer dat daardie vertroue 'n wyse van manipulasie was en dit laat die slagoffer met wantroue in intimiteit.

Intimitet en seksuele omgang word dikwels verwarr. Seksuele omgang kan soms 'n wyse wees om intimiteit te kommunikeer, maar kan ook geskied sonder enige intimiteit. Emosionele intimiteit kan plaasvind met 'n vriend of familielid, sonder dat seksuele gemeenskap deel daarvan is. Emosionele intimiteit vorm wel deel van 'n seksuele aktiwiteit tussen twee mense wat vir mekaar omgee en 'n verhouding wat spreek van eerlikheid, kwesbaarheid, vertroue, verbondenheid en openheid. Vir 'n volwasse slagoffer wie se eerste verhoudings gebaseer was op oneerlikheid, verraad, misleiding en uitbuiting, is dit dus moeilik om intieme verhoudings te skep. Hulle het ook dikwels nooit die geleentheid gehad om sosiale vaardighede aan te leer rakende intimiteit nie. As resultaat kan 'n intieme verhouding dikwels vir hulle versmorend van aard wees. Omdat die natuurlike gevoel van vertroue en nabyheid van die slagoffer as kind gesteel is, stoot hulle dikwels ander persone weg. In die proses voel hulle alleen en word hulle behoeftes nie bevredig nie (Dinsmore, 1991:91-105; Davis, 1991:143-145; en Bass et al., 1997:223-224).

Dit gebeur dikwels dat wanneer slagoffers in verhoudings staan wat meer ernstig van aard begin raak, hulle skielik wegskram van die verhouding en die nabyheid daarvan. Slagoffers kan 'n oppervlakkige verhouding makliker hanteer, maar sodra vertroue en verbondenheid groei, begin die slagoffer benoud en paniekerig raak en sal verkieslik daaruit tree. Dit is soms 'n poging om die verhoudingsmaat teen die pyn van die molestering te beskerm, of hulle probeer net met die pyn daarvan te oorleef. As kind kon die molesteerde tydens die molestatingsproses aangedui het dat hy lief is vir die kind en kon die slagoffer dus hierdeur geleer het dat nabye verhoudings onveilig en gevaarlik is. As volwassene voel die slagoffer blootgestel tot verdere misbruik en probeer dus soortgelyke situasies en verhoudings vermy. Dit is belangrik dat slagoffers moet leer om risiko's te neem, maar in so 'n mate dat dit nie oorweldigend vir die ander party is nie. Aangesien

dit vir slagoffers moeilik is om te leer vertou, is vertroue in die self die begin vir vertroue in ander. Slagoffers moet stadig, stap vir stap, leer om mense nader aan hulle toe te laat. Omdat slagoffers dikwels bang is om weer 'n kosbare verhouding te verloor, is dit soms makliker vir hulle om nooit iemand nabij toe te laat nie. Met 'n verhoudingsmaat wat verstaan en betrokke is by die slagoffer se helingsproses, is die proses makliker en kan intimiteit weer gevestig word (Bass et al., 1997:223-238 en Davis, 1991:142-148).

3.3.16 GRENSE

Davis (1991:70-72) verduidelik grense as die denkbeeldige lyn waar een persoon se persoonlikheid ophou en die ander een s'n begin. Wanneer 'n persoon gesonde grense het, is dit moontlik dat ander persone nabij aan daardie persoon kan beweeg sonder enige gevvaar. Persone met gesonde grense weet waarvan hulle hou en wat hulle behoeftes is, en dit maak intimiteit meer moontlik aangesien veiligheid ervaar word. Kinders leer van grense deur die wyse waarop volwassenes hulle behoeftes, gevoelens en liggeme benader en respekteer. Kinders behoort gerespekteer te word en die geleentheid te kry om hulle eie gevoelens en behoeftes te ontdek. Kinders wat gemolesteer was, het ongelukkig nie hierdie keuses gehad nie en moes eerder aansluiting vind by die volwassene se behoeftes. Hierdie kinders verloor 'n gevoel van eie identiteit asook hulle eie persoonlike veiligheid. Om te oorleef, distansieer slagoffers hulle van hulle eie gevoelens, bewustelikheid en liggeme. Die effek van molestering laat slagoffers dus nie toe om eie gevoelens te ervaar nie, want gevoelens bring te veel pyn mee. As volwassenes het hulle verwarringe idees ten opsigte van grense en hulle grense is rigied (hulle laat niemand nabij toe nie), of onduidelik van aard (wat meebring dat enige persoon toegelaat word om met die slagoffer te maak wat hulle wil). Rigiede grense lei dus tot isolasie en afstand, terwyl onduidelike grense tot oor-afhanklikheid en soms verdere misbruik lei. Dit is belangrik om te leer om meer buigbare grense te ervaar, ten einde meer gesonde verhoudings te bou.

Navorser meen dat volwasse slagoffers van seksuele molestering se grense as kinders chaoties geraak het. Hulle grense is as kinders geïgnoreer en dade is met

hulle gepleeg waaroor hulle nie beheer gehad het nie. Dit is belangrik dat hulle hierdie onduidelike grense sal herstel deur self te besluit hoe naby hulle ander persone kan toelaat. Persone met duidelike grense kan hulself makliker beskerm teen negatiewe aspekte, byvoorbeeld verdere misbruik.

3.4 SAMEVATTING

Seksuele molestering is 'n omvattende traumatische ervaring. Dit raak 'n persoon se hele lewe, meestal sonder dat die persoon bewus is van die omvang en impak daarvan. Vroeër was seksuele molestering 'n onderwerp waaroor daar nie in die gemeenskap gepraat is nie. Die omvang, gevolge en moontlike heling was nie bekend nie, en terapie met volwasse slagoffers van molestering het eers die afgelope tien jaar aandag begin geniet. Onlangse navorsing toon aan dat daar wel 'n korrelasie tussen seksuele molestering in die kinderjare en persoonlike- en verhoudingsprobleme in volwassenheid is, maar dat heling wel moontlik is. Verskeie professionele persone verstaan steeds nie dat sekere menslike toestande slegs simptome is van seksuele molestering. Dit bring mee dat simptome eerder behandel word en die primêre probleem, naamlik molestering, nie aandag geniet nie. In hierdie geval is dit uiters moeilik vir die persoon om heling te ervaar, aangesien die probleem nie in sy geheel benader word nie. As gevolg van die vertroue wat geskend is en die verliese wat geleei is, word dit vir hierdie slagoffers baie belangrik om te voel dat hulle weer in beheer van hulle eie lewens is.

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

Tydens hierdie ondersoek is die effek wat seksuele kindermolestering het op die intimiteitsverhouding van 'n egpaar wat in die huwelik bevestig is, geëksplorreer.

In hierdie hoofstuk beskryf navorsing die empiriese waarnemings van die respondent se persepsies met betrekking tot die effek wat die seksuele molestering op hulle lewens gehad het, asook wat terapie vir die intimiteitsverhouding in hulle huwelike van waarde gehad het. Tien persone is tydens die ondersoek by die studie betrek en die waarnemings sal in tabelvorm, sowel as volledig met teoretiese interpretasie, bespreek word. In hierdie navorsingsproses gaan spesifiek gefokus word op:

- die kwaliteit van intimiteit tydens die hofmaakproses wat die huweliksluiting voorafgaan
- die aanpassing van beide egliede binne die intimiteitsverhouding direk na huweliksluiting
- die wyse waarop seksuele kindermolestering die intimiteitsverhouding van 'n huweliksmaat kan beïnvloed
- die effek wat terapeutiese behandeling op die intimiteitsverhouding binne die huwelik van die volwasse slagoffer van molestering kan hê.

4.2 PROSEDURES TYDENS EMPIRIESE ONDERSOEK

4.2.1 WERWING EN SELEKTERING VAN RESPONDENTE

Die respondent is geselekteer vanuit die kliëntelading van die navorsing waar sy terapeutiese werk as maatskaplike werker by die Landdrostskantoor in Pretoria doen, sowel as uit 'n ondersteuningsgroep vir volwasse vroue wat as kinders gemolesteer is. Die respondent wat geselekteer is, moes aan sekere kriteria voldoen en sluit die volgende in:

- vroulike kliënte

- getroud of geskei
- as kinders seksueel gemolesteer
- terapeutiese behandeling met betrekking tot seksuele molestering ontvang het.

Respondente is almal persone wat in Pretoria of die omgewing woonagtig is. Sekere respondente is na die navorser verwys vir terapie deur verskeie landdroste. Hierdie persone het in die hofsisteem beland as gevolg van die trauma wat die seksuele molestering in hulle lewens geskep het. Die ander respondente het deel uitgemaak van 'n ondersteuningsgroep vir volwasse vroue wat as kinders gemolesteer is. Van die respondente was dus meestal reeds vir 'n tydperk bekend aan die navorser, hetsy deur middel van 'n terapeutiese proses, of deur inskakeling by die ondersteuningsgroep.

4.2.2 ONDERHOUDE

Daar is met elke respondent een telefoniese onderhoud en een persoonlike onderhoud gevoer. Die onderhoude het tussen een en twee ure geduur en het of by die respondent aan huis of in 'n koffiekroeg plaasgevind. Daar is gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule tydens die semi-gestruktureerde onderhoude. Die onderhoudskedule het bestaan uit sekere temas wat vir al die respondenten gebruik is om die navorsingsdata in te samel.

- Voorbereiding op onderhoude

Die telefoniese onderhoud met elke respondent was hoofsaaklik gerig op die voorbereiding vir die onderhoude met die respondent, asook om hulle voorwaardelike toestemming te kry vir moontlike deelname aan die studie. Daar is aan die respondent verduidelik waaroor die studie handel en wat die moontlike inhoud van die onderhoud kan behels. Praktiese reëlings is getref met betrekking tot die plek en tyd waar die onderhoude sal plaasvind. Tydens die onderhoude moes respondenten dus elk 'n vrywaringsvorm onderteken om toestemming te verleen dat hulle vrywillig aan die ondersoek deelneem, dat hulle verstaan waaroor die studie gaan en dat hulle onder andere op enige stadium uit

die studie mag onttrek. Die respondentie is deeglik voorberei op die tipe vrae en moontlike ongemak wat gekep kan word, soos deur sekere herrinneringe aan die molesteringsproses. Vertroulikheid en konfidensialiteit is aan hulle verduidelik en dit is as 'n voorwaarde gestel. Die navorser het haar kontaknommer aan die respondentie beskikbaar gestel sodat hulle haar kon kontak indien hulle enige ongemak sou ervaar na afloop van die onderhoud. Die bevindings van die studie sou ook beskikbaar wees indien 'n respondent dit sou versoek.

4.3 BESPREKING VAN EMPIRIESE GEGEWENS

Tien respondentie is in hierdie studie betrek. Die empiriese gegewens van al die respondentie is volledig volgens die verskillende temas bespreek, en is ook volgens relevante literatuur ondersteun.

Die bespreking van die data van die tien respondentie, sal volgens die volgende temas in die tabelle weergegee word:

- huidige omstandighede van die respondent
- die molesteringsproses
- aard van intimiteitsverhouding voor huweliksluiting
- aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting
- effek van molestering op die intimiteitsverhouding
- terapeutiese hulpverlening.

TABEL 1

VRAE:	RESPONDENT A
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 34 • Geskei • Sept 1986 – Mrt 1995 • Mrt 1998 – Aug 2002
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 4 jaar – 5 jaar; 16 jaar; 18 jaar • Betasting; op 16 jaar verkragting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Seksuele verhouding met beide huweliksmaats • Nee
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Na huwelik nie meer 'n behoefte aan seksuele verhouding nie • Sukkel om emosionele nabyheid te hanteer • Nie daaroor gepraat nie • Beide huweliksmaats gefrustreerd omdat ek nie seks wou hê nie • Buite-egtelike verhoudings deur eerste huweliksmaat • Huweliksgeweld by albei • Tweede man geintereseerd in pornografie • Tweede man molesteer my dogter
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressief • Vertrou niemand nie • Geen persoonlike grense nie • Behoeft om in beheer te wees • Seks het my vuil laat voel
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Nadat eie kind gemolesteer is, is saak by welsynsorganisasie aangemeld; vir die eerste keer oor my eie molestering gepraat • Welsynsorganisasie het my verwys na navorsers • Hulpverlening was effektief • Fokus op eie molestering en verhoudings – word sterker, leer grense stel, nie meer iemand anders nodig om goed te voel oor myself nie, kalm geword • Ja

TABEL 2

VRAE:	RESPONDENT B
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 37 • Getroud • Aug 1992
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 5 jaar- 6 jaar • Verkragting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Seksuele verhouding • Ja
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Voor huwelik was die emosionele verhouding meer bevredigend • Na huwelik het seksuele verhouding geen intimiteit ingehou nie • Nie daaroor gepraat nie • Hy vertrou my nie • Fisiese en emosionele aanrandings deur huweliksmaat • Huweliksmaat het behoefte om in beheer te wees – ewige stryd tussen egliede • Seksueel baie aktief, maar nie bevredigend nie
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressief • Vertrou niemand nie • Geen persoonlike grense nie • Behoeft om in beheer te wees • Geen selfvertroue nie
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Aansoek gedoen om gesinsgeweld beskermingsbevel nadat hy my geslaan het • Landdros het ons na navorsing verwys vir terapie; voorheen by Famsa en sielkundige aangeklop vir huweliksberaad; as kind ook by terapeut gewees • Eerste drie persone geen effek gehad nie, laaste terapie was wel effektief • Fokus op my eie molestering, my man se kinderjare en huweliksberaad. Neutrale persoon help ons om anders na situasies te kyk, word emosioneel sterker en verstaan myself en my omstandighede beter • Ja

TABEL 3

VRAE:	RESPONDENT C
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 29 • Geskei • Feb 1998 – Mei 2001
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 3 jaar – 12 jaar; 20 jaar • Betasting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Seksuele verhouding • Ja
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Baba gebore net na huwelik, baba belangrikste vir my geword • Emosionele afstand na huwelik • Wou nie meer seksueel verkeer nie – man laat dink my aan molesteerde • Terugflitse begin kry • Vertrou nie huweliksmaat nie • Baie daaroor gepraat • Huweliksmaat gefrustreerd omdat ek nie meer seks wou hê nie • Hy het uitgesluit gevoel as gevolg van baba • Hy het buite-egtelike verhouding aangeknood
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressief • Vertrou man nie met baba nie • Geen persoonlike grense nie • Behoefte om in beheer te wees • Geen selfvertroue nie • Belangstelling in seks verloor • Niks wat huweliksmaat gedoen het, was goed genoeg nie
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • As kind by 4 terapeute gewees as gevolg van probleemgedrag • Na baba se geboorte terugflitse gekry toe huweliksmaat baba se doek omruil - besef ek het 'n probleem en het hulp gaan soek • Maatskaplike werker in privaatpraktyk het terapie verleen • Hulpverlening was effektief • Fokus op my eie molestering en huweliksverhouding – het myself leer ken en verstaan, kontak gemaak met die kind in myself, selfrespek en selfliefde ervaar. Vorige terapeutiese prosesse was nie sinnvol nie • Ja

TABEL 4

VRAE:	RESPONDENT D
Huidige omstandigheede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 35 • Getroud • Aug 1992
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 14 jaar – 20 jaar • Onsedelike aanranding en verkragting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Seksuele verhouding • Ja
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Seks het na huweliksluiting soos 'n plig gevoel, belangstelling verloor, fisiese pyn gedurende seks ervaar • Ek het buite-egtelike verhoudings aangeknoop • Het huweliksmaat opgeweeg teen ander persone, hy was nooit goed genoeg nie • Nooit hieroor gepraat nie • Huweliksmaat gefrustreerd omdat ek nie meer seks wou hê nie • Buite-egtelike verhoudings deur albei partye
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressief • Vertrou niemand nie • Behoeft om in beheer te wees • Geen selfvertroue nie • Geen persoonlike grense nie • Gril vir manlike liggaam en sekere seksuele aksies • Enigste kere wat ek seksuele gemeenskap toegelaat het, was om 'n baba te verwek
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Op skool 1 terapeut gesien weens probleemgedrag, later 5 privaat sielkundiges gesien vir huweliksberaad voordat ek by maatskaplike werker in privaatpraktyk uitgekom het • Slegs laasgenoemde was effektief vir myself, huwelik steeds nie verander nie, omrede huweliksmaat voel dat hy nie 'n probleem het nie en dus nie hoef te verander nie • Fokus op my eie molestering en huweliksverhouding – ek het geleer om in kontak te kom met my eie gevoelens, ontslae geraak van aggressie en skuldgevoelens en geleer om van myself te hou • Ja

TABEL 5

VRAE:	RESPONDENT E
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus - datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 47 • Geskei • Des 1972 – Sept 2000
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 5 jaar – 6 jaar • Onsedelike aanranding
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Seksuele verhouding • Nee
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Is kort na ontmoeting getroud as gevolg van swangerskap • Gevoel hy kom red my, daarom moet ek hom gelukkig hou • Nooit goeie emosionele of seksuele verhouding gehad nie • Alles gedoen om hom gelukkig te maak • Nooit hieroor gepraat nie – ek was te skaam • Ek het alles gedoen wat hy gevra het, maar het later onttrek • Gevoel hy kry skaam vir my • Hy was baie geïnteresseerd in pornografie
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressief • Vertrou niemand nie • Ek het versmoor gevoel in die huwelik • Geen selfvertroue nie • Geen persoonlike grense nie • Gril vir seksuele kontak • Eggengoot het my herrinner aan my molesteerder • Skuldgevoelens ervaar
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Een keer 'n sielkundige gesien vir huweliksprobleme, daarna na maatskaplike werker in privaatpraktyk gesien ook vir huweliksprobleme • Ja, laasgenoemde was effektief • Fokus aanvanklik op huwelik, my molestering het later uitgekom en daarna is aandag daaraan geskenk. Ek het myself beter leer ken en geleer om anders na my huwelik te kyk. Dit het my gedwing om 'n besluit oor my huwelik te neem • Ja

TABEL 6

VRAE:	RESPONDENT F
Huidige omstandigheede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 50 • Geskei • Des 1981 – Apr 1999
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 3 jaar – 16 jaar • Verkragting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen seksuele verhouding • Ja
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Ek het deurlopend aanvaarding en erkenning gesoek • Swak emosionele verhouding gehad – hy het nooit met my gepraat nie • Hy was min by die huis, maar ek moes altyd by die huis wees as gevolg van sy jaloesie • Baie hieroor gepraat • Hy was kwaad vir my familie en molesteerders • Hy kon nie genoeg seksuele gemeenskap kry nie, ek het begin weerhou • Hy het buite-egtelike verhoudings aangeknoop
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressief • Het hom aanvanklik onvoorwaardelik vertrou, later glad nie meer nie • Magteloos gevoel • Geen selfwaarde nie • Behoefté gehad om in beheer te wees en het seks weerhou in 'n poging om in beheer te wees • Verwerping ervaar
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Een keer by Kinderleidingkliniek aangeklop om hulp as gevolg van huweliksprobleme. Dogter gevat na RP-Kliniek na haar molestering, besef ek het dieselfde probleme, by maatskaplike werker in privaatpraktyk aangeklop om hulp vir my eie molestering • Eerste keer het ek alleen gegaan, dus nie sinvol. Tweede keer wel sinvol • Sterk geword, voel beter oor myself, geleer om eie keuses uit te oefen, geleer om grense te stel, is nie meer bang vir verwerping nie • Ja

TABEL 7

VRAE:	RESPONDENT G
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 39 • Getroud • Apr 1984 – Sept 1995 • Junie 1996
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 6 jaar – 12 jaar • Verkragting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen seksuele verhouding voor eerste huwelik, wel voor tweede huwelik • Eerste huwelik nee • Tweede huwelik ja
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Eerste huwelik – geen kommunikasie nie, konflik, stel glad nie belang in seksuele verhouding nie, het alles gedoen wat hy gevra het omrede ek geen grense kon stel nie • Tweede huwelik – konflik oor die kinders, maar ons kan daaroor praat. Hy help my om grense te stel. Belangstelling in seksuele verhouding is swak • Eerste huwelik – nooit gepraat nie, vermoed hy het buite-egtelike verhoudings omrede ek nooit in 'n seksuele verhouding belang gestel het nie. Hy was nie tevrede nie. Fisiese geweld. Toe hy my kinders molesteer, het ek hom gesien as my eie molesteerder • Tweede huwelik – kan oor alles praat. Hy gaan saam vir terapie sodat ons probleme kan aanspreek. Hy het begrip
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressief • Geen belangstelling in seksuele verhouding nie • Vertrou niemand nie • Kinders se molestering het my eie gevoelens oor my molestering wakker gemaak – woede ervaar
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Op skool sielkundiges en maatskaplike werkers gesien as gevolg van probleemgedrag – nie sinvol gewees nie. • Na my kinders se molestering het ek vir maatskaplike werker by welsynsorganisasie 'n boek gegee wat ek geskryf het oor my eie verlede. Sy het my verwys na maatskaplike werker in privaatpraktyk. • Ja, dit was sinvol • Gefokus op my eie en my kinders se molestering – ek het kalmte ervaar, kan kinders beter hanteer en verstaan myself beter • Ja

TABEL 8

VRAE:	RESPONDENT H
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 31 • Getroud • Nov 1990 – Mei 1996 • Okt 1998 – Jul 1999 • Mrt 2003
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 7 jaar – 16 jaar; 24 jaar • Verkragting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Seksuele verhouding met almal • Eerste en tweede huwelik nee • Derde huwelik ja
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Eerste huwelik – geen emosionele verhouding nie, gereelde en bevredigende seksuele verhouding • Tweede huwelik – goeie vriende, maar seksuele verhouding was swak. Slegs seksuele gemeenskap toegelaat omdat dit soos 'n verpligting gevoel het. Nooit saam gebly nie, selfs ook nie na huweliksluiting nie • Derde huwelik – goeie vriende, skakel saam in vir terapie, seks soos roetine, ek doen dit slegs omdat dit soos 'n verpligting voel • Eerste huwelik – as ek wou praat, het hy aggressief geraak. Het elke aand seksuele gemeenskap gehad om hom gelukkig te hou, daarom het hy nie gedink daar is probleme nie • Tweede huwelik – hy wou nooit praat nie. Vermoed daar is fout omdat ek nooit seksuele gemeenskap toegelaat het nie • Derde huwelik – hy wil nie daaroor praat nie, maar besef wat die probleem is. Is frustrerend vir hom, maar hy skakel saam in vir terapie en verstaan dus beter
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressie na binne gekeer • Geen belangstelling in seksuele verhouding nie • Geen grense – doen alles om huweliksmaats gelukkig te hou ter wille van aanvaarding • Swak selfbeeld
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • As kind betrokke gewees by welsynsorganisasie en nywerheidsskole - nie terapie ontvang nie. • Na eerste kind se geboorte wel terapie ontvang vir my eie molestering by maatskaplike werker. Was sinnvol. • Na kind se verwydering het ek 'n prokureur gaan sien wat my na maatskaplike werker in privaat-praktyk verwys het. Terapie ontvang vir my eie molestering. Baie sinnvol. • Verstaan beter hoe molestering 'n rol in my lewe gespeel het. Ek is minder emosioneel. Skuldgevoelens is verminder. • Ja

TABEL 9

VRAE:	RESPONDENT I
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeidung 	<ul style="list-style-type: none"> • 40 • Getroud • Feb 1987
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • 4 jaar – 21 jaar; 38 jaar • Onsedelike aanranding
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Onsedelike aanranding • Ja
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Groot ouderdomsverskil, ek was soos 'n kind in ons verhouding • Tot in 1991 het ek emosioneel ontvlug tydens seksuele omgang (dissosiasie) • Kon nooit daaroor praat nie • Ek kon nie warmte en liefde wys nie, hy was gefrustreerd • In 1990 uitgevind dat hy my dogter en sy eie dogter gemolesteer het • In 1991 het hy 'n buite-egtelike verhouding gehad. Na hierdie verhouding het ons begin praat omrede ek bang was om hom te verloor
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressie as gevolg van gebrek aan beheer, veral met kinders • Baie gehuil as gevolg van gevoel van magteloosheid • Huweliksmaat ten volle vertrou as gevolg van behoefte aan aanvaarding • Kon nie emosionele nabyheid hanteer nie • Sekere tye het dit my gewalg as hy my net druk
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Na kinders se molestering bekend gemaak is, het ons 'n prokureur gaan sien wat ons verwys het na 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk. • Hulp aanvanklik vir huweliksmaat, myself en kinders as gevolg van hulle molestering. Later vir my eie molestering. Was effektief. • Vir die eerste keer kon ons praat oor probleme in ons huwelik en oor waar dit vandaan kom. Myself en ons verhouding beter begin verstaan. • Ja

TABEL 10

VRAE:	RESPONDENT J
Huidige omstandighede van respondent <ul style="list-style-type: none"> • Huidige ouderdom • Huwelikstatus – datum van huweliksluiting en egskeiding 	<ul style="list-style-type: none"> • 41 • Getroud • Sept 1983 – Feb 1987 • Sept 1989
Die molesteringsproses <ul style="list-style-type: none"> • Ouderdom tydens molestering • Vorm van molestering 	<ul style="list-style-type: none"> • Van ek kon onthou tot 18 jaar • Verkragting
Aard van intimiteitsverhouding voor huwelik <ul style="list-style-type: none"> • Het huweliksmaat voor die huwelik geweet van die molestering? 	<ul style="list-style-type: none"> • Seksuele verhouding met albei • Ja, albei
Aard van verandering in intimiteit na huweliksluiting <ul style="list-style-type: none"> • Aard van intimiteitsverhouding • Ander huweliksmaat se belewing van die intimiteitsverhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Gevoel eerste man het my kom red. Na huwelik het hy aggressief en pervers geraak. Ek het gedink dit moet so wees. • Tweede huwelik – gebrek aan emosionele verhouding. Seksuele verhouding was bevredigend, maar ek het 'n behoefte gehad aan 'n emosionele verhouding. Het daarom buite-egtelike verhoudings aangeknop. • Het nooit daaroor gepraat in eerste huwelik nie. Hy was gefrustreerd met my, maar het nie verstaan hoekom nie. • In tweede huwelik praat daaroor en skakel saam in vir terapie. Hy raak ook gefrustreerd en het voorheen ook nie verstaan nie. Het nou beter begrip.
Effek van molestering op intimiteitsverhouding	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressie • Geen grense gehad nie • Na huwelik 'n behoefte ontwikkel om in beheer te wees • Niemand vertrou nie • Terugflitse en nagmerries as gevolg van seksuele verhouding
Terapeutiese hulpverlening <ul style="list-style-type: none"> • Rede vir aanmelding • Waar is hulp gevra? • Was hulpverlening effektief? • Fokus van terapeutiese behandeling • Sou u ander persone in soortgelyke situasie aanbeveel om hulp te vra? 	<ul style="list-style-type: none"> • Nadat ek 'n buite-egtelike verhouding aangeknop het, het my man se vriend my na 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk geneem ter wille van my huwelik. • Ja, dit was effektief • Ek kon leer om myself en my huweliksmaat beter te verstaan. Het van skuldgevoelens ontslae geraak en selfvertroue ontwikkel. Geleer om grense te stel. • Ja

4.4 INTERPRETASIE VAN EMPIRIESE DATA

Tien vrouens vanuit verskillende vlakke in die gemeenskap is by hierdie studie betrek. Daar is op hulle kinderjare sowel as hulle huwelikslewe gefokus. Al hierdie vrouens is as kinders seksueel gemolesteer en almal was ten minste een

keer getroud gewees en almal was reeds by terapeutiese behandeling ingeskakel. Die interpretasie van hulle gegewens sal volgens die temas in die onderhoudskedule behandel word.

4.4.1 HUIDIGE OMSTANDIGHEDe VAN RESPONDENTE

Respondente se ouderdomme het gewissel van 29 jaar tot 50 jaar. Die grootste groep was egter tussen die ouderdomme 31 - 41. Ses (6) van die respondente was getroud, terwyl vier (4) reeds geskei was. Drie (3) van die respondente is getroud voordat hulle twintig (20) jaar oud was, maar die gemiddelde ouderdom tydens huweliksbevestiging was ongeveer vier-en-twintig (24) jaar. Van die ses (6) getrouwe vrouens was drie (3) reeds in 'n tweede of derde huwelik. Meeste van die respondente het aangedui dat hulle gedetermineerd was om na 'n egskeidingsproses, sukses te behaal in 'n volgende huweliksverhouding. Dit het onder ander daartoe aanleiding gegee dat hulle ten alle koste weer in 'n huwelik sou tree om juis hierdie behoefte te bevredig. Drie (3) van die respondente het met mans in die huwelik getree wat meer as tien (10) jaar ouer as hulself was. Van die respondente het aangedui dat hulle meer veiligheid by ouer mans ervaar het as mans van hulle eie portuurgroep. In die meeste ander gevalle het ouderdomme nie meer as vier (4) jaar gewissel nie. Al die respondente het kinders gehad.

Al tien (10) respondente het hulle huwelikslewe as problematies beskou. Selfs die drie respondente wat steeds in 'n eerste huwelik is, se huwelike was al gekenmerk deur buite-egtelike verhoudings. Baker (2002:60) verwys daarna dat volwasse slagoffers van seksuele molestering met moeite 'n stabiele verhouding in stand kan hou en dat intimiteit in 'n verhouding afneem sodra laasgenoemde 'n langtermynsaamleefverhouding word en veral ook wanneer kinders gebore word. Die respondente in hierdie studie het almal bevestig dat hulle verhoudings verswak het na die huweliksluiting en sommiges het spesifiek verwys na die agteruitgang van hulle verhoudings na die geboorte van hulle kinders. Al die respondente het aangedui dat laasgenoemde toegeskryf kan word aan die idée dat hulle na 'n formele huweliksluiting hulle beheer of outonomie verloor het en dus

‘n besitting van die huweliksmaat geword het. Sommige het die huweliksverhouding as ‘n gevangenisskap beskryf. Soms het die vorming van ‘n nuwe gesinsisteem die respondentie herrinner aan hulle eie gesinne waarbinne hulle gemolesteer is en sou dus ten alle koste daaruit wou ontsnap. Hansen (1991:37-38) beskryf terreg die volwasse slagoffer se behoefté om te ontsnap en weg te hardloop uit ‘n verhouding wanneer hy die volgende stelling maak: “...if the incest or abuse took place in the home, then any environment that begins to resemble ‘home’ becomes a potentially dangerous place for the abuse survivor”. Al hierdie respondentie het verskeie verhoudings gehad, maar binne die huwelik het almal met moeite oorleef en daarom is ‘n groot aantal van hulle reeds deur ‘n ekskeidingsproses.

4.4.2 DIE MOLESTERINGSPROSES

Met die uitsondering van een persoon het al die respondentie se molesteringsprosesse begin voordat hulle sewe jaar oud was en in al die gevalle was dit ‘n proses wat oor ‘n tydperk plaasgevind het. By die helfte van die respondentie was daar meer as een oortreder gewees. In gevalle waar daar slegs een oortreder was, was dit ‘n persoon naby aan die respondent, gewoonlik die vader-figuur. In slegs drie gevalle het die molestering nooit verkragting ingesluit nie, maar slegs betasting of orale seks. Van die respondentie wat verkrug is, noem dat daar nie noodwendig tydens die eerste kontak penetrasie plaasgevind het nie, maar dat dit met verloop van tyd wel gebeur het. Morin et al. (2002:254) verwys na die sagmaakproses (“grooming”) waar ‘n molesteerdeerder sy slagoffer oor ‘n tydperk spesiaal laat voel en nader aan die kind beweeg. Tydens hierdie proses word daar aanvanklik subtel seksuele kontak gemaak. Die proses vorder, wat dan later tot penetrasie kan lei.

4.4.3 AARD VAN INTIMITEIT VOOR HUWELIKSLUITING

In feitlik al die respondentie se huwelike het die huweliksmaats wel geweet van die seksuele molestering voor huweliksluiting. In vier gevalle het respondentie dit nie met hulle huweliksmaats gedeel nie. Twee van hierdie respondentie is egter geskei

en het in volgende huwelike dit wel met hulle huweliksmaats gedeel. Al die respondenté het egter genoem dat al was hulle huweliksmaats hiervan bewus, hulle nie die volle impak van die molestering besef het voor huweliksluiting nie. Hansen (1991:16-17) sê dat huweliksmaats wat wel voor huweliksluiting bewus was van die molestering, steeds ontnugter word binne die huweliksverhouding en deur moeilike tye in die huwelik gaan wanneer die molestingsproses 'n direkte invloed op 'n eglied en die verhouding het.

Met die uitsluiting van een respondent, het almal voor die huwelik reeds seksueel verkeer met hulle huweliksmaats. Sekere van die respondenté het buite-egtelike kinders gehad en ander was swanger tydens huweliksluiting. Die meeste van die respondenté was in saamleefverhoudings voordat hulle getroud is. Bass et al. (1997:239-267) noem dat volwasse persone wat as kinders seksueel gemolesteer is, dikwels voel dat hulle enigste waarde seksueel van aard is en daarom is dit makliker om in 'n seksuele verhouding waar daar geen vaste verbintenis is, betrokke te wees. 'n Passievolle seksuele verhouding skep die illusie van veiligheid, alhoewel 'n seksuele verhouding alleenlik, nie op die lang duur intimiteit kan skep nie. Individue wat as kinders seksueel gemolesteer is, vind 'n seksuele verhouding waar daar geen vaste verbintenis is nie, makliker as 'n huwelik. Hierdie persone skei hulle fisiese van die emosionele en kan daarom in 'n fisiese verhouding met 'n ander persoon staan sonder om emosioneel betrokke te wees. Bass et al. (1997:42) verwys na "splitting" as hulle na hierdie vorm van oorlewing verwys. Volgens hulle is daar twee wyses waarop persone hulle los maak ("split") van hulself. Die eerste wyse is byvoorbeeld wanneer 'n vader die oortreder is, hy as twee verskillende persone ervaar word – die een persoon sal die molesteerder wees en die ander persoon die goeie, liefdevolle vader. Die ander vorm van losmaking ("splitting") word beskryf as "...the feeling the survivor has when she separates her consciousness from her body, or 'leaves' her body". Wanneer 'n verhouding egter groei en vertroue en intimiteit ontwikkel, raak die fisiese verhouding moeiliker om in stand te hou. Seksuele intimiteit wat vergesel word met diepgaande gevoelens, voel dikwels vir die volwasse slagoffer dieselfde as die molestingsproses.

In die meeste gevalle noem die respondenten dat hulle voor huweliksluiting 'n hoër kwaliteit seksuele verhouding kon skep. Ook op emosionele vlak kon hulle die nabyheid van 'n verhouding beter handhaaf voor huweliksluiting.

4.4.4 AARD VAN INTIMITEIT NA HUWELIKSLUITING

Na huweliksluiting (wat vir sommiges ook gepaard gegaan het met die komst van 'n nuwe baba), het feitlik al die respondenten hulle belangstelling in 'n seksuele verhouding verloor. Sommige respondenten sou op seksuele vlak alles doen om hulle huweliksmaats gelukkig te hou, al was dit om teen hulle wil toe te gee aan seksuele intimiteit. Van die ander respondenten sou per geleentheid wel toegee aan seksuele gemeenskap in 'n poging om hulle huwelike in stand te hou. Seksuele nabyheid binne die huwelik is soms traumatis, omdat dit dikwels gepaard gaan met terugflitse van die molesteringsproses. Aangesien die molesteringsproses seksueel van aard was, is dit dikwels die aspek in die huwelik wat die meeste geraak word. Bass et al. (1997:249) verwys na verskeie persone wat terugflitse ervaar het tydens seksuele intimiteit met hulle verhoudingsmaats en dat positiewe kommunikasie tussen verhoudingsmaats die beste wyse is om dit te hanteer. 'n Huweliksmaat wat deur die slagoffer vertrou word, kan meer ondersteunend tot laasgenoemde tydens die ervaring van terugflitse optree.

Die huweliksverhouding kan moontlik vir 'n volwasse slagoffer soos 'n bloedskandesituasie voel en daarom kan hulle nie die seksuele nabyheid hanteer nie. Twee respondenten noem dat hulle buite-egtelike verhoudings aangeknoop het, aangesien dit die enigste wyse was hoe hulle wel seksuele bevredig kon word. Die meeste respondenten het verder gevoel dat hulle met moeite 'n emosionele verhouding met hulle huweliksmaats in stand kon hou. Die nabyheid van 'n huwelik het dit soms net te moeilik gemaak om 'n suksesvolle emosionele, asook seksuele verhouding, in stand te hou. Graber (1991:11-12) verwys daarna dat seksuele verhoudings dikwels aan gevoelens van intimiteit en vreugde ontbreek en dat seksuele omgang moontlik ongereeld plaasvind of slegs plaasvind in 'n poging om die huwelik te red. Wanneer huweliksmaats wel saam met die respondenten vir terapie ingeskakel het, het huweliks- en intimiteitsverhoudings

verbeter.

Baker (2002:58-60), asook Davies en Dalglish (2001:37-39), bevestig dat seksuele probleme ondervind word wanneer die mishandeling van 'n kind seksueel van aard was. Hulle noem dat die gebrek aan belangstelling in seksuele aktiwiteite veral die grootste probleem is. Volgens hulle gaan dit dikwels gepaard met wantroue in die huweliksmaat, magteloosheid, negatiewe liggaamsbeeld, dissosiasie, terugflitse, onvermoë om te ontspan, onsekerheid en jaloesie, beherende gedrag, swak kommunikasiepatrone en 'n negatiewe gevoel oor seksuele dade. Vanweë 'n volwasse slagoffer se onvermoë om 'n stabiele emosionele verhouding te vestig, word die probleme in die seksuele verhouding juis sterk bevestig. Volgens Dinsmore (1991:92-101) verloor volwasse slagoffers van seksuele molestering dikwels belang in 'n seksuele verhouding na huweliksluiting en onttrek hulle daarvan, omrede dit soos 'n verpligting voel. Tydens die molestatingsproses is die slagoffer geen keuses gelaat nie en in volwassenheid kan so 'n persoon in situasies waar hy of sy verplig voel om op 'n sekere wyse op te tree, magteloos voel omrede dit die persoon aan die molestatingsproses herrinner. Bass et al. (1997:239-240) verduidelik verder dat seksuele intimiteit as bedreigend gesien kan word, aangesien dit vergelyk kan word met die molestatingsproses, waar seksuele dade op die slagoffer afgedwing was.

Davis (1991:70-72) beskryf dat wanneer kinders gemolesteer word, hulle geen keuses gelaat word nie en verloor hulle sodoende hulle eie identiteit en persoonlike veiligheid. Om te oorleef, maak hulle hul los van hul eie gevoelens, bewustheid van die self en fisiese liggaam. Hulle leer rigiede of onduidelike grense aan, wat in gev. A se geval duidelik na vore gekom het. Onduidelike grense lei tot oorafhanklikheid en verdere misbruik.

4.4.5 DIE EFFEK VAN DIE MOLESTERINGSPROSES OP DIE INTIMITIETSVBERHOUDING TUSSEN HUWELIKSMAATS

Al tien respondentte het intense aggressie ervaar, wat 'n groot invloed op hulle

huweliksverhoudings gehad het. Sommige respondentēe het nie hulle aggressie gewys nie, maar eerder op hulself gerig. Ander respondentēe sou alles vir hul huweliksmaats doen in 'n poging om nie die persoon te verloor nie. Tydens hierdie prosesse het die grense onduidelik geword, wat weer die volwasse slagoffer 'n gevoel van 'n verlies aan beheer van haar omstandighede laat ervaar het. Sonkin (1998:54-56) noem dat 'n volwasse persoon wat die slagoffer as kind vertrou het, haar pyn veroorsaak het en dat hierdie teleurstelling aggressie veroorsaak, wat dikwels oorgedra word na die huweliksmaat. Beide Hansen (1991:45-60) en Graber (1991:24) noem dat woede 'n groot rol speel in die huweliksverhoudings van volwasse slagoffers. Woede word nie noodwendig net teenoor die oortreder gerig nie, maar kom ook voor op ander vlakke van 'n volwasse slagoffer se lewe. Woede word dikwels teenoor die huweliksmaat gemik, omdat die nabye verhouding van die huwelik die volwasse slagoffer kan herinner aan die molesteringsproses. Die huweliksmaat kan gesien word as die oortreder en indien daar nie hierteen gewaak word nie, kan dit 'n bydrae lewer tot die verbrokkeling van die huwelik.

Die respondentēe het almal genoem dat hulle in 'n terapeutiese omgewing selfaanvaarding en selfliefde aangeleer het. Hulle kon ook van hulle skuldgevoelens rondom die molestering ontslae raak. Baker (2002:57-60) bevestig dat die meeste volwasse slagoffers in 'n mate skuldig voel oor hulle molestering. Volgens haar beleef persone wat skuldig voel oor die molestering, meer trauma later in hulle lewens as die persone wat nie skuld aanvaar nie. Die molesteringsproses breek 'n persoon se selfwaarde af en 'n slagoffer begin glo wat 'n oortreder vir haar tydens die molestering gesê het. Hierdie vals beeld kan slegs reggestel word tydens 'n intense terapeutiese proses (Salter, 1995:116-118 en Graber, 1991:113-115).

Vertroue het by al die respondentēe ontbreek. Aangesien 'n slagoffer se vertroue in volwassenes gedurende die molesteringsproses geskend is, is dit vir hulle feitlik onmoontlik om ander volwassenes te vertrou. Die oortreder was dikwels 'n persoon naby aan die slagoffer en daarom is dit vir slagoffers veral moeilik om hulle huweliksmaats te vertrou, aangesien hulle 'n vrees het dat die

huweliksmaat hulle ook leed kan aandoen. Al die respondent het 'n behoefté ervaar om in beheer van situasies te wees en daarmee saam het hulle probleme ervaar om duidelike grense te stel. Volgens Graber (1991:17) word intimiteit in die verhouding geaffekteer deur 'n vaste verhouding en vertroue. Volgens Graber sal vertroue meestal ontbreek tot byna aan die einde van 'n helingsproses. Volgens hom is dit vir die meeste huweliksmaats ook problematies dat die slagoffer nie in 'n seksuele verhouding geïnteresseerd is nie. Byna al die respondent in hierdie studie bevestig dit en is van mening dat dit is as gevolg van die molesteringsproses. Die huweliksmaat word nie vertrou nie, omrede vertroue in 'n liefdevolle volwassene by die slagoffer as kind reeds geskaad is. 'n Volwasse slagoffer sal dus haar huweliksmaat deurentyd toets om te bepaal wanneer daardie persoon haar ook teleur gaan stel (Parks, 1994:29). Volgens Salter (1995:182-183) het 'n volwasse slagoffer van seksuele molestering permanente wantroue in intimiteit, aangesien die oortreder waarskynlik 'n persoon was wat deur die slagoffer vertrou was, maar wat steeds teleurgestel het. Dit is dus belangrik dat die huweliksmaat van 'n volwasse slagoffer van molestering hiervan bewus sal wees sodat hy of sy sal verstaan waaruit die slagoffer se wantroue spruit. Wanneer beide huweliksmaats besef wat die oorsprong van die huwelikskonflik is, kan dit tydens terapie aangespreek word en kan daardie huwelik waarskynlik suksesvol wees.

Uit die tien respondent het min van hulle met hulle huweliksmaats gepraat oor die huweliksmaat se gevoelens rondom die molestering en die intimiteitsverhouding tussen hulle. Vanuit die huweliksmaats se gedrag kon meeste van die respondent egter aflei dat hulle huweliksmaats frustrasies beleef. Daar was sekere huweliksmaats wat die respondent fisiek aangerand het, buiteegtelike verhoudings aangeknoop het, pornografie gekyk het en in drie gevalle het hulle huweliksmaats selfs hul kinders gemolesteer. Die oorgrote meerderheid van die respondent het gevoel dat die grootste frustrasie vir huweliksmaats die respondent se gebrek aan belangstelling in 'n seksuele verhouding was. Hansen (1991:74) noem dat die mees algemene ondervinding van volwasse slagoffers en hulle huweliksmaats is dat "...their sex life diminishes and almost disappears". Hansen noem verder dat fisiese pyn of probleme ook kan ontwikkel as gevolg van

die seksuele molestering. Die een respondent het wel genoem dat sy na huweliksluiting sekere fisiese probleme ontwikkel het wanneer sy met haar man seksueel verkeer het. Voor huweliksluiting en in 'n buite-egtelike verhouding het sy egter nie dieselfde probleme ervaar nie. Hierdie probleme is moontlik geskep deur spanning en die persoon se totale weerstand teen seksuele intimiteit.

4.4.6 TERAPEUTIESE HULPVERLENING

Al tien respondente is of was ingeskakel vir terapeutiese hulpverlening. Met die uitsondering van twee respondente was die res almal by verskeie terapeute waar hulle nie suksesvolle hulp ontvang het nie. Eers toe hulle 'n terapeut gevind het wat hulle verstaan het, het heling plaasgevind. Vyf respondente het reeds op skool terapeute besoek as gevolg van probleemgedrag wat gepresenteer het. Die meerderheid van die respondente het as volwassenes self om hulp gaan aanklop weens huweliksprobleme. Salter (1995:260) beskryf die terapeutiese opset as die konteks waarbinne veiligheid geskep word, wat reeds tydens die traumatische ervaring vernietig is. Tydens die terapie word daar nuwe konstruksies geskep met betrekking tot die betekenis wat die molestering in hulle lewe kan hê. Die konstruksies wat reeds voor die terapeutiese proses bestaan het, was oor die algemeen irrasioneel van aard.

Volgens al die respondente was hulle laaste terapeutiese ervaring positief en effektief van aard. Huweliksberaad sowel as individuele terapie was vir al die respondente noodsaaklik, asook dat 'n terapeut empaties moes wees en dat hulle ervaar dat die terapeut begrip vir hulle toon. Teoretiese kennis oor die onderwerp was ook vir hulle belangrik gewees. Hulle het almal gevoel dat hulle tydens hulle laaste terapeutiese ervarings toegelaat was om teen hulle eie tempo te groei en hulself te ontdek. Barker (1998:89) lê klem op die noodsaaklikheid daarvan dat 'n terapeut met die gesin as geheel werk. Dit verminder 'n gevoel van magteloosheid by gesinslede deurdat hulle mekaar kan ondersteun.

Die belangrikste ontdekings wat die respondente tydens die terapeutiese proses gemaak het, was selfaanvaarding, verminderde aggressie, vermindering van

skuldgevoelens, selfbemagtiging en begrip vir hulle eie gedrag. Hulle het aangedui dat terapie reeds voor huweliksluiting 'n aanvang moet neem en dat die huweliksmaats ook by die helingsproses betrek moet word.

Al die respondenten het aangedui dat hulle baat gevind het by terapie. Die volgende aspekte is uitgelig:

- 'n onafhanklike party luister sonder om te veroordeel
- hulle kon leer om vrede te maak met hulself en hulself leer lief hê
- aggressie het verminder deurdat dit op die verantwoordelike persoon, naamlik die molesteerder, gerig is
- as individue kon hulle sterker en meer selfstandig word
- het ontslae geraak van skuldgevoelens
- kon leer om eie keuses te maak
- geleer om grense te stel en in stand te hou.

Die respondenten het eenparig aanbeveel dat alle persone wat as kinders gemolesteer is, by terapie moet inskakel en dat die huweliksmaats ook daarby ingesluit moet word. Hulle het verder aangedui dat die terapeut 'n spesialis in die veld van seksuele molestering moet wees.

Die navorsers stem saam met die respondenten, asook met Hansen (1991:5-7) dat dit belangrik is vir die huweliksmaats om ook by terapie in te skakel, want soos wat 'n volwasse slagoffer groei in die helingsproses, so verander die dinamika tussen egliede in 'n huweliksverhouding. Wanneer die huweliksmaat nie hierop voorberei is nie, is dit soms moeilik om te weet hoe om die volwasse slagoffer te benader en wil die huweliksmaat dalk steeds die sterker persoon in die verhouding bly wat die volwasse slagoffer versorg.

4.5 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat seksuele molestering as kind steeds 'n invloed het op so 'n persoon se volwasse lewe en veral op 'n huweliksverhouding. Die effek van molestering sluit in aggressie, wantroue, lae selfaanvaarding, skuldgevoelens, 'n

behoefte om in beheer te wees en 'n gebrek aan seksuele belangstelling.

Persone wat as kinders seksueel gemolesteer is, besef soms dat die molestering 'n effek op hulle lewe het, maar die ware impak daarvan besef hulle dikwels eers nadat hulle getroud is. Voor huweliksluiting is dit meestal makliker om te oorleef in 'n seksuele verhouding, omdat volwasse slagoffers voel asof hulle 'n mate van beheer oor die verhouding het. Na huweliksluiting verloor hulle hierdie beheer en word 'n seksuele verhouding 'n plig, asook 'n las in die huweliksverhouding. Hierdie gebrek aan beheer laat 'n persoon dikwels totale belangstelling in seksuele intimiteit verloor. Seksuele gemeenskap laat volwasse slagoffers dikwels vuil voel as gevolg van terugflitse van die molestering. Wanneer kommunikasie tussen huweliksmaats onbevredigend is, is dit onmoontlik om hierdie aspekte aan te spreek en die afstand tussen hulle word net groter. Woede en aggressie is dikwels die gevolg hiervan.

Terapeutiese hulpverlening word sinvol ervaar deurdat die slagoffers hulle eie gedrag verstaan. Die huweliksverhouding kan dus hierdeur slegs verryk word.

In die volgende hoofstuk sal gevolgtrekkings en aanbevelings wat op die uitkomste van hierdie studie gebasbeer is, geformuleer word.

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Seksuele molestering van kinders is tans 'n algemene verskynsel in die gemeenskap en geniet wye mediadekking. Hierdie kinders word egter almal volwassenes wat met die skade van die molestering moet oorleef, ook later in hulle huweliksverhoudings. Praktykervaring en gesprekke met ander professionele persone duï daarop dat huweliksprobleme dikwels gekoppel kan word aan seksuele molestering van een of albei egliese. Terapeute is oor die algemeen bereid en in staat om met kinders te werk wat seksueel gemolesteer is, maar heelwat minder terapeute is sodanig opgelei dat hulle in staat is om met die volwasse slagoffer van molestering en sy of haar huweliksmaat te werk. Dit is die mening van die navorser dat huweliksterapie dikwels gedoen word, maar die invloed wat die seksuele molestering spesifiek op die huwelik het, word as gevolg van onkunde geïgnoreer.

In hierdie studie is die verband tussen seksuele molestering en onbevredigende intimiteitsverhouding binne die huwelik geëksplorieer. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit vir terapeute noodsaaklik is om oor voldoende kennis insake seksuele molestering, asook die effek wat dit op die huweliksverhouding mag uitoefen, te beskik ten einde die verskynsel meer effektief aan te spreek.

'n Intensieve literatuurstudie is gedoen wat as basis vir hierdie studie dien. Onderhoude is gevoer met persone wat as kinders seksueel gemolesteer is ten einde die effek daarvan op hul huwelike te eksplorieer. Die navorser was ook as terapeut by sommige van die respondentē betrokke. Van hierdie respondentē is reeds, as gevolg van die effek van die molestering, deur egskeidings.

Gevolgtrekkings word vervolgens bespreek.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

Vanuit hierdie studie, kan navorser die volgende gevolgtrekkings konstrueer.

5.2.1 LITERATUROORSIG

- Statistiek duï daarop dat seksuele molestering in die gemeenskap toeneem. Weens die toename in seksuele misdrywe teen kinders, het dit noodsaaklik geword dat Wetgewing kinders meer effektief behoort te beskerm en daarom het dit noodsaaklik geword dat die Regskommissie die Wet op Seksuele Misdrywe moet herskryf.
- Dit is duidelik dat seksuele molestering 'n langtermynneffek het op die slagoffers wat daaraan blootgestel is. Alhoewel hierdie effek sekere optredes by meeste slagoffers antisipeer, is dit duidelik dat as gevolg van elke individu se outonomie, hierdie gedrag op verskillende wyses by verskillende persone sal manifesteer. Hierdie optredes kan ook beskou word as oorlewingstrategieë van die slagoffers ten einde die pyn en trauma van die molestering te oorleef.
- Die volwassenes wat as kinders gemolesteer is, moet beskou word as lewende sisteme wat oor bepaalde outonomie beskik. Dit impliseer dat so 'n persoon verandering in sy of haar lewe sal toelaat wanneer emosionele veiligheid ervaar word. So 'n verandering moet dus betekenisvol vir die persoon wees en verligting meebring.
- Die huwelik bestaan uit verskeie komponente, wat onder andere kommunikasievaardighede, konflikhantering en intimiteit insluit. Vir 'n persoon om te oorleef in 'n huweliksverhouding, is dit belangrik om in beheer te wees van al hierdie komponente. Wanneer 'n persoon as kind gemolesteer is, is dit egter moeilik om ander persone te vertrou, wat weer 'n integrale deel van intimiteit vorm. Dit kan dus beteken dat persone wat as kinders gemolesteer is, as gevolg van wantroue dikwels intimiteitsprobleme in 'n huwelik ervaar.

5.2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

- Persone wat as kinders seksueel gemolesteer is, kan dikwels buite die konteks van 'n komende huweliksverhouding 'n gesonde en bestendige verhouding in stand hou wat onder andere ook seksuele intimiteit insluit.
- Nadat persone wat as kinders gemolesteer is in die huwelik tree, verloor hulle kort na hierdie verbintenis belangstelling in seksuele intimiteit as gevolg van die negatiewe assosiasie wat seksuele intimiteit met die molestering vorm. Sommige persone raak gewalg deur seksuele aktiwiteite, aangesien dit terugflitse oor die molestering veroorsaak wat weer opnuut die trauma van die molestering lewend maak. Om met laasgenoemde te oorleef, verkies die slagoffer om eerder seksuele intimiteit te vermy wat weer afstand in die huweliksverhouding tussen die egliese skep. Aangesien dit hoofsaaklik 'n onbewustelike proses is, kan die slagoffer nie sy of haar gedrag verduidelik nie en ervaar die huweliksmaat verwerping.
- Bogenoemde proses bring mee dat die volwasse slagoffer van molestering nie beheer in sy of haar huweliksverhouding ervaar nie en vind verder moeite om persoonlike grense sodanig te skep dat emosionele veiligheid verseker word. In die huwelikskonteks veroorsaak dit dus angs, aangesien 'n persoon nie maklik daaruit kan vlug nie. Dit word weer 'n situasie wat 'n behoeftte aan onvlugting skep, soos die molestering self.
- Die algemeenste gevoelens wat deur volwasse slagoffers in die huwelik ervaar word, sluit aggressie en wantroue in. Die aggressie wat die slagoffer onbewustelik teenoor die molesteerder ervaar, word meestal op die huweliksmaat geprojekteer. Dit gebeur veral wanneer die slagoffer nie die vermoë het om wel met die molestering te deel nie. Omrede die huweliksmaat dus dikwels met die molesteerder vergelyk word, is vertroue as komponent van die huwelik feitlik onmoontlik. Die huweliksmaat sal ten spyte van watter optrede ookal, nie daarin slaag om vertroue daar te stel indien die slagoffer nie

intense terapeutiese behandeling ontvang nie.

- Volwasse slagoffers se gebrek aan seksuele belangstelling, agressie en wantroue lei dikwels tot groot frustrasie vir huweliksmaats. Laasgenoemde gee dikwels aanleiding tot fisiese geweld binne die huweliksverhouding, buite-egtelike verhoudings deur een of albei eglieude, of selfs molestering van 'n kind in die gesinsisteem. Laasgenoemde word 'n wyse om met die emosionele verwerping binne die huweliksverhouding te deel. Die kind word dus 'n plaasvervanger vir die ander huweliksmaat.
- Volgens die empiriese ondersoek, is dit moontlik dat terapeutiese hulpverlening verligting aan hierdie epare kan bied. Dit is egter van uiterste belang dat nie net die slagoffer individuele behandeling ontvang nie, maar ook die huweliksmaat. Sonder laasgenoemde is dit onmoontlik om die epar te ondersteun om 'n sinvolle huweliksverhouding te skep.
- Volwasse persone wat as kinders gemolesteer is, ervaar 'n intense behoefte dat hulle wyse van oorlewing begryp word. Hulle behoort die geleentheid gegun te word om volgens hul eie tempo te groei en verandering deur middel van terapie te ervaar. Bepaalde gedrag wat as oorlewingstrategieë dien, kan slegs laat vaar word indien die slagoffer deur middel van terapie 'n beter alternatief daarvoor kry. In 'n terapeutiese omgewing behoort slagoffers gekoester en met respek hanteer te word – 'n proses wat hulle nie as kinders ervaar het nie. Die volwasse slagoffer behoort te ervaar dat 'n terapeut intens na hom of haar sal luister, onthou wat gesê word, asook hulle spesiaal laat voel. Weens die sensitiewe aard van die inhoud van die molestering, is vertroulikheid en eerlikheid ook belangrike komponente van die verhouding tussen die slagoffer en terapeut. Die terapeutiese milieu behoort sodanige veiligheid en aanvaarding vir die volwassene te skep dat hulle soortgelyke situasies in hulle eie lewens kan toepas. Laasgenoemde sal gepaard gaan met die neem van risiko's waartydens die terapeut volle ondersteuning aan die slagoffer behoort te bied.

- In 'n terapeutiese situasie ontdek die volwasse slagoffer van molestering wyses om weer persoonlike beheer te ervaar en word hulle weer bemagtig om hulle eie besluite te neem. Hulle ontdek hulself as individue en aanvaar dat die molestering op geen gegewe tyd ooit hulle skuld kon gewees het nie. Deur middel van terapeutiese hulp kan die aggressie verwerk word en die volwasse slagoffer kan begin om meer innerlike kalmte te ervaar. Die taak van die terapeut is dus om 'n proses te faciliteer wat dit moontlik maak vir die volwasse slagoffer om te heel van die effek van die molestering. As gevolg van 'n gebrek aan kennis en ervaring van terapeute word die simptome van die molestering dikwels eerste aangespreek en nie die werklike pyn wat die molestering geskep het nie, en word heling beperk.

5.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan gekonstrueer word:

5.3.1 VERDERE NAVORSING

- Professionele persone in die helpende professies behoort toegerus te word met die nodige kennis en vaardighede om persone wat as kinders seksueel gemolesteer is, effektief te help. Verdere navorsing op hierdie gebied moet ook gedoen word.
- Persone wat as kinders seksueel gemolesteer is, het soms 'n oordrewe behoefté om hulle eie kinders te beskerm. Ten spyte daarvan word huis hierdie kinders soms ook gemolesteer. Verdere navorsing is dus noodsaaklik om te bepaal watter faktore laasgenoemde proses aanmoedig en hoe seksuele molestering 'n volwasse slagoffer se ouerskapsvaardighede nadelig beïnvloed.
- Kinders wat in 'n gesin gemolesteer word, word meer dikwels uit die ouers se sorg verwyder en in alternatiewe sorg geplaas. Hierdie kinders se moeders of vaders of beide is dikwels self as kinders seksueel gemolesteer. Die effektiwiteit van hierdie tipe ingryping sonder dat die effektiewe terapie vir die

gesin aangebied word, word gevraagteken. Verdere navorsing in hierdie verband is dus noodsaaklik ten einde meer effektiewe maatskaplike ingryping te bewerkstellig wat in die beste belang van die gesin as geheel sal wees. Die krag en potensiaal van die gesin moet ook in so 'n proses benut word en veranderings behoort nie alleen op die persepsie en besluite van professionele persone te berus nie.

- Die effek wat die aflê van getuienis in 'n hofsaak op die helingsproses van 'n kind wat seksueel gemolesteer is mag hê, behoort verder nagevors te word. Die wenslikheid daarvan of 'n kind in 'n hofsaak behoort te getuig al dan nie, moet meer indringend deur middel van navorsing geëksploréer word. Tans word die regte van die kind in hierdie proses nie ten volle gerespekteer nie.

5.3.2 TERAPEUTIESE BEHANDELING

- Tydens die terapeutiese prosesse word daar dikwels op die simptome van seksuele molestering gekonsentreer en die werklike pyn van die molestering word nie aangespreek nie. Huweliksterapie vind gereeld plaas sonder dat 'n terapeut, as gevolg van onkunde, tot die besef kom dat een of albei partye volwasse slagoffers van seksuele molestering is. Feitlik al die respondenten in hierdie studie het voorheen by terapeutiese hulpverlening ingeskakel en volgens hulle was dit "sinneloos", aangesien hulle aandui dat terapeute meer op die simptome van die molestering gefokus het. Hierdie persone verloor so vertroue in hulpverleners wat weer verder, soos in die geval van die molestering, hulle vertroue in mense skend. Dit maak dit soveel moeiliker vir die slagoffer om 'n volgende keer vir hulp aan te klop. Gespesialiseerde opleiding in hierdie veld is dus noodsaaklik en slegs basiese kennis in terapeutiese vaardighede is dus nie voldoende nie.
- Aangesien meeste gespesialiseerde terapeute in hierdie veld in privaatpraktyke praktiseer en soms onbekostigbaar is vir 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking, beperk dit die hoeveelheid slagoffers wat hulp ontvang vir die pyn van die molestering. Spesialisterapeute behoort verder in alle

bevolkingsgroepe opgelei te word aangesien seksuele molestering in alle kulture voorkom. Die disintegrasie van gesinne as gevolg van molestering kan so beperk word.

5.3.3 OPLEIDING

- Opleiding met betrekking tot seksuele kindermolestering behoort op tersiêrevlak op 'n voorgraadse basis aangebied te word. Die simptome en effek daarvan behoort deel van die opleiding uit te maak ten einde jong maatskaplike werkers sodanig toe te rus dat hulle in die veld die verskynsel sal herken en meer kundig daarmee sal deel.
- Indiensopleiding vir maatskaplike werkers behoort in die vorm van kortkursusse te geskied, sodat werkers op hoogte kan bly van nuwe navorsing en terapeutiese vaardighede ingeoefen kan word. Persone wat by opleiding betrek behoort te word, kan insluit terapeute in helpende professies, regslui, medici, lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en opvoedkundige personeel. Samewerking tussen die verskeie professies behoort aangemoedig en gefasiliteer te word.

BRONNELYS

- Ainscough, C. and Toon, K. 1993. *Help for survivors of child sexual abuse*. London: Sheldon.
- Allan, G. and Crow, G. 2001. *Families, households and society*. New York: Palgrave.
- Arnaldo, C. A. 2001. *Child abuse on the internet: ending the silence*. Paris: UNESCO Publishing.
- Bagley, C. 1997. *Children, sex and social policy: humanistic solutions for problems of child sexual abuse*. Aldershot: Avebury.
- Baker, C. D. 2002. *Female survivors of sexual abuse*. East Sussex: Brunner-Routledge.
- Barker, N. C. 1998. *Child abuse and neglect: An interdisciplinary method of treatment*. Iowa: Kendall/Hunt Publishing Company.
- Bass, E. and Davis, L. 1997. *The courage to heal: a guide for women survivors of child sexual abuse*. London: Vermilion.
- Benokraitis, N. V. 1996. *Marriages and families: changes, choices and constraints*. New Jersey: Prentice Hall.
- Bibby, P. C. 1996. *Organised abuse: the current debate*. Aldershot: Avebury.
- Bird, G. and Melville, K. 1994. *Families and intimate relationships*. U.S.A.: McGraw-Hill, Inc.
- Bradshaw, J. 2000. *Home coming: reclaiming and championing your inner child*. London: Judy Piatkus Ltd.

Briere, J. N. 1992. *Child abuse trauma: theory and treatment of the lasting effects.* U.S.A.: SAGE Publications.

Brothers, B. J. 1991. *Coupling... What makes permanence?* New York: The Haworth Press.

Carter, B. and McGoldrick, M. 1999. *The changing family life cycle: a framework for family therapy.* Boston: Allyn and Bacon.

Cruz, F. G. and Essen, L. 1994. *Adult survivors of childhood emotional, physical, and sexual abuse: Dynamics and treatment* New Jersey: Jason Aronson Inc.

Davies, G. M. and Dagleish, T. 2001. *Recovered memories: seeking the middle ground.* Chichester: John Wiley & Sons, Ltd.

Davis, L. 1991. *Allies in healing: when the person you love was sexually abused as a child.* U.S.A.: Harper Perennial.

Denzin, N.K. and Lincoln, Y.S. 1994. *Qualitative research.* California: Sage.

De Vito, J. A. 1994. *Human communication: the basic course.* New York: Harper Collins.

De Vos, A. S. 1998. *Research at grass roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: J. L. van Schaik Publishers.

De Wet, J. C. en Swanepoel, H. L. 1985. *Strafreg.* Durban: Butterworths.

Diagnostic and Statistical Manual of mental disorders. Fouth Edition. 1997. Washington, D. C.: American Psychiatric Association.

Dinsmore, C. 1991. *From surviving to thriving: incest, feminism, and recovery.*

New York: State University of New York Press.

Dolan, Y. M. 1991. *Resolving sexual abuse: solution-focused therapy and Ericksonian hypnosis for adult survivors*. New York: W. W. Norton and Company.

Draft Bill on Sexual Offences Act. July 2003.

Gathia, J. 1999. *Child prostitution in India*. New Delhi: Concept Publishing Company.

Glaser, D. 1993. *Child sexual abuse*. Toronto: University of Toronto Press.

Graber, K. 1991. *Ghosts in the bedroom: a guide for partners of incest survivors*. Florida: Health Communications, Inc.

Hansen, P. A. 1991. *Survivors and Partners: healing the relationships of sexual abuse survivors*. Boulder: Heron Hill.

Hawkins, A. J.; Wardle, L. D. and Coolidge, D. O. 2002. *Revitalizing the institution of marriage for the twenty-first century: An agenda for strengthening marriage*. Westport: Praeger Publishers.

Henslin, J. M. 1992. *Marriage and family in a changing society*. New York: The Free Press.

Hyde, J. S. and DeLamater, J. D. 1997. *Understanding human sexuality*. New York: McGraw-Hill Companies, Inc.

Huysamen, G. K. 1993. *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Pretoria: Sigma.

Joshi, M. D. 1997. *Women and children in prostitution: Human Rights Perspectives (Report of National Workshop)*. New-Delhi: Uppal Publishing House.

- Lauer, R. H. and Lauer, J. C. 1994. *Marriage and family: the quest for intimacy*. Wisconsin: Bronw & Benchmark Publishers.
- Lee, S. A. 1995. *The survivors's guide*. U.S.A.: Sage Publications, Inc.
- Levine, M. 1992. *Helping children: a social history*. Oxford: Oxford Univerity Press.
- Levine, S. B. 1992. *Sexual life: a clinician's guide*. New York: Plenum Press.
- Mackey, R. A. and O'Brien, B. A. 1995. *Lasting marriages: men and women growing together*. London: Praeger Publishers.
- Matthysen, M. E. 1994. *Outonomie as 'n verduidelikende konstruksie van 'n bloedskandegesin: 'n Praktyk illustrasie*. Ongepubliseerde MA verhandeling. Pretoria: UNISA.
- Milton, J. 1999. *The sexual offences Act*. Unisa: EReserves.
- Morin, J. W. and Levenson, J. S. 2002. *The road to freedom*. Oklahoma: Wood 'N' Barnes Publishing & Distribution.
- Odendaal, F. F. en Gouws, R. H. 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- O'Donohue, W. and Geer, J. H. 1992. *The sexual abuse of children: theory and research*. New Jersey: Lawrence Erbaum Assosiates, Inc. Publishers.
- Olson, D. H. and DeFrain, J. 1994. *Marriage and the family: diversity and strengths*. Mountain View: Mayfield Publishing Company.
- Parks, P. 1994. *The counsellor's guide to Parks inner child therapy*. Great

Britain: Souvenir Press (E & A) Ltd.

Pendergrast, M. 1995. *Victims of memory: incest accusations and shattered lives.* U.S.A.: Upper Access, Inc.

Piorkowski, G. K. 1994. *Too close for comfort: exploring the risks of intimacy.* New York: Plenum Press.

Roy, R. and Frankel, H. 1995. *How good is family therapy? A reassessment* Toronto: University of Toront Press Inc.

Salter, A. C. 1995. *Transforming trauma: a guide to understand and treating adult survivors of child sexual abuse.* U.S.A.: SAGE Publications, Inc.

Schwartz-Kenney, B. M.; McCauley, M. and Epstein, M. A. 2001. *Child abuse - a global view.* Westport: Greenwood Press.

Sonkin, D. J. 1998. *Wounded boys, heroic men: a man's guide to recovering from child abuse.* U.S.A.: Adams Media Corporation.

South African Law Commission. 1999. *Discussion Paper on Sexual Offences Act.* Pretoria: South African Law Commission.

South African Law Commission. 2002. *Discussion Paper on Sexual Offences Act.* Pretoria: South African Law Commission.

Spies, G. M. 1996. *Die behandeling van die volwasse persoon wat as kind seksueel gemolesteer is.* Ongepubliseerde Doktorale Tesis. Pretoria: Unisa.

Spies, G. M., Schenk, C. J. and Louw, 1992. Incest: An Eco-systemic approach to counselling. *Social Work Practice - Research - Practitioner* 5(1): 9-13.

Walker, M. 1992. *Surviving secrets.* Great Britain: Open University Press

Wardle, L.D. and Coolidge, D. 2002. *Revitalizing the institution of marriage for the twenty-first century: an agenda for strengthening marriage.* Conncticut: Praeger.

Warren, S. C. 2002. *A construction of family roles by working men who experience depression.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Westerlund, E. 1992. *Women's sexuality after childhood incest* New York: W. W. Norton & Company.

Wet 23 van 1957 (Seksuele Misdrywe).

Whitfield, C. L. 1993. *Boundaries and relationships.* Florida: Health Communications, Inc.